# DIE ZION CHRISTIAN CHURCH -
# 'n RELIGIEUSE BANTOEBEWEGING IN 'n TYD VAN ONTWRIGTING ?

# DIE ZION CHRISTIAN CHURCH -
# 'n RELIGIEUSE BANTOEBEWEGING IN 'n TYD VAN ONTWRIGTING ?

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n gedeelte van die vereistes vir die graad Theologiae Magister aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

M.A. KRUGER.

POTCHEFSTROOM.

Januarie 1971.

Aan Sophië

INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Voorwoord | | |
| Hoofstuk 1 | Inleiding | 1 |
| Hoofstuk 2 | Die geskiedenis en die huidige stand van die Z.C.C. | 9 |
| Hoofstuk 3 | Teologiese beskouinge oor die Z.C.C. | 48 |
| Hoofstuk 4 | Oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.<br>Die menings van verskillende teoloë en volkekundiges | 65 |
| Hoofstuk 5 | Oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.<br>Indeling van die oorsake<br>Onmiddellike ontstaansfaktore | 70 |
| Hoofstuk 6 | Oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.<br>Die voortbestaan van die oue in die nuwe beweging. | 83 |
| Hoofstuk 7 | Oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.<br>Oorsake uit die Christendom | 134 |
| Hoofstuk 8 | Oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.<br>Nie-religieuse oorsake | 150 |
| Hoofstuk 9 | Oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.<br>Pogings tot 'n sinvolle sintese<br>Samevattende konklusie | 158 |
| Hoofstuk 10 | Die taak van die kerk | 168 |
| Bylaag 1 | Konstitusie van die Z.C.C. | 179 |
| Bylaag 2 | Kredensiebrief van die Z.C.C. | 189 |
| Bylaag 3 | Moontlike wysigings aan die konstitusie | 190 |
| Uitgesoekte literatuur | | 193 |

## VOORWOORD

By die aanbieding van hierdie verhandeling as gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Th.M. is ek dankbaar dat die Here nog die geleentheid gegee het om deur studie beter bekwaam gemaak te word vir die taak waartoe Hy geroep het.

Aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek en die biblioteek van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom wil ek opregte dank betuig vir die wyse waarop hulle in die verskaffing van literatuur behulpsaam was.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het ŉ ad hoc-toekenning gemaak wat bygedra het om die koste te dek. Ook hiervoor is ek dankbaar.

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Aranos het my nie alleen geïnspireer tot verdere studie nie, maar dit ook moontlik gemaak dat ek kon begin. Daarvoor my innige dank.

Die bestudering van die byvakke was vir my besonder waardevol. Daarom wil ek ook prof. dr. S. du Toit opreg bedank vir sy leiding in die Ou Testamentiese Openbaringsgeskiedenis. Onder prof. dr. W.J. Snyman kon ek Nuwe Testamentiese Openbaringsgeskiedenis ook as hoofvak aflê. Met dankbaarheid vir hierdie voorreg, vertrou ek dat die invloed van hierdie studie my blywende besit mag wees.

In 1962 was ek die eerste student wat ŉ vierjarige kursus in die Sendingwetenskaplike groep onder prof. Hugo du Plessis vir die graad Th.B. voltooi het. Sedertdien het daar by my nog altyd meer waardering gekom vir die diepte, toewyding, besondere insig en beheersing wat hy op sy vakgebied openbaar. Terwyl die graad afgelê word met Sendingleer as hoofvak, het ek ook nog die voorreg gehad om Sendinggeskiedenis onder sy leiding te bestudeer.

Bewus daarvan dat oor hierdie onderwerp baie goeie kenners van hulle vak reeds verskillende werke gepubliseer het, word dit voltooi met dié gedagte alleen dat dit miskien van geringe waarde mag wees as ŉ studie wat in Afrikaans verskyn en as aansporing mag dien vir die verdere bestudering van die onafhanklike religieuse bewegings in die Republiek van Suid-Afrika en elders in die wêreld.

Swartruggens.
25 Januarie 1971.

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Die Zion Christian Church wat in die tweede dekade van hierdie eeu deur 'n stimulus vanuit die Christian Catholic Apostolic Church in Zion uit die V.S.A. in Noord-Transvaal ontstaan het, het na 'n tyd van stadige ontwikkeling so toegeneem in omvang dat dit nodig geword het dat daar teologies besin moes word oor hierdie beweging. Sundkler het reeds in 1948 aan hulle sowel as aan die hele verskynsel van die separatistiese bewegings aandag gegee.[1] In 1958 verskyn die werk van Schlosser wat in baie meer detail oor dié beweging handel.[2] Ook van die kant van kerke wat sending doen, is daar besin oor hierdie groep. So het die Evangelisch-Lutherische Kirche Transvaals in 1965 aan 'n kommissie opdrag gegee om 'n rapport op te stel oor die Z.C.C.[3] 'n Enkele jaar vroeër het ds. J.A. van Rooy aan die P.U. vir C.H.O. 'n verhandeling oor sinkretisme in Vendaland ingelewer.[4] In hierdie verhandeling is ook baie aandag aan die Z.C.C. gewy. Die Z.C.C. geniet ook in ander geskrifte nog voortdurend aandag as 'n omvangryke en lewenskragtige beweging.

---

1 Sundkler, B.G.M. Bantu prophets in South Africa.
2 Schlosser, Katesa. Eingeborenenkirchen in Süd- und Südwest-Afrika; ihre Geschichte und Sozialstruktur.
3 Häselbarth, H. Die Zion Christian Church in evangelischer Sicht. (In Beyerhaus, P. red. Begegnung mit messianischen Bewegungen in Afrika, p. 11-25.)
4 Van Rooy, J.A. Sinkretisme in Vendaland.

Tog is daar nog meer besinning nodig. In die teologiese geskrifte van die jongste tyd het daar 'n aanmerklike poging gekom om deur te dring tot die dieper agtergronde vir die ontstaan van hierdie tipe bewegings. Hoe is die Christendom deur die Bantoe in Suidelike Afrika ontvang? Watter rol speel die ou gevestigde idees nog in sy geloof en denke? Op hierdie en soortgelyke probleme kan bv. nuwe werke soos die van Tanner nuwe lig werp.[5] Die probleem oor die leemtes in die sending en die Christendom as rede vir die ontstaan, groei en besondere aard van die bewegings geniet ook nog steeds aandag. Verder moet ook nog besin word in hoever hulle die produk is van sintese tussen 'n ou lewe en 'n nuwe lewe. In die literatuur word die verhouding tussen die oue en die nuwe telkens behandel.

Die bewegings moet ook teen die agtergrond van soortgelyke bewegings in die hele wêreld gesien word. Nativistiese bewegings, herlewingsbewegings en messiaanse bewegings is verskynsels wat oor die hele wêreld voorkom en nie net onder die swart volke van Afrika nie.

In Afrika is daar meer as 6,000 van hierdie separatistiese bewegings.[6] In 34 state het dié bewegings meer as sewe miljoen aanhangers.[7] Daar is 'n geweldige toename in die getalle wat by hierdie soort bewegings aansluit. In die Republiek van Suid-Afrika alleen is daar reeds meer as 2,000 van hierdie be-

---

5 Tanner, R.E.S. Transition in African beliefs.
6 Oosthuizen, G.C. Post-Christianity in Africa, p. xi, vgl. Barrett, D.B. Schism and renewal in Africa, p.3.
7 Barrett, D.B. Schism and renewal in Africa, p. 3.

wegings. Hulle volgelinge het toegeneem van 1,593,939, wat 18.6% van die totale Bantoebevolking in 1951 was, tot 2,313,365, wat 21.2% van die totale Bantoebevolking in 1960 was. Ons kan aanneem dat dit in 1970 al ver hoër as die syfer vir 1960 was.[8] Die getalle-aanwas is baie vinniger in dié bewegings as by die kerke.

Dit is nodig om die gemeenskaplike faktore vir die ontstaan en groei van hierdie bewegings aan te wys. Dit is ook nodig om die gemeenskaplike eienskappe uit te wys wat juis die gevolg is van die feit dat hulle dikwels uit dieselfde oorsake ontstaan het.

In 1968 het Barrett 'n nuwe definiëring van terme voorgestel. Terwyl daar oor 'n wye gebied besin word oor bewegings soos die Z.C.C. is dit uiters noodsaaklik dat daar tot eenvormigheid in terminologie gekom sal word, of in elk geval duidelik begryp sal word wat met die terme bedoel word. Terme soos <u>messianisme</u> word dikwels deur skrywers gehanteer sonder definiëring.

Barrett gee die volgende definisies:[9]

1 <u>'n Profetiese beweging</u>: „A prophetic movement is a religious awakening founded and led by the charismatic figure of a prophet or a prophetess, who speaks from within a consciousness of being set apart for some divine purpose, adopts a critical

---

8 Reformed Ecumenical Synod. Acts and reports 1968, p. 172.
9 Barrett, op. cit., p. 47.

stance towards the established order, proclaims a new religious idea or allegiance, and in the process attracts a considerable following."

2 'n Messiaanse beweging: „A messianic movement is one which, centred around a dominant personality, claims for him special powers beyond the prophetic and involving a form of identification with Christ."[10] Barrett voeg by dat hierdie definisie van toepassing is op die toneel in Afrika, maar dat dit verskil van die gangbare gebruik in die godsdiensgeskiedenis. Volgens hierdie gangbare gebruik is messianisme die geloof in die toekomstige advent van 'n wese of wesens wat deur 'n gemeenskap verwag word as die verlosser wat die huidige orde van dinge sal beëindig en wat 'n nuwe bedeling van geregtigheid en geluk sal meebring.

3 'n Chiliastiese beweging: „A millennial movement is one which preaches an imminent millennium, Golden Age or End of the World, involving the overthrow of oppressors from outside Africa, the expulsion or throwing into the sea of the white race, the return or the resurrection of a culture-heroe or of the ancestors bringing unlimited quantities of material goods, the rejuvenation of the old, and often the reversal of colour roles."

4 'n Nativistiese beweging: „A nativistic movement is an organized attempt on the part of a society's members to revive or perpetuate selected aspects of its culture,[11] usually resulting

---

10 Vgl. Hayward, V.E.W. red. African independent church movements, p. 71. Oorgeneem deur Barrett, op. cit. p.47.

11 Linton, R. Nativistic movements. American Anthropologist, XLV, 1 (1943), p. 230. Oorgeneem deur Barrett, op. cit. p. 47.

in a rejection of European culture and a return to the old ways of traditional religion; often allied with it is an immunity cult rendering initiates immune from European assault."

5 'n Sinkretistiese sekte: „A syncretistic movement is one which amalgamates the Christian religion with traditional beliefs and concepts, and often with other non-Christian religious systems such as astrology, to such an extent that the revelation in Jesus Christ, and the Lordship of Christ over all other gods, is obscured, challenged or denied, leaving only an outwardly Christian appearance with a pre-Christian content."[12]

6 'n Anti-toordery beweging: (Witchcraft eradication movement). „A witchcraft eradication movement, often inaccurately called a witchhunt, anti-witchcraft cult or anti-sorcery drive, is one which offers a new medicine or ritual in the attempt to achieve total eradication of witchcraft."

7 'n Herlewingsbeweging: (Revival movement). „A revival movement is any orthodox renewal or awakening of Christian faith within the mission churches, characterized by enthusiasm and a large following, but not issuing immediately in new movements outside those churches. Also in this definition are other related movements of dissidence, protest or reform which remain within the churches, including short-lived protest movements and unsuccessful attempts at secession; and mass movements of various kinds, including people movements following kinship lines and other spontaneous surges into the churches."

---

12 Visser't Hooft, W.A. No other Name, p. 11. Barrett volg die definiëring van Visser't Hooft oor sinkretisme. Lg. stel dat sinkretisme uitgaan van die opvatting dat daar geen unieke openbaring is nie en dat harmonie gebring moet word tussen verskillende godsdienste om een godsdiens vir die wêreld tot stand te bring.

Daar moet by wyse van inleiding ook aandag gegee word aan die klassifisering van die religieuse bewegings. Barrett stel 'n klassifisering voor wat almal onder drie hoofde kan saamvat, nl. ten eerste „revivals, renewals, reform movements or mass movements" d.i. dié wat in die kerke gebly het en wat basies Christelik is; ten tweede „those which are outside the mission churches ... defined as independency"; en ten derde „... all movements which are either specifically non-Christian or cannot properly be called Christian can be termed heterodox movements."[13]

Sundkler het die volgende indeling gegee:[14] Ethiopiese bewegings, d.i. die wat hoofsaaklik op rassegronde weggebreek het van Blanke Sendingkerke of ander Bantoekerke wat van Bantoeleiers weggebreek het nadat lg. van die Blankes weggebreek het. Vervolgens spreek hy van Sioniste as die groepe wat die woorde Sion, Pinkster, Geloof in hulle name dra. Hy noem hierdie groepe Sioniste omdat die volgelinge en leiers self hulle ama-Ziyoni noem. Toe Sundkler oor die tydperk van 1945 tot 1960 sy boek bygewerk het, het hy 'n derde groep bygevoeg, nl. die messiaanse bewegings.[15] Van lg. sê hy dat hulle probeer om die Christelike elemente te verberg in 'n mengsel van voorvaderaanbidding, drome, magie en 'n gemoderniseerde gelukskultus.

H.W. Turner gee 'n indeling in besonderhede.[16] Hy verdeel al die moderne religieuse groepe van Afrika in Neo-paganistiese, Islamietiese, Hebraïstiese en Christelike bewegings. Baie van

---

13 Barrett, op. cit., p. 48.
14 Sundkler, op. cit., p. 53-54.
15 Ibid., p. 302.
16 Turner, H.W. Chart of modern African religious groups. (In Hayward, op. cit., p. 13.)

die Christelike bewegings keer uiteindelik terug na die Neo-paganistiese bewegings. Dit het ook met die Sionistiese groepe gebeur. Die Neo-paganistiese groep kan verdeel word in die twee hoofgroepe van tradisionele bewegings en sinkretistiese bewegings.

Oosthuizen verwerp die indeling van Sundkler en deel dan self soos volg in:[17]

1 Kerke: Sommige van die groepe wat as separatistiese kerke bestempel word, is volgens hom kerke, bv. die African Methodist Episcopal Church, die Bantu Methodist Church of Africa en die Presbyterian Church of Africa.

2 Christelike sektes: Hier onderskei hy dan twee tipes, nl. die Pinkster-tipe en die Adventistiese tipe. Onder die Pinkster-groepe val die klem op die Heilige Gees. Tot die Adventistiese tipes behoort bv. die Sewende Dag Adventiste.

3 Nativistiese bewegings: Hier is ŉ neiging om aspekte van die tradisionele godsdiens terug te kry. Hulle is geïnteresseerd in sekulêre sake, is besig met hierdie wêreld, soek die welsyn van die groep en die gevoel van verbondenheid, selfs met diegene in die bonatuurlike wêreld, is sterk. Hierdie groepe verdeel Oosthuizen dan in herlewingsbewegings, reformatoriese bewegings en vitalistiese bewegings. Elke nativistiese beweging kan dan profeties, messiaans of chiliasties wees.

Die Z.C.C. klassifiseer hy dan as ŉ nativistiese messiaanse beweging.[18]

---

17 Oosthuizen, G.C., op. cit., p. 72-78.
18 Ibid., p. 75.

Hierdie indelings hou almal hoofsaaklik rekening met Afrika. Soortgelyke verskynsels kom egter ook oor die hele wêreld voor. In 'n werk wat onder leiding van W.E. Mühlmann saamgestel is,[19] word 'n beskrywing gegee van chiliastiese en nativistiese bewegings in Brazilië en Paraguay, onder die inboorlinge in Noord-Amerika, in Oos-Equador, die Kongo, Suidelike Afrika, Kenia, die Schouten-eilande, Nu-Guinee, Melanesië, Polinesië, Noordelike Eurasië en ook onder die Islamietiese en Hindoe-volke.

Is daar nou gemeenskaplike faktore wat die bewegings oor die hele wêreld tot stand laat kom en word dit ook weerspieël in die Z.C.C.? Dawson het die opmerking gemaak dat sektes nie as gevolg van teologiese leerverskil bestaan nie, maar as gevolg van 'n ander wyse van lewe.[20] Du Plessis beweer dat baie van die sinkretistiese sektes ook pogings is om die leegte wat ontstaan a.g.v. **ontwrigting,** op te vul.[21] Hierdie en soortgelyke vrae moet ook t.o.v. die Z.C.C. beantwoord word, sodat hierdie beweging deur die Christelike Kerk reg benader kan word. Om 'n poging daartoe aan te wend, sal eers hulle geskiedenis nagegaan word en hulle huidige stand bepaal word. Daarna sal teologiese beskouinge wat reeds oor hulle gegee is en latere ontwikkeling waarna nog nie tevore verwys is nie, bespreek word. Dan sal 'n poging aangewend word om te bepaal of hulle 'n religieuse Bantoebeweging in 'n ontwrigte wêreld is en die redes vir hulle bestaan en die weg van die kerk van Christus met betrekking tot hulle bespreek word.

* * *

---

19 Mühlmann, W.E. e.a. Chiliasmus und Nativismus.

20 Dawson, C. The historic reality of Christian culture, p. 75.

21 Du Plessis, H. Die kerstening van die Bantoe in 'n tyd van sekularisasie en sekularisme. (In Sendingwetenskap vandag: 'n terreinverkenning. Lux Mundi 1, p. 71.)

HOOFSTUK 2

# DIE GESKIEDENIS EN DIE HUIDIGE STAND VAN DIE Z.C.C.

## 1 Die eerste fase van die geskiedenis van die Z.C.C.

Die stigter van die Z.C.C. was Engenas B. Lekganyane. Deur verskeie geskrewe bronne word hy Ignatius genoem, maar die grondwet van die Z.C.C. noem hom Engenas B. Lekganyane.[1] Ook sy volgelinge noem hom Engenas. Die tweede voorletter staan vir Barnabas, 'n naam wat in die familie voorkom en wat ook die naam is van die huidige onmondige hoof van die Z.C.C.

Hy is gebore in 1885 en was 'n kleinseun van 'n beroemde toordokter met die naam van Marobathoto Raphela van die kaptein Mamabolo. Die kaptein het met sy stam oos van Pietersburg in Noord-Transvaal gewoon.[2]

Volgens verskeie bronne was Engenas Lekganyane se eerste verbintenis met 'n Christelike kerk diè aan die Free Church of Scotland.[3] In hierdie kerk is hy kort na die jaar 1900 gedoop. Hy het met die Free Church of Scotland kennis gemaak toe hy na

---

1 Zion Christian Church. Constitution. Voorblad.
2 Häselbarth, op. cit., p. 11.
3 Anon. Mr. Drum visits the "Zion Christian Church". Drum, July 1954, p. 11.
Schlosser, op. cit., p. 184.
Häselbarth, op. cit., p. 11.
Martin, Marie-Louise. The Biblical concept of messianism and messianism in Southern Africa, p. 111.

Johannesburg gegaan het om werk te soek.[4] Voorheen het hy te Zebediela gewerk.

Met sy terugkeer uit Johannesburg het hy onder die invloed gekom van 'n sekere P.L. le Roux wat as sendeling van die Apostoliese Geloofsending onder die Pedivolk gewerk het.[5] Aanvanklik wou Engenas opgelei word as evangelis in die Free Church of Scotland[6] maar nou het hy oorgegaan na die Apostoliese Geloofsending.

Die Christian Catholic Apostolic Church in Zion wat in die V.S.A. ontstaan het, het aan die begin van hierdie eeu deur ernstige krisisse gegaan en het in 1906 'n hoogtepunt in dié probleme beleef. Dit het veroorsaak dat die kerk kort daarna in ses groepe verdeel het. Voordat hierdie skeuring egter plaasgevind het, het hulle sendelinge na Afrika gestuur. In 1904 het Daniël Bryant 27 Bantoes in Johannesburg gedoop.[7] Ook Le Roux het hom by hulle aangesluit.[8] In 1914 het die Apostoliese Geloofsending onder die Pedivolk begin werk.[9] Die Apostoliese Geloofsending was een van die groepe wat uit die Christian Catholic Apostolic Church in Zion hier na vore gekom het.

Schneider sê dat Engenas ook aan die gemeente van die Apostoliese Geloofsending te Serare behoort het.[10] Hierdie getuie-

---

4 Häselbarth, op. cit., p. 11.
5 Schlosser, op. cit., p. 184.
6 Ibid.
7 Martin, op. cit., p. 111.
Schlosser, op. cit., p. 185.
8 Ibid.
Martin, op. cit., p. 111.
9 Schlosser, op. cit., p. 185.
10 Ibid.

nis word ook deur Marie-Louise Martin gegee.[11] Die rol wat Le Roux en die Apostoliese Geloofsending in sy lewe gespeel het, het in 'n groot mate sy verdere godsdienstige rigting beïnvloed. Ongeveer dieselfde tyd wat die Apostoliese Geloofsending onder die Pedivolk begin werk het, is hy deur Le Roux gedoop. In daardie tyd sou hy dan ook die doop met die Heilige Gees ontvang het.[12]

Toe daar nog in dieselfde jaar 1914, wedywering tussen Engenas Lekganyane en die leier van die gemeente te Serare oor die leierskap ontstaan het, het Engenas met 'n aantal aanhangers weggeskeur en, volgens Schlosser, in 1914 die Zion Christian Church gevorm.[13] Dit was bekend dat hy as leier nie onder ander kon dien nie. Martin beweer dat die stigting eers in 1916 sou plaasgevind het.[14] Schlosser beweer ook dat Engenas self 1914 as stigtingsdatum aangegee het in sy eerste aansoek om erkenning by die regering.[15] Die Z.C.C. aanvaar vandag self ook die datum 1914 as stigtingsdatum.

As rede vir die stigting van sy eie kerk het Engenas by aansoek om erkenning deur die staat, aangevoer dat hy meer in ooreenstemming wou kom met die oorspronklike Apostoliese leer as wat dit in die Free Church of Scotland geleer word.[16] Dat hy nie na sy skeuring weg van die Apostoliese Geloofsending af verwys het nie, en dus nie 'n rede gegee het waarom hy van hulle

---

11 Martin, op. cit., p. 111.
12 Drum, op cit., p. 11.
13 Martin, op. cit., p. 111.
Schlosser, op. cit., p. 185.
14 Martin, op. cit., p. 111.
15 Schlosser, op cit., p. 185.
16 Ibid.

af weg is nie, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die Apostoliese Geloofsending toe self nog nie regeringserkenning geniet het nie, dat hy sy groep as die eintlike voortsetting van die Apostoliese Geloofsending beskou het en omdat hy nog in dieselfde jaar van sy wegbreek van die Free Church of Scotland af die Z.C.C. gestig het.

Schneider deel mee dat Engenas Lekganyane hom na die skeuring in Thabakgone in die stamgebied van Mamabolo gaan vestig het.[17] Na die skeuring was hy blykbaar nie 'n leier wat baie volgelinge gehad het nie. Hy het hom dus eers weer by 'n ander splintergroep aangesluit. So kan verstaan word dat Petrus Lekganyane, 'n neef of broer van Engenas, en 'n latere mededeling van die Z.C.C. aan die regering, na 1925 verwys as die stigtingsdatum van die Z.C.C. Op 3 April 1918 is hy getroud met S. Raboliba, die moeder van Edward wat later die groot leier van die Z.C.C. geword het. Engenas was waarskynlik van 1920 tot 1924 in Basoetoland waar hy hom aangesluit het by die Sion Apostoliese Geloofsending, 'n ander groep wat weggebreek het van die Apostoliese Geloofsending. Edward Lion was die biskop van hierdie groep. Na hom het Engenas sy derde seun vernoem.[18]

Al die groepe wat van die Apostoliese Geloofsending weggebreek het, het die wederkoms van Christus spoedig verwag. Dit sou plaasvind op Sion volgens hulle. Daarom het hulle graag hulle hoofsetels <u>Sion</u> genoem en die woord ook in hulle name ingesluit. Dit verklaar ook die naam „Zion Christian Church"

---

17 Martin, op. cit., p. 111. Schneider aangehaal deur Martin.
18 Schlosser, op. cit., p. 185.

en die van hulle hoofkwartier, nl. „Zion City Moria". Verskeie Bybeltekste waarin die woord „Sion" voorkom, is ook só verklaar dat dit vir hulle besondere betekenis gekry het.[19]

Gedurende die tydperk vanaf 1914 tot na die Tweede Wêreldoorlog, het die Z.C.C. geen opsienbarende groeitempo getoon nie.[20] Na 1918 het Engenas as leier egter vinnig opgang gemaak. In 'n rapport oor hom word gemeld dat hy homself toe eers hoofman gemaak het, daarna kaptein, daarna koning en toe selfs God. As gevolg van 'n rusie met Kaptein Athlone Mamabolo oor die oprigting van 'n kerkgebou, het hy na Warmberg weggetrek en in 1942 die plaas gekoop nadat hy toe reeds 'n geruime tyd daar gewoon het. Hier het hy 'n skool tot stand laat kom waar ongeveer honderd kinders onderrig is. Na 1942 het hy nog die plase McLean en Kleinfontein bygekoop. Hy het hom op McLean gaan vestig en daar sy setel, „Zion City Moria", ingerig.

Volgens Hans Häselbarth het Engenas in 1947 gesterf.[21] Schlosser haal een van haar informante aan wat beweer dat dit in 1948 was en sy self meen dat dit in 1949 of 1950 was.[22] In 'n regeringsdokument word dit aangegee as 1 Junie 1948. Dit is waarskynlik korrek.

---

19 Schlosser, op. cit., p. 186.
20 Häselbarth, op. cit., p. 11.
21 Ibid.
22 Schlosser, op. cit., p. 182.

## 2 Die tweede fase

Na die dood van Engenas het daar verskeie probleme in verband met die opvolging gekom. Uit alles het egter duidelik geblyk dat die toekomstige hoof van die kerk op geen ander wyse in sy vader se pos sou kom nie as op die tradisionele wyse van opvolging van 'n vader deur sy seun. Nooit was daar enige sprake dat die hoof op 'n ander wyse gekies sou word nie, deur bv. die lidmate of 'n kollege van die kerk, hoewel die konstitusie bepaal dat die jaarvergadering hom jaarliks moet aanwys.

Met sekerheid kan gesê word dat Engenas ten minste drie seuns gehad het, nl. Barnabas, Edward en Joseph. Hierdie name word deur byna al die bronne genoem en aldrie het ook die posisie van leiers beklee of beklee dit nog. Hulle word ook deur die huidige baruti, d.i. die plaaslike predikante en evangeliste, en lede van die Z.C.C. genoem as seuns van Engenas. Van die drie was Barnabas die oudste, en hy is dus as eerste opvolger deur sy vader benoem. Slegs sewe maande na sy vader se dood het hy egter ook gesterf.[23]

Edward was vroeër in 'n twis met sy vader betrokke en het toe die huis verlaat en na Natal gegaan[24] waar hy 'n geruime tyd in Durban gewerk het. Waarskynlik as gevolg van hierdie optrede van sy seun Edward het Engenas vir Joseph, wat jonger was, as leier aangewys indien iemand spoedig Barnabas sou moes opvolg.

---

23 Drum, op. cit., p. 11.
24 Schlosser, op. cit., p. 182.

By die dood van Barnabas het Edward teruggekeer en wou hy die leierskap oorneem. Tweedrag het toe ontstaan en die gevolg was dat die kerk geskeur het.

David Molefe, 'n ouer moruti van die Z.C.C. en vroeëre motorbestuurder van Engenas, beweer dat Engenas die opvolging nie by name nie, maar by wyse van profesie bepaal het. Twee dinge sou die ware leier volgens hierdie profesie kenmerk: Hy sou met 'n kortbroek verskyn en hy sou nie deur almal gevolg word nie. Op grond hiervan het Molefe self 'n volgeling van Edward geword.[25]

Edward het hom ongeveer 1.5 km.vanaf Joseph, aan die voet van dieselfde rant, gaan vestig. Die lidmate van die Z.C.C. uit die stedelike gebiede het merendeels vir Edward gevolg, terwyl die van die platteland naby Pietersburg weer vir Joseph gevolg het. Vandag is Edward se volgelinge versprei oor die hele Transvaal en tot in Malawi, Rhodesië, Botswana, Lesotho, Suidwes-Afrika, Mosambiek en ook in Natal, die Oranje Vrystaat en Kaapland.

Die groep van Joseph beweer dat hulle ook volgelinge in dieselfde streke as die groep van Edward het. Hoewel dit nie betwyfel kan word nie, is hulle tog baie minder talryk as die aanhangers van Edward.

Die twee groepe word deur twee kentekens onderskei. Die groep van Edward dra 'n silwer ster met die letters ZCC daarop. Hierdie silwer ster is op 'n donkergroen bandjie van ongeveer 4

---

25 Schlosser, op. cit., p. 188.

by 8 cm. wat op 'n swart band wat effens groter is, vasgewerk is. Die volgelinge van Joseph dra op dieselfde grootte en kleur bandjie 'n metaalkenteken met 'n duif daarop. Vroeër was die bandjie pienk. Die draers van die kenteken met die duif word baie minder as die draers van die ster in die dele wat ver van Pietersburg geleë is, gesien.

'n Ander klein splintergroep het waarskynlik ongeveer dieselfde tyd ontstaan. Ook hier is 'n familielid van Engenas die leier. Hy is Petrus Lekganyane, wat reeds tevore genoem is. Hy en sy groep het feitlik geen besittings nie en sy gevolg is baie klein. Petrus is 'n broer of neef van Engenas.[26]

Schlosser maak melding van 'n ander seun van Engenas wat die oudste sou gewees het.[27] Ook „Drum" skryf van vier seuns, maar noem nie die naam van die vierde nie.[28] Volgens Schlosser was die naam van die eerste seun Jesus. Engenas sou homself as God beskou het en het daarom sy oudste seun Jesus genoem. So vas het hy geglo dat hy God is, dat hy tydens 'n fees sy seun, Jesus, om die lewe gebring het en ook geglo het dat hy sal opstaan. Na drie dae moes die seun opstaan, maar toe dit nie gebeur nie, is die tydperk verleng tot drie weke, toe tot drie maande, daarna tot drie jaar en uiteindelik het alles in die vergetelheid geraak.

By navraag by al die baruti in Atteridgeville en ook by die hoofsekretaris van Joseph Lekganyane skyn dit asof hulle niks weet van 'n seun met diè naam nie. Hulle gee egter toe dat daar

---

26 Schlosser, op. cit., p. 189.
27 Ibid., p. 186-187.
28 Drum, op. cit., p. 11.

'n vierde seun kon gewees het wat baie jonk oorlede is. Van die ander gebeure weet hulle niks nie. Aangesien die getuienis van Schlosser op hierdie punt baie swak voorkom en sy self ook teenoorgestelde menings noem, moet waarskynlik aangeneem word dat daar wel so 'n seun was, maar dat hy jonk op 'n natuurlike wyse oorlede is. Wat waarskynlik verder waar is in dié vertelling is dat Engenas bevel gegee het dat gebid moet word dat sy seun weer lewend sou word. David Molefe onderskryf lg. stelling.

In Botswana het die Z.C.C. te Mochudi onder 'n sekere Motsisi Ralefala in 1936 begin. Na sy dood was die leiers Kgetse Dintwe en Bogatsu Dintwe. In 1949 het hierdie twee vertrek en met ongeveer 200 volgelinge hulle gaan vestig by Metsi-Motlhaba. Hiervandaan is hulle na Gaberone en weer later na Hildavale waar hulle vir 'n tyd op die plaas van Mnr. J.J. Vermeulen gebly het. Hiervandaan het hulle na Lentswe-le-Moriti in die Tuli-blok getrek - nog steeds onder hierdie twee leiers. Baie van hulle is vandag nog in die gebied.[29] In Botswana was sprake van die „Zion African Church".[30] Dis nie duidelik of hulle ook inderdaad volgelinge van die Lekganyanes was nie.

Daar kan aangeneem word dat Edward Lekganyane ongeveer teen die einde van 1949 die leierskap oorgeneem het. As religieuse leier het hy geen ervaring gehad nie. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat hy spoedig die grootste gevolg gehad het. Die profesieë van sy vader i.v.m. wie die opvolger sou wees, was miskien wyd bekend, hy het 'n imponerende gestalte gehad, hy het meer ervaring gehad en was meer bekend by die Bantoes in die stedelike gebiede. Verder was hy ouer as Joseph.

---

29 Mededeling ds. A.T. Barry.
30 Maree, W.L. Uit duisternis geroep, p. 213.

Die stedelike Bantoes wat hom ondersteun het, was ook ryker en kon sy glorie gouer laat skitter. Sowel hy as Joseph het volgens Schlosser op skool net tot standerd 1 geleer. Schlosser maak egter melding van 'n regeringsmededeling dat hulle tot standerd 5 sou geleer het.[31] 'n Feit is dat Edward tydens sy afwesigheid meer kennis en ondervinding sou opgedoen het as sy broer wat tuis gebly het.

Volgens Schlosser[32] en 'n artikel in „Drum"[33] het Joseph op die ou plek waar Engenas gewoon het, bly voortgaan, terwyl Edward hom daar naby gaan vestig het. Die graf van Engenas is dan ook nog naby die hoofsetel van Joseph. Häselbarth beweer egter dat Edward op die ou plek bly voortgaan het en dat Joseph meer na die suide beweeg het.[34] Häselbarth is waarskynlik verkeerd i.v.m. die ligging. Hulle wys nie maklik aan besoekers die terrein nie, en dit kon nie vasgestel word waar die graf presies is nie.

Albei groot groepe wil nog 'n voortsetting wees van die oorspronklike Z.C.C. wat deur Engenas gestig is. Albei groepe aanvaar ook nog die oorspronklike grondwet. Alle eenheid is egter verbreek. Die groep van Barnabas, die huidige onmondige opvolger van Edward, het 'n meerderwaardige houding teenoor die groep van Joseph. Joseph het by een geleentheid selfs sy Septemberfees 'n week na dié van Edward gereël.[35] In stryd met wat Häselbarth beweer, nl. dat by die feeste nog 'n mate van eenheid tot openbaring kom,[36] skyn dit eerder asof die enigste

31 Schlosser, op cit., p. 184.
32 Ibid., p.190.
33 <u>Drum</u>, op. cit., p. 12.
34 Häselbarth, op. cit., p. 11.
35 Schlosser, op. cit., p. 189.
36 Häselbarth, op. cit., p. 11.

verbintenis nog geleë is in die gemeenskaplike erfenis. In 1965 het die groep van Edward pogings begin aanwend om dié van Joseph te verbied om die naam Zion Christian Church te gebruik, omdat dit ook ten opsigte van die possake baie verwarrend is. Die regering het dit as beleid aanvaar om nie in te meng nie en die poging het tot dusver nie geslaag nie.

Tot 1963 het verder niks opsienbarends gebeur met die twee groepe nie. Häselbarth berig dat die getalle van Joseph vinnig gestyg het weens sy beroemdheid as geneser.[37] Die getalle van Edward het egter nog vinniger gestyg. Engenas het in 1925 926 volgelinge gehad, sommige toe reeds sover as in Rhodesië. Teen 1942 was dit reeds 27,000 mense wat op 55 plekke in die land gewoon het. Toe hy sterf, het die Z.C.C. reeds oor die hele Republiek van Suid-Afrika lidmate gehad.[38] Binne vyf jaar nadat Edward leier geword het, het hy die Z.C.C. gelei tot een van die rykste kerke in Suid-Afrika.[39] In 1954 berig „Drum" dat Edward reeds 30,000 volgelinge het wat uit alle lae van die Bantoebevolking kom.[40] Dit is 'n merkwaardige styging as in ag geneem word dat die beweging na die dood van Engenas geskeur het en 'n groot deel van die lidmate hulle by Joseph gevoeg het. Die regeringskatting van die getalle was nog baie hoër as bogenoemde getalle.[41]

'n Ander kenmerk van hierdie tyd was ook dat die Woord op die agtergrond gebly het en selfs meer op die agtergrond geraak

---

37 Häselbarth, op. cit., p. 11.
38 Drum, op. cit., p. 11.
39 Ibid., p. 12.
40 Ibid., p. 13.
41 Schlosser, op. cit., p. 188.

het. Hierteenoor het die klem op die skouspelagtige, die genesings en die spreek in tale geval.

„The Bantu world" gee 'n beeld van die vlak van bygeloof in hierdie fase waar dit meedeel in 'n berig in 1958 hoedat Edward gesê het dat wie met geloof en ootmoed die bodem van Zion City Moria betree, reeds genees word nog voordat daar vir hulle hande opgelê word. Toe het hy ook geroem op die feit dat hulle geen hulp van buite nodig het nie. Hy het by dieselfde geleentheid ook beweer dát hý alleen koning van Sion is en dat die Here Sion verkies het. Duidelik skemer deur uit die berig dat hy verwag die Here sal te Zion City Moria besondere seën gee. By hierdie geleentheid het hy gelees uit Ps. 132:11-18. Dit is tiperend vir dié fase.[42]

Dat hierdie houding waarskynlik nog voortgeduur het tot kort na sy toelating tot die Stofberg Teologiese Skool in 1963 is duidelik, want in Maart 1964 lees hy nog weer by die besoek van hoë regeringsamptenare uit Ps. 102:12-22. In Ps. 132 en 102 is duidelik van sentrale belang vir hulle dat gesê word dat die Here Sion opgebou het, Hom oor Sion ontferm het en dat Hy Sion verkies het. Edward het volgens die berig in „The Bantu world" gesê dis nie snaaks dat so baie mense na die feeste kom nie, want in die Bybel staan: „Die Here het Jerusalem uitverkies." Dáár te Zion City Moria kan genesing verkry word. In hierdie berig word ook al vermeld dat hy deur handoplegging genees het „en op ander maniere."[43]

---

42 Anon. Mokete o mogolo Zion City Moria. The Bantu world.
43 Ibid.

In ongeveer die eerste 15 jaar nadat Edward biskop geword het, het hy 'n baie verhewe opvatting van sy kerk gehad. Dit kenmerk die tweede fase - 'n fase van groot verval. Hy het in 1954, terwyl hy daarop aanspraak gemaak het dat hy deur aanraking en selfs indirek kan genees, dat hy reën laat kom, ens., gesê dat die Z.C.C. die enigste ware kerk is en dat Sion eenmaal sal triomfeer en alle nasies voor hom sal neerbuig.[44] Uit persberigte blyk dat hý as die stem van Sion geag is, want by die woorde „Sion sê" kom in hakies E.E.L. - Edward E. Lekganyane.[45] So sal die neerbuiging ook voor hóm wees.

Die leier dra die titel van biskop of superintendent. Die verering van die volgelinge vir die leier laat hulle egter soms kom tot 'n betiteling wat dieselfde eerbetoon kan meebring as aan God.

„They call him Chief, Kgosi, Superintendent, Bishop, Mookamedi and even God. Whenever he approaches all men remove their black uniform caps and look down while the women raise their voices in rejoice, shouting loud his praises as the true saviour."[46]

Schlosser sê ook dat Edward Lekganyane nie alleen <u>soos</u> God vereer is nie, maar <u>as</u> God.[47] Edward en ook die ander leiers het egter hierdie tipe van verering afgewys. Dit is nie so dat wanneer hy God genoem word daar altyd die gedagte van identifikasie met God is nie. Dit is soms slegs bewys van

---

44 <u>Drum</u>, op. cit., p. 13.
45 The <u>Bantu world</u>, op. cit.
46 Drum, op. cit., p. 12.
47 Schlosser, op. cit., p. 187.

besondere eerbetoon. Schlosser berig ook dat sy gehoor het dat jong Bantoemeisies tydens 'n toer van Edward uitgeroep het dat hy hulle Here en God is.[48]

In sy normale verkeer word hy as gewone mens behandel, al het hy ook krag om te genees, ens. Histerie, ekstase en heldeverering maak egter by tye dat hy as meer as 'n mens geag word. Die baruti sien hom as 'n gewone mens.

## 3 Die derde fase

Die eerste belangrike gebeurtenis na die skeuring is die toelating van Edward Lekganyane tot die Stofberg Teologiese Skool in 1963.[49] Edward was toe reeds oor die 40 jaar oud - 43, indien die ouderdom wat „Drum" aangee vir 1954, korrek is.[50] Teen hierdie tyd het die groep van Joseph ook reeds ver in die skadu te staan gekom. Edward Lekganyane het toe ingeskryf vir 'n driejarige kursus wat vir die opleiding van evangeliste aangebied word. Daar word met lof gepraat oor die toegewydheid en die standaard van werk wat hy gelewer het. Hy het bo die gemiddelde van die skool gepresteer. Later was hy minder gereeld, maar ook sieklik. Hierdie opleiding is die vernaamste vorming wat ooit aan 'n leier van die Z.C.C. deur 'n erkende kerk gegee is. Dit was nie net die enigste sedert Engenas weggebreek het van die Apostoliese Geloofsending nie, maar het ook uitgegaan ver bo wat van Le Roux ontvang is.

---

48 Schlosser, op. cit., p. 203.
49 Häselbarth, op. cit., p. 12.
50 Drum, op. cit., p. 13.

Die omvang van die komitee se aktiwiteite word daaruit bewys dat die vyf lede van die hoofraad teen die einde van 1970 reise van drie maande deur die hele gebied waar hulle lidmate woon, onderneem het. Een is na Malawi en Rhodesië, een na Botswana, een na Lesotho, een na Swaziland en een na Kaapland en die Transkei. Verder was daar 'n ander deputasie in November 1970 op reis om gemeentes in die Bantoegebiede van Pretoria en Johannesburg te besoek. Die reise word met tweeërlei doel onderneem, nl. ter wille van organisatoriese aangeleenthede en ook met propaganda-doelstellings.

Volgens Martin het die Z.C.C. in 1964 'n lidmatetal van tussen 50,000 en 80,000 gehad.[51] Akkurate syfers is nie beskikbaar nie. In 1970 skryf Erasmus dat hulle nog 'n sterk ywer en uitbreidingsdrang openbaar. Wat hy egter van die wisseling in 'n bepaalde Tswana gemeenskap sê,[52] moet waarskynlik nie as 'n algemene verskynsel beskou word nie. Trouens, die teendeel blyk op verskeie plekke waar te wee. Daar is gestadige toename, maar byna nooit getuienis van wegbreek nie.

## 4 Die hoofsetel

Sedert die stigting van die Z.C.C. het dit verskeie plekke as hoofsetel gehad. Aanvanklik was dit Thabakgone in die stamgebied van Mamabolo. Toe Engenas in 1930 sy eerste kerkgebou wou oprig, het daar onenigheid gekom met die kaptein. Die gevolg was dat hy na 'n ander plek verskuif het, nl. Chuene's Poort (Warmberg).[53] Die klimaat was nie hier gunstig nie en hulle het in 1942 die plaas McLean van 'n Blanke gekoop waarop

51 **Martin**, op. cit., p. 134. Vgl. Schlosser in Benz, op. cit.p.29.
52 Erasmus, O.C.O. Die godsdienstige begrip en uitlewing in 'n Tswanagemeenskap, p. 250-251.
53 Drum, op. cit., p. 11.

die nedersettings van albei vandag nog is. Destyds was hulle al so talryk dat 'n paar duisend pond vir die plaas kontant betaal kon word. Na die skeuring is die grond tussen die twee groepe verdeel. „Drum" berig dat die grond as persoonlike besitting aan Engenas geskenk is aangesien hulle geglo het dat hy altyd sal bly lewe.[54] Sowel die lidmate van die kerk as die baruti sê egter dat dit nie die persoonlike besitting van die leiers is nie, maar die eiendom van die kerk as geheel.

Op 'n dubbele wyse herinner die naam van die hoofsetel van die hoofgroep vandag nog aan Jerusalem, want dit is „Zion City Moria". Sowel „Zion" as „Moria" voer die gedagtes na Jerusalem.

Dit is ongeveer 40 km. oos van Pietersburg geleë. Die nabygeleë poskantoor is Boyne. Dit lê langs die hoofpad van Pietersburg na Tzaneen, net suid, aan die kant van 'n rantereeks. Op reis vanaf Pietersburg na Tzaneen draai 'n mens regs af en ry deur 'n sandriviertjie wat in die droë seisoen staan. Daar is geperforeerde konkas in die sand ingelaat en hierin syfer water wat as drinkwater gebruik word. Hier word nuwe lidmate ook gedoop. Anderkant die riviertjie draai die pad links en kom dan by die hoofingang.

Hier moet alle voertuie stilhou. Blanke besoekers wat verder wil gaan, word vergesel deur 'n wag terwyl 'n ander wag sy plek inneem. Nie-blankes wat deur die hek ingaan, word eers vinnig op die sakke deurgevoel om vas te stel of hulle nie wapens, rookgoed, drank, toorgoed of medisyne by hulle het nie. Terwyl hulle deurgevoel word, moet die arms omhoog gehou word.

---

54 Drum, op. cit., p.12.

Dit is opmerklik vir persone wat noue kontak met hulle hoofraad het, dat daar vandag 'n neiging is om van die opsienbarende en skouspelagtige meer terug te beweeg na die Woord. Hulle doen ook meer aan Bybelverspreiding as vroeër. Miskien hou dit direk verband met die opleiding wat die geliefde leier van die Z.C.C. ontvang het. Dat dit wel dié invloed kon uitoefen, kan aanvaar word uit die feit dat hierdie opleiding met die stilswyende goedkeuring van 'n groot deel van die groep plaasgevind het. Daar was egter ook ontevredenheid van lidmate wat toe na Joseph oorgegaan het.

In die lig van die feit dat die Z.C.C. slegs 'n grondwet en geen belydenisskrifte het nie, kan dit nie anders as dat hierdie onderrig 'n groot invloed sou uitoefen op Edward nie. Die natuurlike sou wees dat hy hieruit baie sou neem as riglyn al sou hy ook probeer om sy kerk se selfstandigheid te handhaaf. Te meer sou dit so wees omdat hy tevore geen godsdienstige opleiding ontvang het nie. Hy het ook hierdie tekortkoming teenoor een van sy leermeesters persoonlik uitgespreek. Die enigste onderrig wat hy tevore in godsdienstige sake gehad het, was wat hy as kind onder sy vader Engenas ontvang het. Hy wou graag reformeer, maar die raad moes alles goedkeur. Hy het persoonlik aan dr. J.A. Van Wyk van die Stofberg Teologiese Skool gesê dat hy meer die beeld van 'n Christelike kerk in die Z.C.C. wou hê.

Aan die ander kant het die Z.C.C. al teen daardie tyd so 'n bepaalde tradisionele vorm aangeneem dat Edward feitlik 'n gevangene van hierdie tradisie was. Hy sou nie ernstig kon reformeer sonder om die risiko te loop dat hy van sy aanhang sou verloor of skeuring kon verwek in sy geledere nie. Een

van die laaste kere toe iemand, 'n vrou, deur die „Gees aangegryp" gespreek het, het sy juis gesê dat die Z.C.C. nie meer dieselfde is as tevore nie. Sy het waarskynlik bedoel dat die spreek in tale en ander opsienbarende dinge op die agtergrond begin raak het. Die baruti spreek ook nie meer graag oor die stukkies papier wat helingskrag sou besit na die aanraking van die leier nie, hoewel hulle nog openlik oor die helende water spreek. Dit is vasgestel in gesprekke op verskillende plekke.

Dit was dus uiters moeilik vir Edward om veranderings in te voer, al sou hy van die Skrifwaarhede oortuig gewees het, want die kerkvolk het vasgesit in 'n reeds **vasgewortelde tradisie.** Indien hy nie so spoedig na hierdie opleiding oorlede is nie, sou daar miskien nog meer invloed van hom uitgegaan het.

Edward is in 1967 oorlede. Sy opvolger is Barnabas Lekganyane, sy onmondige seun. Hy was nog maar 'n seun van ongeveer 14 jaar toe sy vader oorlede is. Barnabas is biskop en word as leier vereer, maar verskyn byna nooit in die openbaar nie. By die feeste stuur hy gereeld 'n boodskap wat tot gehoorsaamheid aan kerk en kapteins en owerhede oproep en wat die bede van seën vir die jaar inhou.

Daar was aanvanklik na die dood van Edward 'n poging deur 'n sekere Jack Mokgale om die familie uit te skakel. Hy is egter afgesit en Walter Letsoalo, as superintendent, tree nou saam met nog vier ander hooflede op as hoogste gesag. Hy is 'n oom van Barnabas. Die vier ander lede is Moses Letsoalo, 'n ander oom van Barnabas, Lucas Morake, Alfred Kgapola en Johannes Matjuda (ook gespel Majuda), die sekretaris. Hierdie komitee reël nou al die sake van die Z.C.C.

Die besoekers word dan by die ou en nuwe skool verby geneem tot by die plek waar die dienste gehou word en waar die winkel en kantore is. Ongeveer 100 m. verder is die huis van die leier. Naby die kerkgebou is daar die „heilige" boom waar die genesings gewoonlik plaasvind.[55] Die boom word nie as heilig beskou nie, maar is die plek waar die genesings gewoonlik plaasvind en daarom is daar miskien besondere sentimentele gedagtes verbonde aan die boom vir baie en word dit die „heilige" boom genoem.

In die winkel word al die klere verkoop wat deur die lidmate op die feeste gedra word. Ook die kentekens, pette en ander voorwerpe met die sterembleem moet hier gekoop word. Hier word alles eers deur die biskop geseën.[56]

Schlosser en „Drum" skryf oor die voertuie wat die biskop besit. Lg. berig in 1954 dat Edward twee Cadillacs, 'n Buick, 'n Chevrolet en verskillende vragmotors het.[57] In 1963 is 'n woonwa van R14,000 bygevoeg en met groot trots aan regeringsamptenare gewys. By navraag blyk egter dat dit nie die leier se persoonlike eiendom is nie, maar ook aan die kerk as geheel behoort.

Hier in die nedersetting en soms op sy reise het die orkes van Edward hom vergesel. Hy self het in 'n deftige uniform verskyn met die staf van 'n tamboer-majoor. Sy pet was wit aan die bokant terwyl die van die ander swart bo is.

---

55 Schlosser, op. cit., p. 191.
56 <u>Drum</u>, op. cit., p. 12.
57 Ibid.

Tot 1962 is die dienste gehou op 'n oop, reghoekige terrein wat met riete omhein was. In 1962 is die kerkgebou egter voltooi. Dit bied sitplek vir 1,000 mense en buite kan die skare wat vergader is die verrigtinge volg oor luidsprekers wat permanent op die terrein aangebring is.

Die gemeentes het nou blykbaar ook begin om kerkgeboue op te rig. In Atteridgeville nader een voltooiing. Dit vertoon ooreenkoms in vorm met die gebou by die hoofsetel. Ook in Mamelodi is 'n gebou pas voltooi. Nog aansoeke word uit die groter sentra ontvang om kerkgeboue op te rig, o.a. onlangs ook uit Port Elizabeth.

Joseph het ook begin om 'n kerkgebou op te rig. Dit vertoon 'n heel ander styl as die eenvoudiger gebou wat in die Zion City Moria opgerig is.

## 5 Die organisasie

Dit is nie moontlik vir iemand om sommer met die leier 'n afspraak te kry nie. Daar is baie tussengangers, en gewoonlik moet 'n mens tevrede wees as net een van hulle jou kan te woord staan. Selfs al staan die biskop jou te woord, praat jy nie direk met hom nie - alles geskied deur 'n tussenganger. Die huidige jong leier word in die mate deur die komitee of raad beskerm, dat niemand toegelaat word om hom te gaan spreek nie. Hy verskyn net by wyse van hoë uitsondering op die feeste. Edward was op die feeste altyd die sentrale figuur.

Besonderhede in verband met die Z.C.C. word nie gegee sonder die toestemming van die biskop of die biskop met sy raad, of deesdae die superintendent en raad nie. Selfs so 'n eenvoudige saak soos die binnegaan van die kerkgebou kan nie geskied sonder hulle toestemming nie. Die hoofde van die Z.C.C. verbied ook die plaaslike leiers om inligting vry te stel sonder die toestemming vanaf die hoofsetel. Die hele beweging word beskou as „sepiri", d.i. geheim.[58] Wanneer besoekers teenwoordig is, word in plaaslike gemeentes net aangebied wat reeds bekend is. Die res word afgehandel na hulle vertrek. Wegbreek van die beweging word gedemp deur vreesinboeseming soos bv. dat die persoon sal sterf of mal word. Selfs te Moria word besoekers nie by alles toegelaat nie.

Hulle laat egter soms buitestaanders, ook Blankes, toe by dele van hulle feeste. Daar moet egter op 'n ordelike wyse toestemming daartoe verkry word. Personeel by die Stofberg Teologiese Skool by Sovenga het 'n goeie verstandhouding met hulle opgebou en woon dikwels hulle dienste by. Dr. Van Wyk van daardie inrigting kan dikwels gesprekke voer met lede van die hoofraad. Ander Blankes word nie maklik toegelaat nie.

Die optrede van die beamptes is met kalmte en waardigheid. Hulle is beslis ten opsigte van hulle bepalinge sonder om onvriendelik te wees of te veel daaroor te spreek. Dit is duidelik dat hulle gesteld is op 'n behandeling met respek, en wie dan ook met 'n meerderwaardige houding sou wou indring in die dinge wat vir hulle van hoë waarde is, sal met 'n geslotenheid te make kry wat nie sal verander nie.

---

58 Vgl. Erasmus, op. cit., p. 102.

Van hulle sin vir orde en dissipline word met lof gespreek.[59] Die groot skare het tydens die fees van Maart 1970 onder geweldige provokasie van 'n verkeersbeampte wat onbewus hulle reëls oortree het en met sy voertuig met 'n loeiende sirene na die biskop se huis gery het, tog nie tot geweld oorgegaan nie. Dit was egter waarskynlik vir die eerste keer in die geskiedenis dat so 'n kritieke situasie ontstaan het waarin slegs die onmondige Barnabas se verskyning kon bewerk dat hulle die beampte weer vrygestel het. Hulle is jaloers op hulle selfstandigheid en die seggenskap wat hulle op hulle eie terrein het.

Ten opsigte van die pers is hulle afwysend ingestel, maar sedert ongeveer 1963 word daar ter wille van propagandistiese doeleindes daarvan gebruik gemaak.

Volgens die huidige praktyk en volgens die literatuur oor die Z.C.C. skyn dit of die organisasie soos volg is:

An die hoof staan die biskop. Hy word ook superintendent genoem. Onder hom is daar die komitee of raad waarin Walter Letsoalo as superintendent tans 'n besondere plek beklee. Walter Letsoalo word superintendent genoem, maar nie biskop nie. Vir die huidige het die komitee eintlik al die gesag in hande, aangesien Barnabas nog nie mondig is nie.

Die biskop moet die baruti aanstel. Die baruti van Atteridgeville sê dat sedert die dood van Edward nog geen nuwe baruti aangestel is nie. In die plaaslike gemeentes is daar

59 Martin, op. cit., p. 131 en 133.

meer as een moruti. Uit hulle kies die gemeente 'n hoofmoruti. As hulle met hom tevrede is, kan hy weer herkies word na 'n termyn van ongeveer vier jaar. Hulle word nie betaal vir hulle werk nie, maar staan in hulle gewone beroepe. Elke plaaslike gemeente het verder 'n sekretaris-sentmeester wie se verantwoordelikheid dit is om die geldsake te reël en die gelde wat na die hoofkwartier moet gaan, aan te stuur. Die baruti het volgens eie getuienis geen ander taak as om die Woord te bedien en siekes te genees nie. Schlosser onderskei tussen „ministers" en „local preachers".[60] Dit is waarskynlik dieselfde onderskeid as tussen hoofbaruti en ander baruti of, anders gestel, predikante en evangeliste. Húlle noem egter almal wat met die woord leer, baruti. Die sekretaris van Joseph Lekganyane sê dat die vereistes wat gestel word vir 'n moruti net is dat hy die doopsformule moet kan uitspreek. Hiermee word bedoel die gewone doopsformule uit Mat. 28:19.

Wanneer die Z.C.C. gesien word as méér as 'n godsdienstige beweging wat sy organisasie betref, kan daar onderskeid gemaak word tussen ampte wat met die geestelike te doen het en aan die anderkant poste wat ter wille van 'n soort politieke organisasie bestaan.

Baie krag en beplanning in die Z.C.C. word gestuur in „politieke" en huishoudelik-organisatoriese rigting. So dra dit by tot die uitbreiding van 'n aardse koninkryk. Die geestelike en die tydelike is nie geskei nie en stem so ooreen met die eenheidsbeskouing van die Bantoe.[61] Vir hulle besef vorm alles een eenheid, maar sommige van die poste het dan tog meer en ander minder te make met die werklike geestelike sake.

---

60 Schlosser, op. cit., p. 204-205.
61 Häselbarth, op. cit., p. 15.

Van die wat in enger sin met die geestelike sake besig is, noem Schlosser die profete.[62] Hulle help om siekes gesond te maak. „Drum" noem hulle bloot assistente van die biskop.[63] Waarskynlik is hulle gewone vooraanstaande baruti wat van die verskillende plekke kom tydens feeste. Schneider skryf dat die pasiënte uit die hande van die profete oorgaan in die hande van priester-terapeute.[64] Aangesien dit deur die baruti duidelik gestel word dat die krag van die biskop om te kan genees alleen oordraagbaar is aan baruti en aan niemand anders nie, is hierdie groepe waarskynlik niks anders as hoofbaruti en ander baruti nie.

Vir die meer uitwendige, meer politieke organisasie is daar dan nog nodig die lyfwag van die leier, die orkes, die privaatpolisie, die motorbestuurder en die hoofsekretaris. Hierdie poste het egter net betrekking op die organisasie by die hoofsetel en i.v.m. die biskop. Dit is egter duidelik dat alles vir hulle een groot geheel vorm en dat die poging wat gemaak word om te onderskei tussen ampte wat minder of meer geestelik is, 'n ontleding is wat normaalweg nie deur hulle self gemaak word nie.

Die uniforms wat ampsdraers dra verskil volgens die rang wat die persoon beklee.[65] Volgens dr. J.A. van Wyk kan die volgende groepe in die feestye onderskei word:

Twee strepe op die mou - leraar.
Een streep op die mou - evangelis.
Een streep op die sak - ouderling.
Een streep op die kraag - diaken.

---

62 Schlosser, op. cit., p. 205.
63 Drum, op. cit., p. 12.
64 Schlosser, op. cit., p. 206.
65 Drum, op. cit., p. 12.

In Atteridgeville het die plaaslike baruti beweer dat daar geen ander ampsdraers as die baruti en die sekretarisse is in hulle gemeentes nie. Hierdie ampte geld waarskynlik net te Moria en ook net tydens die groot feeste.

In die hele organisasie vorm die raad of komitee van vyf 'n kerngroep. Sonder hulle kon selfs Edward Lekganyane, al was hy as hoof en biskop so hoog geroem en was hy so geliefd, geen groot besluite neem nie.

Die organisasie van die Z.C.C. is redelik goed beplan, maar hoe verder weg van die hoofsetel, wat die ruimtelike betref, en van die feeste, wat die temporele betref, hoe minder is daar sigbaar van hierdie organisasie.

Geen lid van die beweging mag 'n klag teen die beweging of teen 'n ampsdraer voor die jaarvergadering opper as hy dit nie eers voor die kerkkomitee of komitee vir finansies gebring het nie. Die jaarvergadering word gehou tydens die fees wat gedurende die Paasnaweek plaasvind. Die lid wat 'n klagte het, moet dan ook die uitspraak van die komitee eers aan die jaarvergadering voorlê.[66]

Volgens die baruti bestaan daar geen tugmaatreëls wat op verandering binne die beweging gemik is nie. 'n Persoon mag wel uitgestoot word omdat hy verdink word dat hy 'n toordokter is of om 'n baie ernstige ander rede. Weeropname is moontlik as 'n persoon belowe dat hy nie meer met toordery sal omgaan nie.[67] Die hoofkomitee kan ook 'n moruti skors.[68] Prakties

---

66 Schlosser, op. cit., p. 209.
67 Ibid.
68 Ibid.

skyn dit asof hulle nooit uitstoot of afsny nie, uit vrees dat hulle sake bekend kan word.

Volgens die konstitusie behoort die organisasie soos volg te wees:

Daar is die ampte van biskop, opsieners, bedienaars van die Woord (ministers), evangeliste, diakens en plaaslike predikers.[69] Verder word ook melding van sendelinge gemaak. Daar word geen onderskeid gemaak tussen ampte wat plaaslik funksioneer en dié wat op die sentrale plek en by die groot byeenkomste funksioneer of oor die hele beweging nie.

Die biskop moet jaarliks deur die algemene vergadering gekies word.[70] Sy pligte is om te presideer oor alle konferensies, vergaderings van die spesiale komitees en alle ander vergaderings wat die hele kerk raak. Hy beslis oor alle sake in verband met die regering van die beweging maar sy uitsprake is onderhewig aan appél na die jaarlikse algemene vergadering. Verder moet hy alle dokumente onderteken. Hy moet hom onophoudelik beywer vir die welsyn van die beweging. Hy moet ook in besonder waak dat daar in die beweging volgens die gees van die konstitusie geleef word. Saam met die voorsittende predikante (presiding ministers) en volle predikante (full ministers) moet hy kandidate wat uitgesoek is en aan hom voorgestel word, orden tydens die jaarlikse algemene vergadering. Hy oefen gesag uit oor al die predikante en sendelinge en besit die mag om hulle te skors, te verplaas of af te sit nadat 'n komitee van nie minder nie as drie predikante of sendelinge ondersoek inge-

69 Zion Christian Church. Constitution, p. 10-11.
70 Ibid., p. 4.

stel het. Wanneer die biskop afwesig is, kies die jaarvergadering 'n voorsitter uit die voorsittende predikante van die „distrik" met inagneming van hulle senioriteit. (Dis nie duidelik wat met „distrik" bedoel word nie.) Wanneer dit mag gebeur dat daar 'n vakature ontstaan wanneer die jaarvergadering nie byeen is nie, moet die uitvoerende komitee van die beweging die plek vul totdat die volgende jaarvergadering gehou word.[71]

In die konstitusie wat dateer uit die dae van Engenas, word die name van drie opsieners genoem. Hulle name is Reuben Lekganyane, Benson Motaung en Solomon Rouele. Voor hulle het Reuben Lekganyane en Amnone Maake hierdie plekke beklee. Hierdie opsieners het waarskynlik niks te doen met wat gewoonlik as die amp van ouderling in 'n plaaslike kerk gesien word nie, maar het gesag oor die beweging as geheel. Wanneer van die „presiding elders" gespreek word wat ook baruti mag orden, word waarskynlik hulle bedoel.[72]

Die predikante word onderskei in twee groepe, nl. die sogenaamde voorsittende predikante en vol predikante. Voor in die konstitusie word 'n lys van predikante aangegee. Hulle is Charlie Mamabolo, Joseph Motapo, Samuel Machethe, Jacobs Motali, Jacobs Sekeele, Amos Boshigo, Samuel Moyo, Adolph Mathiba en Samuel Maapole. Net voor hulle het Davide Nusake, Samuele Moyo, Lazarus Letsilane en Thomas Sebea dié plekke beklee.[73] Waarskynlik is hulle die „presiding ministers" en het hulle gesag oor 'n hele gebied.

---

71 Zion Christian Church, op. cit., p. 10.
72 Ibid., p. 2 en voorbladsye.
73 Ibid.

In die funksies van die verskillende soorte bedienaars van die Woord word nie 'n onderskeid aangedui nie, maar alle predikante het die taak om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig nadat hulle georden is. Hieroor word in die konstitusie verwys na Mat. 28:19-20. Hulle moet ook hande oplê en vir die siekes bid - met verwysing na Markus 16:17-18 en Jak. 5:13-15. Verder moet hulle volgens Markus 10:14-16 die kinders inseën, gelowiges doop volgens Mat. 28:19, die Nagmaal bedien volgens 1 Kor. 11:23-31, die dooies begrawe volgens 1 Kor. 15, Openb. 14:13 en Eseg. 39: 13-14. Ten slotte moet hulle ook huwelike bevestig. By lg. word verwys na Joh. 2:12 en Ps. 45:9-10.[74]

Die volgende groep ampsdraers is die evangeliste. Hulle het dieselfde bevoegdhede as die predikante, behalwe dat bevestiging van huwelike nie as een van hulle take genoem word nie.[75]

Die diakens het weer dieselfde bevoegdhede as die evangeliste, behalwe dat hulle nie Nagmaal mag bedien nie.[76]

'n Volgende groep is die plaaslike predikers. Hulle is in rang waarskynlik laer as die diakens want by hulle word ook die Doop nie genoem as een van hulle pligte nie, terwyl die diakens wel hierdie taak het.[77]

Volgens wat vasgestel kon word, is slegs hierdie laaste groep 'n amp wat in die plaaslike gemeente funksioneer. Al die ander is ampte wat betrekking het op die hele beweging. Die plaaslike prediker word gewoonlik moruti genoem.

---

74 Zion Christian Church, op. cit., p. 11.
75 Ibid.
76 Ibid.
77 Ibid.

Wat die inrigting van die beweging as geheel betref, het die jaarlikse algemene vergadering volgens die konstitusie die hoogste gesag. Daar word drie komitees gekies wat in funksie bly solank die algemene vergadering nie byeen is nie, nl. die staande kerklike komitee, die finansiële komitee en die leke komitee.

Die kerklike komitee moet uit ten minste drie geordende predikante bestaan. Hulle moet oor die geestelike belange van die beweging waak en kan ook lekepredikers sowel as ander ampsdraers skors totdat die jaarvergadering dit bekragtig.[78]

Die finansiële komitee wat jaarliks deur die algemene vergadering verkies word, moet uit nie minder nie as vyf lede van die beweging bestaan. Die algemene sekretaris het ook by hulle sitting. Hulle moet oor alle geldsake handel.[79]

Die lekekomitee moet uit nie minder nie as vier „Class Leaders" bestaan. Hulle moet oor alle sake handel wat nie binne die bevoegdheid van die voorafgaande komitees val nie.[80]

Die klasleiers word deur enige predikant aangestel om as leiers op te tree in groepe in die plaaslike gemeente.[81] Hulle word waarskynlik ook baruti genoem in die plaaslike gemeentes.

---

78 Zion Christian Church, op. cit., p. 6.
79 Ibid.
80 Ibid.
81 Ibid., p. 7.

Kwartaalliks moet hulle en ook ander plaaslike ampsdraers vergader. Dan moet verslae na die hoofkantoor opgestuur word. Al die gelde wat nie plaaslik gebruik mag word nie, moet dan ook opgestuur word na die algemene sekretaris.

Eiendomme behoort nie aan plaaslike gemeentes nie, maar aan die beweging as geheel. As trustees tree 'n komitee van nie minder as drie en nie meer as vyf lede op nie.[82]

As grondslag van die beweging word Heb. 12:22-23 en Ef. 2:20 genoem.[83]

## 6 Die groot feeste

Jaarliks word daar drie groot feeste gehou. Die eerste fees van die jaar, nl. tydens Paasfees, is die grootste in omvang. Die tweede fees val min of meer saam met die Joodse Nuwejaar en vind aan die begin van September plaas. By hierdie fees word die jaar „oopgemaak". Die derde fees is kleiner van omvang en vind met Kersfees plaas. Sou daar verband wees met Deut. 16:16 waar Israel beveel word om drie keer per jaar voor die aangesig van die Here in Jerusalem te verskyn?

Die feesprogram gedateer 29 Maart 1970 gee die volgende getalle aan:

| | |
|---|---|
| Getal persone gedoop | 118. |
| Getal busse | 237. |
| Privaat motors | 377. |
| Vragmotors | 276. |

82 Zion Christian Church, op. cit., p. 9.
83 Ibid., p. 10.

| | |
|---|---|
| Bakkies | 548. |
| Waens | 6. |
| Bromponies | 14. |
| Fietse | 170. |
| Groottotaal van feesgangers | 121,641. |

'n Vraagteken moet oor die groottotaal geplaas word, want as die persone bereken word wat deur hierdie vervoer aangebring kon word, kan hoogstens op 'n getal van 50,000 gekom word. Selfs dan sou deur baie vervoermiddels al meer as een rit gedoen moes word. Dit laat dan nog 70,000 besoekers wat te voet moes kom. Met veiligheid kan aangeneem word dat die skatting te hoog is. Indien dit deur kontrole by die hek verkry is, is waarskynlik heen-en-weer-gangers meer as eenkeer getel. Tog bly dit feeste van groot omvang!

Dwarsdeur die feesdae heers daar 'n feestelike stemming. Of daar nou 'n offisiële program aan die gang is en of dit groepies is wat rondstaan en luister na een of ander leier - alles is deel van die fees. Soms is die vaste program aan die orde en luister almal oor luidsprekers, somtyds vind daar by wyse van afwisseling volksdanse en fluitspelery plaas. Almal is ook kleurvol geklee in die kenmerkende drag van die Z.C.C. Wiegende skares in rye maak tydens die feestelikheid 'n mooi indruk. Die stemming is deurgaans vrolik. Koste word nie ontsien om dit by te woon nie. Daar is inligting dat vir die vervoer gedeeltelik uit die sentrale kas betaal word. Dit word 'n soort pelgrimstog en vir elkeen 'n ideaal om die groot feeste by te woon. Om te kan deel in hierdie fees word nie alleen die reiskaartjie betaal nie, maar geld word saamgeneem om te kan koop wat nodig is en om vir die kerk af te staan. Die meeste van die besoekers kom uit die Bantoedorpe naby die groot

stede in Transvaal. Uit afgeleë dele kom daar egter ook besoekers. Op die feeste van Maart en September 1970 was daar ook verskeie kapteins van wie sommige uit Botswana gekom het.

Alle wapens moet by die hek afgegee word. Sterk drank en tabak is ook verbode. Tydens die fees heers daar 'n merkwaardige orde as die grootte van die skare in ag geneem word.

Tot die feestelikheid en die vrolikheid het die optogte van die biskop met die orkes (terwyl Edward Lekganyane nog geleef het), baie bygedra. By die optogte word die vaandel met die totemdier van die Lekganyanes, nl. die os, saamgedra. By die huis van die biskop wapper altyd 'n wit vlag.

„The Bantu World" het in 1953 taamlik volledig oor die verloop van 'n godsdiensoefening tydens die Aprilfees van daardie jaar gerapporteer.[84] Vandag is daar reeds 'n kerkgebou, maar destyds is die godsdiensverrigtinge nog in 'n oop, reghoekige plek gehou. Deur middel van tolke en luidsprekers kan die skare soms tot in vyf tale die verrigtinge volg.

Vooraf word die predikers aangewys. Hulle word gewoonlik gekies uit persone wat normaalweg 'n vername rol in die werk van die Z.C.C. speel. Toe die vorige biskop nog geleef het, het hy self ook die godsdiens een keer per fees waargeneem.

Häselbarth berig nog in 'n publikasie van 1967 dat daar hoofsaaklik uit die Ou Testament gepreek word.[85] Tydens die feeste van Maart en September is daar egter sewe tekste uit die Nuwe Testament geneem vir prediking teenoor slegs een uit die

---

84 **Schlosser, op.** cit., p. 214, oorgeneem uit Bantu World, **25 April** 1953.

85 Häselbarth, op. cit., p. 13.

Ou Testament.[86] In wat reeds beskryf is as die eerste en ook die tweede fase van die geskiedenis, was die Ou Testament van groot belang en het veral tekste waarin „Sion" voorkom, voorrang geniet.

Die prediking vorm die belangrikste gedeelte van die godsdiensoefeninge. Daar is ook sang tot eer van die Here. Die liedere is die algemeen gebruikte Sionsliedere, maar ook soms eie liedere van die Z.C.C. Die sang vind dikwels sonder boeke plaas, maar in Lesotho word liedereboeke met hulle embleem voorin nou spesiaal vir hulle gedruk. Vir die persoonlike gebed word onder die erediens tyd afgestaan. Dan word 'n gemurmel gehoor terwyl die hoofde in die hande gehou word en hulle vooroor op die knieë val. Dit duur vir 'n kort tyd en word dan beëindig. In die vroeëre tyd het daar ook baie van die sg. Geestesuitinge onder die dienste gekom. Instemming met die prediker word hardop betuig terwyl hy voortgaan.

In die prediking val die klem op gehoorsaamheid aan God en die seën wat daaruit spruit. Vroeër is ook 'n soort eskatologiese heil vir die volk van Sion en die plek Sion verwag en dikwels in die preke genoem.

Ook die Heilige Gees het soos hulle meen, betekenis en plek in die eredienste. Christus is egter vroeër selde in die prediking genoem en die prediking het soms in verering van die biskop verloop.

---

86 Zion Christian Church. Programme vir Maart en September 1970.

## 7 Genesing

Redding uit tydelike nood is 'n baie belangrike element in die Z.C.C. Die soeke na genesing is ook 'n belangrike rede vir hulle getalle-aanwas. Tydens die feeste kom daar baie wat genesing soek. By 'n sekere boom staan hulle dan tou in twee rye, vir mans en vrouens afsonderlik, om deur die biskop aangeraak te word. Soms hanteer hy hulle taamlik ru en laat hulle dan verder gaan waar ander die genesingswerk voltooi. Genesing en verdrywing van bose geeste gaan saam. Met 'n brandende koerant het Edward Lekganyane self vroeër geeste verdryf of reën laat kom.[87] Ander middele wat gebruik word om genesing te bewerk, is heilige water, geheiligde stukkies papier, sakdoeke, sout wat inwendige heling meebring, sterk swart koffie wat bedien word in houers met die afbeelding van Edward Lekganyane daarop, naaldsteke wat bloedvloeiing meebring, koperdraad, die kenteken, die geseënde wandelstaf en wit klippe om die huis. Beskerming word ook soms verwag van foto's van die leiers en die besondere klere wat die lidmate dra.[88] Sommige van hierdie middele word vir beskerming aangewend, ander vir genesing.

Alleen die baruti en die biskop mag mense genees. Hulle word afgeraai om na geneeshere te gaan of om medisyne te gebruik. Toordokters word ook sterk veroordeel. Die baruti beweer dat Edward Lekganyane nie van nature die krag gehad het om genesing te bewerk nie, maar dat hy dit van God gebid het en dat die Here dit aan hom gegee het.

---

87 Drum, op. cit., p. 11.
88 Häselbarth, op. cit., p. 20.
Schlosser, op. cit., p. 194.

Volgens Schlosser ontstaan siekte deur twee oorsake, nl. deur mense of deur saaklike oorsake.[89] 'n Toordokter kan iemand se siekte veroorsaak, of dit kan ontstaan deurdat hy die gebooie van die kerk oortree het. Van die baruti beweer egter ook dat die Here saam met die skepping van die mens ook siekte geskape het. As bewys word aangevoer dat 'n klein babatjie soms al siek is.

Dit skyn asof daar 'n neiging is om weg te kom van die gebruik van so baie middele wat moet genees en beskerm. Van die water word nog vrymoediglik gespreek, maar die gebruik van „heilige papier" is blykbaar aan die verdwyn. Uit die latere lewe van Edward word nie meer vertel van die verdrywing van bose geeste met 'n brandende koerant of soortgelyke metodes nie. Dit word beweer dat Engenas Lekganyane in sy siekte voordat hy gesterf het, blanke geneeshere ingeroep het.[90]

Daar is 'n doelbewuste poging om 'n veranderde houding verder te laat deurdring: Minder klem word op genesing gelê en meer op die Woord. Die verskuiwing vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament is reeds aangetoon. In Hoofstuk 3 word meer uitvoerig oor die veranderde houding t.o.v. die Woord gehandel.

---

89 Schlosser, op. cit., p. 196.
90 Drum, op. cit., p. 13.

## 8 Staatserkenning

Reeds op 18 September 1925 het die Z.C.C. by die staat aansoek gedoen om erkenning. Die vyf afgevaardigdes was almal oorspronklik lidmate van die Free Church of Scotland. Dit is geweier en in 1942 het weer 'n aansoek gedien wat ook geweier is.[91] By hierdie geleentheid het kapteins uit Sekoekoeniland beswaar gemaak teen erkenning, omdat die leier van die Z.C.C. hulle gesag sou ondermyn het. (Dit is waarskynlik om moontlike botsings met die kapteins te vermy dat daar nou nog moeite gedoen word om gemeentelede aan te spoor tot gehoorsaamheid aan die kapteins en dat die name van kapteins wat op die feeste teenwoordig is op die program vermeld word. Daar word ook beweer dat bedrae geld aan sommige kapteins gegee word, maar dit kon nie deur betroubare getuies gestaaf word nie.)

Eers op 27 September 1962 is hulle deur die staat erken. Dit het die verkryging van voorregte meegebring soos die toekenning van persele vir oprigting van kerkgeboue en reiskonsessies.

Daar was altyd 'n goeie gesindheid van die kant van die Z.C.C. teenoor die regering. Met hierdie erkenning is die verhouding nou verstewig. Die Z.C.C. steun ook die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

'n Opmerking van Häselbarth verdien egter ernstige oorweging: „Das Jasagen zur Politik der getrennten Entwicklung der Regierung erleichtert den Kompromiss mit der heidnischen Vergangenheit und vertieft den Abstand zu den christlichen Missions-

---

91 Schlosser, op. cit., p. 187.

kirchen. Statt vermeintlicher Freiheit von weisser Führerschaft in der Kirche hat die ZCC dadurch eine Abhängigkeit vom Staat eingewandelt."[92]

Die stelsel van staatserkenning van Bantoekerke is egter op 13 Desember 1963 afgeskaf. Die regering het egter nog bepaalde vereistes bly stel voordat kerkpersele toegeken sou word of reiskonsessies uitgereik word. Daar moet o.a. versekering wees dat predikante goed opgelei word en die leerstukke van die geloof moet voorgelê word.[93] In die lig hiervan is dit moeilik te verstaan hoedat daar wel persele aan hulle toegeken kan word. Met die toekenning van sulke persele onder huidige omstandighede, waar daar eintlik nie van 'n Christelike kerk sprake is nie, word bestendiging van sulke bewegings vergemaklik.

Dit is opmerklik hoedat die baruti uit hulleself klem lê op die goeie verhouding wat daar met die owerheid moet wees. Hierdie inligting word ongevraagd gegee. So iets, saam met die skenking van 'n bedrag aan die Universiteit van die Noorde, kan moeilik anders gesien word as dat dit bereken is daarop om die guns van die regering te verkry sodat die Z.C.C. weer in hulle beweging bevoordeel kan word.

## 9 Algemeen

Hoewel daar geen offisiële bewys voor verstrek word nie, word taamlik dikwels beweer dat die Z.C.C. se bates meer as 'n miljoen rand beloop. Gelde word deur ledegeld, verpligte fooie,

92 Häselbarth, op. cit., p. 15.
93 Dept. Bantoe-administrasie en - ontwikkeling, omsendbrief 45/1963.

bv. by begrafnisse, winste op die verkoop van klere en kentekens en deur groot skenkings verkry. Daar word getrag om behoorlike boeke en registers te hou. 'n Offisiële vorm toon aan dat onder Engenas die volgende gelde ontvang is: Lidmaatskapsgelde, gelde vir aankoop van grond, gelde vir 'n spesiale fonds en gelde vir skryfbehoeftes.[94] Schlosser beweer dat die inkomste van die biskop, d.w.s. van Engenas, voor 1948 R18 per kwartaal was.[95] Waarskynlik ontvang die biskop nou ook 'n toelaag uit die sentrale fonds van die beweging.

Veelwywery word toegelaat en is een van die redes waarom die Z.C.C. oók so gewild is. Van drie baruti by wie navraag gedoen is in Atteridgeville het een drie vrouens, een twee en die derde slegs een vrou gehad. Goed ingeligte Blankes wat ook die Bantoe se tradisionele gewoontes ken, beweer dat daar naby Moria binne die tradisionele huwelikspatroon 'n hoë peil van kuisheid is. Bantoes in ander gebiede beweer egter dat die peil van sedelikheid daar onder die lidmate van die Z.C.C. laag is. Daar word beweer dat al die vrouens verplig is om hulle self sonder meer tot beskikking van die biskop te stel,[96] maar dit skyn nie 'n gegronde bewering te wees nie.

* * *

Uit hierdie historiese oorsig en huidige stand van sake is dit duidelik dat die Z.C.C. 'n religieuse Bantoebeweging is in 'n tydperk waarin die Bantoes wat daaraan behoort of daarby aansluit, ontwrig is. Hulle soek na 'n nuwe koers deur bewuste of onbewuste aangryping van weë wat getuig daarvan dat die beweging nie as Christelike kerk gekwalifiseer kan word nie. Die wortels, histories gesien, lê in die Spiritualistiese sektes,

94 Z.C.C. Finansiële verslag van 'n maand.
95 Schlosser, op. cit., p. 187.
96 Ibid., p. 184.

maar daar is duidelike tekens dat dit in die tweede fase veral teruggegaan het na 'n heidense verlede. Ondanks die enkele ligpunt dat hulle tans 'n begeerte openbaar, sover dit sekere leiers betref, om terug te keer na die Woord, is die Z.C.C. nog 'n beweging wat in sy hele aard getuig van 'n onvaste posisie tussen lig en duisternis, tussen Christendom en heidendom, tussen 'n ou lewe en 'n nuwe lewe. Dit toon ook die worsteling tussen twee kulture, die oue en die nuwe.

In die volgende hoofstukke sal op hierdie ontwrigting ingegaan word deur die oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C. nader te ondersoek.

* * *

HOOFSTUK 3

# TEOLOGIESE BESKOUINGE OOR DIE Z.C.C.

## 1 Probleem in die beoordeling

Dat skrywers tot verskillende gevolgtrekkings in verband met die werklike teologiese stand van sake in die Z.C.C. kom, is hoofsaaklik aan die gebrek aan belydenisskrifte te wyte. Feitlik die enigste geskrif wat van enige betekenis is, is die konstitusie. Hierin word verwys na twee Skrifgedeeltes as grondslag van die beweging, nl. Ef. 2:20 en Hebr. 12:22-23: „... gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is," en „Maar julle het gekom by die berg Sion èn die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, ...". In die konstitusie word ook nog ander tekste in verband met die uitvoering van funksies deur ampsdraers aangehaal. Dié grondslag speel geen noemenswaardige rol in die lewe van die Z.C.C. nie. Die plaaslike gemeentes besit nie eers 'n kopié van die konstitusie nie.

'n Verdere probleem om vas te stel wat die werklike toedrag van sake is, is dat sommige skrywers op die rand informeer, d.w.s. by buiteposte of diegene wat geen leidende rol speel in die Z.C.C. nie, terwyl ander weer die inligting van verantwoordelike persone in die Z.C.C. bekom. Daar moet ook in aanmerking geneem word

dat waar daar geen belydenis is nie daar groot variasie kan wees van plek tot plek,[1] veral in 'n beweging soos die Z.C.C. wat oor 'n groot oppervlakte versprei is en waar daar nie goeie kommunikasie is nie en die feeste byna die enigste saambindingsmoontlikheid is. Tog is dit dan ook weer aan die anderkant so dat die voorbeeld wat by die feeste ontvang word as model geneem sal word. Die hele Z.C.C. kan egter nie deur die gees wat op die feeste uitstraal, getipeer word nie.

Sundkler beveel as metode aan dat daar oor 'n wye veld massaobservasie moet wees deur onderhoude met baie leiers en volgelinge, manlik en vroulik, te voer.[2]

H.W. Turner noem nog 'n ander probleem wat in ag geneem moet word by die insameling en beoordeling van gegewens om die werklike teologiese stand te kan bepaal in 'n beweging, nl. dat daar 'n groot verskil bestaan tussen die formeel verklaarde belydenis en die gewone lewe.[3] Waar daar nie 'n geskrewe of 'n uitvoerige aanvaarde belydenis is nie, soos by die Z.C.C., is daar nog meer geleentheid tot variasie.

In die volgende hoofstukke word hoofsaaklik oor die groep van Edward, nou van Barnabas, gespreek, maar die groep van Joseph word ook soms genoem waar nodig.

---

1 Vgl. Erasmus, op. cit., p. 251.
2 Sundkler, op. cit., p. 244
3 Turner, H.W. History of an African independent church. Vol. II, p. 177.

## 2 Beskouinge oor die Z.C.C.

Sedert die verskyning van Bengt Sundkler se boek „Bantu Prophets in South Africa" in 1948 het daar verskillende ander bronne verskyn wat ook korter of langer teologiese besinninge oor die Z.C.C. het. Soms word die beoordeling gegee in 'n saamgevatte beskouing oor wat genoem word die Sioniste. Soms word die Z.C.C. op sigself bespreek. Voordat 'n teologiese bespreking van die redes vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C. in die volgende hoofstukke gegee sal word, sal nou eers die beoordelings van verskillende persone gegee word. Die literatuur behandel die beweging nie volledig nie, maar lê gewoonlik net klem op sekere aspekte, veral die dogmatiese en ekklesiologiese. In hierdie hoofstuk word net weergegee wat die skrywers sélf van die Z.C.C. of Sioniste eksplisiet stel en resente ontwikkeling wat nog nie in vorige literatuur bespreek is nie.

### 2.1 Sundkler

Sundkler het die groot verskeidenheid van religieuse groepe aanvanklik in Ethiopiese en Sionistiese bewegings geklassifiseer. Hierin het hy reeds bestaande indelings gevolg. Later het hy 'n derde groep, nl. die messiaanse bewegings, bygevoeg.[4] Die Z.C.C. is vir hom dan een van **die Sionistiese groepe.** Hy gee geen afsonderlike teologiese behandeling van dié beweging nie, maar wel algemene uitsprake oor al die Sionistiese bewegings. Sundkler sê dat die oorspronklike krag agter die Sioniste in die Republiek van Suid-Afrika die Christian Apostolic Church in

4 Sundkler, op. cit., p. 48.

Zion was wat in die V.S.A. ontstaan het.[5] Die aard van hierdie oorspronklike groep het lank in die Sionistiese bewegings bly voortbestaan, al was dit ook in gewysigde, of wat sommige aspekte betref, geïntensiveerde vorm. Die Sionistiese bewegings was oorspronklik soos die sekte apokalipties van aard, het die wederkoms van Christus spoedig verwag,het geglo aan volwasse-doop deur driemalige onderdompeling en verder aan besondere geestesgawes en geloofsgenesing.[6]

**Ideologies** maak die Sionistiese bewegings daarop aanspraak dat hulle bestaan uit die besondere belang van die berg Sion in Jerusalem voortvloei. Teologies is hulle egter 'n sinkretistiese Bantoebeweging met genesing, spreek in tale, reinigingsrites en taboe as die vernaamste kenmerke van hulle geloof.[7] Sundkler het meer aandag aan die Sioniste onder die Zoeloevolk gewy. Hy vestig die aandag op die moeite wat die verskillende groepe onder die Sioniste doen om die karakteristieke en beter dinge in hulle eie bewegings aan te dui. By sorgvuldige ontleding blyk egter dat die Sioniste 'n opmerklike eenvormigheid vertoon. Dit, beweer hy, word veroorsaak deur sekere fundamentele behoeftes en drange in die groot massas van die bewegings. Hierdie behoeftes en drange word in die gedragspatroon van die bewegings bevredig.[8]

Toe Sundkler in 1960 sy boek bygewerk het, moes hy reeds wys op veranderinge wat sedert die eerste publikasie in 1948 ingetree het. Hy meld dat in die tydperk na 1950 daar 'n neiging was om verder in die heidendom af te gly.[9]

---

5 Sundkler, op. cit., p. 48.
6 Ibid.
7 Ibid., p. 54.
8 Ibid., p. 55.
9 Ibid., p. 302 en verder.

## 2.2 Schlosser

Die teologiese opvatting van Katesa Schlosser oor die Z.C.C. spreek seker die duidelikste uit die eerste sin in haar behandeling van dié beweging in haar boek „Eingeborenenkirchen in Süd- und Südwest-Afrika": „Für angeblich 40-80,000 Menschen, meist Angehörige der Stämme Transvaals, ist Edward Lekganyane der ‚König Zions', Messias, ja Gott."[10] Hoewel sy ook teenoorgestelde standpunte gee, skyn dit tog asof haar konklusie is dat Edward Lekganyane in dié mate vergoddelik is en die plek van Christus ingeneem het, dat dit as die algemene trek in die Z.C.C. beskou moet word. Dit is egter duidelik uit haar werk dat sy haar standpunt te eensydig baseer op die uitsprake van oningeligte en emosionele persone en te min op uitsprake van ampsdraers. Wat die biskop van die Z.C.C. betref, laat sy die klem swaar val op vergoddeliking, maar in haar dogmatiese besinning noem sy in hoofsaak dieselfde dinge as waarna Sundkler baie kortliks verwys.

Sy behandel die posisie van die leier, die taboe en wettisisme, die genesings en die reinigingseremonies en ook poligamie in die Z.C.C.[11] Al hierdie dinge dra dan daartoe by om haar die konklusie te laat vorm wat bo aangehaal is. Die kerkregering behandel sy volgens die konstitusie maar toets dit nie aan 'n Skriftuurlike kerkregering nie.[12]

Schlosser noem ook die vernaamste gebooie in die beweging, nl. dat daar geen medisyne - van Bantoe sowel as Blanke - gebruik mag word nie, dat nie met toordery omgegaan mag word nie, dat nie gerook mag word nie, geen alkoholiese drank ge-

---
10 Schlosser, op. cit., p. 181.
11 Ibid., p. 193-197.
12 Ibid., p. 203-207.

bruik mag word nie, dat diere (skape, beeste en bokke) op die Joodse wyse en nie anders nie, geslag moet word, dat varkvleis en die vleis van sommige voëlsoorte nie geëet mag word nie.[13]

Haar gevolgtrekking is verder dat ná die middelaarsrol wat aan die biskop toegeken word, die geloof aan die oordrag van krag wat tot genesing dien, die belangrikste plek inneem.[14]

Die liturgiese orde in die erediens beskryf sy hoofsaaklik volgens 'n artikel in „The Bantu World".[15] Dit blyk dat daar 'n betreklik eenvoudige orde in die erediens is. Voor of na die Doop is daar geen onderrig nie.[16] Klein kindertjies word nie gedoop nie, maar hande opgelê.[17] Sy behandel vervolgens ook huwelike, begrafnisse, wegbreek van die beweging, weeropname, kerktug en finansiële sake van die Z.C.C.[18]

## 2.3 Martin

Soos Schlosser wys Marie-Louise Martin hoedat die biskop die plek van die Messias inneem. Sy lê egter nie so 'n groot klem hierop nie en dui ook aan dat daar verskil is tussen sekere groepe binne die beweging. By sommige groepe verdwyn die Persoon van Christus agter die gestalte van die biskop, en daar word die Bybel ook 'n geslote boek. Tog spreek ook hierdie groepe nog van die tweede koms van Christus. Hierdie feit is egter vir baie van minder belang, omdat hulle glo dat hulle messias in Edward Lekganyane teenwoordig is. Vir hulle is die es-

---

13 Schlosser, op. cit., p. 196.
14 Ibid., p. 194.
15 Ibid., p. 213-215.
16 Ibid., p. 208.
17 Ibid.
18 Ibid., p. 208-209.

katologie gerealiseer.[19]

Martin vestig die aandag daarop dat Edward Lekganyane soms goeie Christosentriese artikels geskryf het,[20] maar sy gee ongelukkig nie die inhoud daarvan weer nie.

Verder behandel sy dan die belang van die hoofsetel, geloofsgenesing by die Z.C.C., die jaarlikse feeste, lidmaatskap en organisasie, reinigingsrites, Doop, taboe, wettisisme en die finansiële posisie. Sy beskryf ook Edward Lekganyane se posisie as 'n tradisionele vorm van hoofskap.[21] Belangrik is ook wat sy sê oor die aard van messianisme in die Republiek van Suid-Afrika. Sy lê klem daarop dat dit hier, en dus ook wat die Z.C.C. betref, meer 'n religieuse as 'n politieke karakter dra.[22] Tog vertoon die swart messias die eienskappe van 'n koning in Afrika.[23] 'n Kenmerk van die Z.C.C. is volgens haar dat dit baie sinkretisties is.[24] Daar is ook 'n diepgewortelde begeerte by die volgelinge van die groot leiers, dus ook van Lekganyane, om hier en nou 'n openbaring te ontvang, 'n uitredding vir die huidige lewe. Daar is 'n verlange na 'n veilige gemeenskap.[25]

## 2.4 Oosthuizen

G.C. Oosthuizen stem saam met Schlosser wanneer hy sê dat die hele dogma van die beweging om die persoon van die biskop

19 Martin, op. cit., p. 132.
20 Ibid.
21 Ibid., p. 134.
22 Ibid., p. 135.
23 Ibid.
24 Ibid.
25 Ibid.

wentel.[26] Ook hy stel dat die biskop as koning, middelaar en verpersoonliking van die Messias die belangrikste wesenstrek van die Z.C.C. is. Hoewel een van die tekste wat as grondslag van die Z.C.C. aanvaar is, nl. Ef. 2:20, Christus as die hoeksteen aandui, is dit tog so dat Christus geheel op die agtergrond verdring word.[27] Wat die gebruik van die Bybel betref, deel hy mee dat slegs die Ou Testament en dan ook nie dikwels nie, gelees word.[28] Die **simboliese** waarde van name en tekens word ook deur hom behandel en hy gee, soos die ander skrywers, ook aandag aan taboe, genesing, reinigings- en Doopsgebruike.[29] Hy is ook van mening dat die rituele dans in die Z.C.C. herleef het.[30]

## 2.5 Häselbarth

Waarskynlik die beste poging tot 'n teologiese besinning oor die Z.C.C. is die van Hans Häselbarth.[31] Sy geskrif spruit uit 'n ondersoek van die Evangelisch-Lutherische Kirche Transvaals wat in 1965 plaasgevind het. Hy was voorsitter van die kommissie wat die ondersoek oor die Z.C.C. moes uitvoer. Nadat hy die geskiedenis en 'n algemene karakterisering van die beweging gegee het, gee hy 'n teologiese behandeling van die volgende: Christus; die Woord en Sakramente; magie, beskerming en genesing; die Heilige Gees; die kerk; die verhouding tot die kerk van Christus en ten slotte die toekomsverwagting van die Z.C.C.[32]

---

26 Oosthuizen, op. cit., p. 37.
27 Ibid.
28 Ibid.
29 Ibid.
30 Ibid., p. 38.
31 Häselbarth, op. cit., p. 11-25.
32 Ibid., p. 16-25.

Volgens hom word in die Z.C.C. aan Christus omtrent dieselfde plek toegeken as aan 'n profeet van die Ou Testament.[33] Daar is geen uitgesproke belydenis van 'n swart Christus teenoor die wit Christus nie, maar dit kan duidelik as onuitgesproke motief werksaam gesien word in die Z.C.C.[34] Verlossing word op 'n magiese wyse verkry en daarom is daar geen besef van die belang van die eenmalige offer van Christus vir die verlossing van die wêreld nie.[35]

Terwyl gedurende die tweede fase van die bestaan van die Z.C.C. die Woord op die agtergrond geraak en so totale heidendom by sommige lidmate weer ingetree het, word daar nou 'n bewuste poging aangewend om die aanskoulike en ekstatiese weer deur onderrig uit die Woord te vervang.[36] Häselbarth wys daarop dat die leiers van die plaaslike gemeentes in die jongste tyd meer met die Bybel en liedereboek optree.[37] Die groter aandag wat aan die Bybel gegee word, is hoofsaaklik die gevolg van die drang om leiding te kry in die verwarring wat daar vir die sosiale lewe en huis gekom het.[38] Die verkeer met die Woord is egter baie onbevredigend en die Bybel is dikwels nog 'n statussimbool. Daarom lê die trekkrag van die Z.C.C. ook in ander dinge as die Woord.[39]

Häselbarth beweer dat die Nagmaal nie by die Z.C.C. gevier word nie. Hy verklaar dit hieruit dat die Nagmaal herinner aan die donkerste stonde in die tyd van Christus op aarde en nie aan sy heerlikheid nie.[40] Hierin het hy waarskynlik nie gelyk nie,

---

33 Häselbarth, op. cit., p. 16.
34 Ibid.
35 Ibid.
36 Ibid., p. 17.
37 Ibid.
38 Ibid.
39 Ibid.
40 Ibid.

want daar is afdoende getuienis dat die Nagmaal wel gevier word, maar daar word geen persone wat nie lidmate is nie, toegelaat nie. Die Nagmaal word te Zion City Moria en op sentrale plekke gehou. Die Doop word in verband met die Doop van Jesus in die Jordaan gebring en geskied deur driemalige onderdompeling.[41] Die plek waar die Doop bedien word, word sorgvuldig uitgekies, want dit is van groot belang vir die lidmate, en die water word eers geheilig deurdat daaroor gebid word.[42] Soms word die Name van die Drie-enige God nie by die Doop uitgespreek nie.[43] Saam met die Doop gaan sondebelydenis en reinigingseremonies, soos naaldsteke in die neus of bene. Die bloed simboliseer die uitvloei van onreinheid.[44] Daar vind geen onderrig plaas voor of na die Doop nie. Aan krankes word soms verkondig dat hulle genees sal word as hulle hulle laat doop. Wanneer die Doop bedien word, word daar feestelik verkeer met dans en sang. Na die Doop ontvang die lidmaat ook die kenteken van die Z.C.C.[45]

Die geestelike sentrum is volgens Häselbarth in magie, beskerming en heling geleë. Genesing speel 'n baie groot rol in die Z.C.C.[46] Saam met die magiese handelinge gaan ekstase wat in dans en sang tot uiting kom.[47] Medisyne en ook toordokters word skerp afgewys.[48] Die genesing word beskou as teken dat die Heilige Gees teenwoordig is. Verskeie middele word gebruik om genesing te verkry.[49] Hierdie middele het 'n duidelike doel om verbinding met die voorvadergeeste te bewerk.[50] Die gebruik

---

41 Häselbarth, op. cit., p. 18.
42 Ibid.
43 Ibid.
44 Ibid.
45 Ibid.
46 Ibid.
47 Ibid.
48 Ibid., p. 19.
49 Ibid., p. 20.
50 Ibid.

van hierdie dinge ontstaan uit die drang om weer veilig te voel in 'n wêreld waarin hulle onseker is.[51] Die patroon van die Z.C.C. is volgens Häselbarth vasgelê in hierdie sug na magiese handeling, beskerming en genesing, en daar kan dus nie van 'n Christelike kerk in wording gespreek word nie.[52]

Daar word in die Z.C.C. graag gesê dat die Heilige Gees daar werksaam is. So word dit dan ook hoër geag as die kerke wat deur sendingwerk van die Blankes tot stand gekom het.[53] In die Pentakostalistiese beweeglikheid, sê Häselbarth, is daar 'n protes teen die tradisionele uitheemse gemeentelewe wat in Afrika ingebring is.[54] Die Heilige Gees word egter duidelik verwar met ander geeste in die Z.C.C.[55]

In sy ekklesiologiese bespreking wys Häselbarth daarop dat terwyl die stamme dikwels gedisintegreer het, die Z.C.C. eintlik die verwesenliking van 'n nuwe eenheid is wat die plek van die stam inneem. Hiervan getuig die posisie van die biskop en die hele hiërargiese sisteem. Die verlange na sekerheid word in hierdie nuwe organisasie weer gestil.[56] Hierin word ook weer die eenheid van die lewe tot uitdrukking gebring.[57]

Volgens die voorbeeld van kerklike verdeeldheid het Engenas sy eie beweging tot stand laat kom.[58] Vandag het die Z.C.C. hom reeds onderskei as 'n beweging waarmee rekening gehou moet

---

51 Häselbarth, op. cit., p. 20.
52 Ibid., p. 21.
53 Ibid.
54 Ibid.
55 Ibid.
56 Ibid., p. 22.
57 Ibid., p. 23.
58 Ibid.

word. Nou het daar 'n sterk neiging tot isolasie gekom.[59]

Terwyl daar by Engenas die sterk lewende begeerte en hoop was op 'n spoedige wederkoms van Christus te Moria, het hierdie hoop in die volgende geslag verdwyn en is dit deur die sug na 'n teenwoordige heilsbedeling vervang.[60]

## 3 Veranderde houding t.o.v. die Woord

By hierdie beskouings van volkekundiges en teoloë moet nou die jongste ontwikkeling ook gestel word. Martin en Häselbarth het reeds die moontlikheid van 'n veranderde houding t.o.v. die plek van die Woord in die Z.C.C. gestel.[61] Daar is duidelike aanduidings dat hierdie gesindheid voortgesit word. Die vroeëre neiging om meganies Sionstekste aan te haal, verdwyn. Daar is ook sedert die publikasie van Oosthuizen se werk „Post-Christianity in Africa" en Häselbarth se artikel oor die Z.C.C. 'n duidelike verskuiwing waarneembaar, wat die Z.C.C. in elk geval betref, deurdat nie meer net uit die Ou Testament gepreek word nie, maar wel dikwels en byna oorwegend in die afgelope tyd uit die Nuwe Testament.

Gedurende Maart 1970, tydens die grootste fees van die jaar te Zion City Moria, is oor die volgende gedeeltes gepreek:[62]

Lukas 24:9: „Hulle gaan toe terug van die graf en vertel dit alles aan die elf en aan al die ander."

---

59 Häselbarth, op.cit., p. 24.
60 Ibid.
61 Martin, op. cit., p. 132.
Häselbarth, op. cit., 17.
62 Z.C.C. Feesprogram, 29 Maart 1970.

Gal. 5:1: „Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie."

Markus 16:9-14: „En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het. Sy het gegaan en dit vertel aan die wat saam met Hom gewees het, terwyl hulle treur en ween. En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur hulle gesien is, het hulle dit nie geglo nie. En hierna het Hy in 'n ander gedaante verskyn aan twee van hulle terwyl hulle loop, op pad in die veld. Hulle het ook gegaan en dit aan die ander vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie. Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle die wat Hom na sy opstanding gesien het, nie geglo het nie."

Mat. 4:24-25: „En die gerug aangaande Hom is versprei oor die hele Sirië; en hulle het na Hom gebring almal wat ongesteld was, wat gekwel was deur allerhande siektes en pyne en van duiwels besete was, en maansiekes en verlamdes; en Hy het hulle gesond gemaak. En groot menigtes het Hom gevolg van Galiléa en Dekápolis en Jerusalem en Judéa en van oorkant die Jordaan af."

Mat. 2:1-12: Die wyse manne uit die Ooste.

By hierdie fees op die 29ste Maart 1970 is daar dus net uit die Nuwe Testament gepreek.

Om te veel af te lei uit hierdie tekste, sal nie verstandig wees nie, maar dit is ook nie geregverdig om die duidelike

veranderinge wat hierin weerspieël word, te ignoreer nie. Teen die agtergrond van drie dinge, nl. die karige gebruik van die Woord veral in die tweede fase en die begin van die derde fase van die Z.C.C. se geskiedenis,tweedens die feit dat hoofsaaklik die Ou Testament gebruik is en derdens dat dikwels die Sionstekste gebruik is, is die verandering hier baie opmerklik.

Uit die keuse van hierdie tekste word dit duidelik dat daar 'n begeerte by die Z.C.C. is om Christus 'n groter rol te laat speel. Twee van die tekste het baie duidelik met die opstanding te make, een met die geboorte van Christus. In die keuse van Mat. 4:24-25 word waarskynlik die belangrike plek wat genesing inneem, weerspieël, maar dan is dit tog hier ook verbind aan Christus. Gal. 5:1 is miskien vir die Bantoe, wat homself sien as iemand wat nie politieke vryheid het nie, 'n baie gevaarlike teks om oor te preek as die prediker geen teologiese opleiding het nie. 'n Mens sou graag die inhoud van dié preek wou gehoor het!

Hier is dit dus duidelik dat daar tog 'n poging is om meer Christosentries te wees. Van groot betekenis is ook dat daar tydens Paasfees twee keer oor die opstanding gepreek word, terwyl Schlosser in 1953 beweer het dat daar niks was tydens dieselfde fees wat herinner het aan die Christelike aard van die dae nie. Dit mag egter ewe min verbygesien word dat terwyl twee groot heilsfeite, nl. geboorte en opstanding, aandag ontvang het, daar niks i.v.m. die kruisiging was nie. So word daar skynbaar ook nie oor versoening gedink nie. Die sondebesef wat die vraag na versoening oproep, **funksioneer byna nie**, maar op die voorgrond is die realisering van 'n geluksryk vir

---

63 Schlosser, op. cit., p. 216.

die huidige bedeling.

Die keuse van die tekste moet eerder as aanduiding dien vir 'n veranderde houding as die inhoud van die prediking, want hier is geen opgeleide predikers nie. Dat die ou houding ten opsigte van die Woord egter nie meteens afgelê kan word nie, is ook duidelik daaruit dat na die aankondiging van die tekste daar dikwels nie veel tereg gekom het van die betrokke Skrifgedeelte nie.

Edward Lekganyane se afwysing van messiaanse verering en sý veranderde houding ten opsigte van die Woord word weerspieël in 'n preek wat hy kort voor sy dood gelewer het. Hy het uit Joh. 15 oor die wynstok en die ranke gepreek. Hier het hy weggewys van homself af na Christus. Alleen as ons in Hom bly, kan ons vrugte dra. Dié preek het ook by die feesgangers groot byval gevind. Dit toon dat hulle toeganklik is vir dié soort prediking. Tog het by dieselfde geleentheid iemand gepreek oor al die wonderlike dinge wat die Here al deur sy kneg Edward gedoen het. Hy het blykbaar sterk onder die indruk verkeer van die messiaanse taak van Edward.[64]

Tydens die September-fees van 1969 is die volgende tekste vir die prediking geneem:[65]

1 Joh. 3:1-10: Oor die kinders van God.

1 Kron. 12:17-25: Oor diegene wat Dawid gevolg het.

Openb. 1:1-8: Oor die naam en onderwerp van die boek en die opdrag aan die sewe gemeentes van Asië.

---

64 Dr. J.A. van Wyk, mededelings.
65 Z.C.C. Feesprogram, 6 Sept. 1969.

Ook by die baruti word 'n veranderde houding t.o.v. die Woord openbaar. Die sekretaris van Joseph Lekganyane het oor die Woord gesê: „Dit is ons daaglikse brood." Een van Joseph se volgelinge het in Pietersburg verduidelik hoedat hy met sistematiese Skrifstudie besig is. Die baruti van Atteridgeville het gespreek van Christus as die deur, die weg en die lig. By een van hulle is dankbaarheid uitgespreek oor 'n godsdienstige tydskrif wat gereeld aan hom gestuur word.[66]

Tog is daar nog 'n groot gebrek aan kennis van die Woord van God by die baruti en dus seker ook by die massa van die Z.C.C. Oor sentrale heilsfeite soos die kruisiging en opstanding van Christus, en verder oor die leer van die Skrif oor sake soos die toestand na die dood, heiligmaking, versoening en genade as gevolg van die eenmalige offer van Christus en dankbaarheid, is geen duidelike besef nie.

Dit is egter baie duidelik dat daar 'n nuwe gesindheid gekom het t.o.v. die Woord al het dit nog nie deurgedring nie. Selfs onder die volgelinge van Joseph Lekganyane is die verandering merkbaar. Die rede vir die verandering moet seker in Edward Lekganyane gesoek word. Met reserwe kan dit gesê word, want dit is nie meer kontroleerbaar nie aangesien Edward reeds oorlede is, dat hy geleidelik bewus geword het van die leegheid van genesings, feeste, glorie, ens. sonder Christus. Van groot betekenis is dan dat hy toe vir drie jaar by die teologiese skool van die N.G. Kerk opleiding kon ontvang.

---

66 Die Ligstraal - 'n publikasie van die N.G. Kerk.

Saam met die toename in die gebruik van die Woord is daar ook 'n afname in die gebruik van magiese middele. Dit wil feitlik voorkom of die baruti soms skaam is om na enige ander middel as die water wat genesende krag het, te verwys.

* * *

## HOOFSTUK 4

## OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE Z.C.C.

## DIE MENING VAN VERSKILLENDE TEOLOë EN VOLKEKUNDIGES

### 1 'n Kort tipering van die Z.C.C.

Uit die vorige hoofstukke is dit duidelik dat die Z.C.C. 'n Bantoebeweging is wat sy lede saambind tot 'n eenheid en waarin die Bantoes iets vind wat dit vir hulle aantreklik maak. Dit kan ook beweer word dat hulle daar iets vind wat dit vir hulle mêêr aantreklik maak as die kerk. Daarom is daar so 'n geweldige groei in die afgelope dekades en is daar ook so 'n ywer om die feeste by te woon en om selfonderhoudend te wees.

Dat die Christendom 'n groot uitwerking op die beweging gehad het, is duidelik. Aanvanklik was die invloed van die Christendom deur Spiritualistiese sektes, veral die Apostoliese Geloofsending, baie sterk. By die stigting was daar ook die begeerte om Skrifgefundeerd te wees en het hulle ook probeer om aan Jesus Christus 'n belangrike plek toe te ken. Daar was egter geen vaste fondament waarop gebou kon word nie. Daar was geen opgeleide leiers nie.

Die begeerte alleen om 'n Christelike kerk te wees, kon hulle die doel nie laat bereik nie, omdat hulle die band met die kerk van Christus en die leiding van diegene wat met die Woord kón lei, ontbeer het. So het dus gebeur wat Sundkler ook be-

weer het, nl. dat die Bantoeseparatiste dikwels 'n brug na die godsdiens van die verlede vorm.[1] In dié verlede was hulle nog gewortel en daarin was hulle tuis. Dit was, by alle ontwrigting wat daar reeds was, tog nog die lewensmilieu waarin hulle tuis was. Ook die Woord wat hulle net oppervlakkig ontvang het en nie in sy diepte kon verstaan nie, het geleidelik van minder belang geword en selfs uit die daaglikse lewe van die groot massas van die Z.C.C. verdwyn.

Veral in die sin waarvan Jesus in Joh. 5:39 spreek, het hulle die Skrif nie verstaan nie. Jesus het vir die Jode gesê: „Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van **My** getuig." Die wyse waarop hulle met die Skrif omgegaan het, het hulle nie by Christus gebring nie. Hulle het niemand gehad wat soos Filippus vir die Ethiopiër die evangelie van Jesus kon verkondig wanneer hulle wel nog die Skrif gebruik het nie.[2] So het die Skrif ook betekenisloos geword en geleidelik 'n al kleiner rol gespeel. Dit het selfs 'n magiese middel geword omdat die blote aanwesigheid daarvan gewaardeer is, maar dit soms nie eens gelees is nie. Individuele lede van die Z.C.C. het egter as uitsonderings op die groot groep die Skrif getrou gelees.

Tesame met die verdwyning van die Woord op die agtergrond het die opbloei van geloofsgenesing en magiese genesing gekom. Rituele en reinigingseremonies het toegeneem, en 'n verskeidenheid van middele is op magiese wyse gebruik.

---

1 Sundkler, op. cit., p. 302.
2 Hand. 8:35.

Aan hierdie toestand het eers 'n kentering begin kom toe Edward Lekganyane weer die Woord begin soek en sy opleiding ontvang het. Sedertdien is daar 'n groter begeerte om werklik die Woord te laat spreek. Weens die feit dat die regte leiding en opleiding nog steeds ontbeer word, is die groot getalle in die Z.C.C. egter nog nie deur die verandering geraak nie. Reformasiepogings van Edward Lekganyane het ook op die vaste patroon wat reeds aangeneem is, gestuit.

## 2 Die oorsake van die beweging

Wanneer die oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C. behandel word, moet in gedagte gehou word dat die oog op die beweging self gerig moet word, maar terwyl daar soveel soortgelyke bewegings in die wêreld is en in die Republiek van Suid-Afrika, sal dit ook nodig wees om na gemeenskaplike faktore te soek.[3] Barrett kom dan ook tot die gevolgtrekking dat daar baie faktore is wat in elke geval geld maar ook ten opsigte van al die gevalle saam.[4] Hy meen egter dat dit moontlik is om al hierdie faktore tot 'n enkele basiese oorsaak te herlei.[5]

Barrett skryf verder van openlike reaksie wat sigbaar word in die selfststandige bewegings en van latente reaksie waar dieselfde faktore werksaam is, maar nog in die kerke.[6] Hieruit is dit duidelik dat hy die hele verskynsel wat binne sowel as buite die kerk bestaan,kan sien as 'n ysberg waar die wegge-

---

3 Barrett, op. cit., p. 96.
4 Ibid.
5 Ibid., p. 98.
6 Barrett, op. cit. p. 6. Vgl. Margull, H.J. Aufbruch zur Zukunft, p. 10.

breekte bewegings voorgestel word deur die top van die ysberg wat bo die water is, en die res is nog latent binne die kerke. Maar dit toon ook aan in hoe 'n mate die faktore reeds werksaam is voor die ontstaan van die onafhanklike bewegings. Die faktore wat dus in die bewegings sigbaar is en hulle aard bepaal, was reeds werksaam voordat die bewegings ontstaan het.

As oorsake dus genoem word, moet die oog eintlik gevestig word op drie terreine sover dit elke beweging afsonderlik en al die bewegings saam aangaan, nl. die Bantoe in sy ou bestaan voor die koms van die Christendom, die Bantoe in die kerke en die Bantoe wat reeds in onafhanklike bewegings is.

2.1 Sundkler wys na Gore wat reeds in 1910 tydens die Wêreld Sendingkonferensie te Edinburgh van 'n „tendency to drift" gespreek het.[7] Hiermee het hy die neiging van die Protestantse Christendom bedoel om nie aan vaste ankers te hou nie. Hy wou dit weer beklemtoon dat vir 'n voortdurende lewe in die kerk dit nodig was om aan beginsels vas te hou. Daar het 'n neiging gekom om onseker te wees van die dinge wat altyd as seker beskou is. Duidelike lyne is laat vaar en 'n soort relativisme het ontstaan. Wanneer Sundkler nou hierna verwys, is dit duidelik dat hy wil aandui dat hierdie neiging wat reeds by die Blanke aanwesig was, sy vernietigende uitwerking eers getoon het in die groot omvang wat dit by die Bantoe aangeneem het. Kraemer maak melding van 'n onsekerheid wat op alle terreine gekom het deur die relativisme, en sê dat die onsekerheid eintlik spruit

---

7 Sundkler, op. cit., p. 17.
Vgl. vir Gore se verset teen relativisme t.o.v. verskillende kerklike belydenisse: Durand, J.J.F. Una Sancta Catholica in sendingperspektief, p. 178-179.

uit die relativisme op religieuse gebied.[8] In die Bantoe-Christendom het hierdie verskynsel veral daarin tot uiting gekom dat daar nie aan gevestigde belydenisse vasgehou is nie, maar dat elkeen sy eie verklaarder geword het.

2.2 As 'n baie belangrike rede vir bewegings soos die Z.C.C. word daar telkens weer deur teoloë en volkekundiges gewys op die feit dat daar nog veel uit die Bantoe-heidendom in die bewegings bly voortbestaan het. Vir Sundkler was dit ook een van die belangrikste redes vir die ontstaan van die bewegings. Wat die onafhanklike bewegings onder die Zoeloes betref, sê hy dat dit beskou kan word as teken van 'n innerlike opstand teen die witman se godsdiens, en daarom kan in die bewegings baie bewyse gevind word van die **lewenskragtigheid van die religieuse en** kulturele erfenis van die Bantoe. In hierdie bewegings kry die eie erfenis dan 'n eervoller plek as in die gevestigde kerke.[9] Oosthuizen sê dat die ou godsdiens van Afrika en die profete hulle houding aanpas by moderne omstandighede en probeer om die Christelike godsdiens aan te trek. In wese bly hulle egter op die tradisionele kultuur steun.[10] As die kors van die uitwendige voorkoms in die bewegings weggeskraap word, word daar dan dikwels die onderstroom van die tradisionele godsdiens en kultuur gevind.[11] As reaksie teen die Christendom wat deur die sending gebring is, het daar weer genesing deur magiese gebruike en toordery gekom, is die inheemse aspekte van aanbidding en leierskap weer beklemtoon en chiliastiese en messiaanse verwagtinge opgewek.[12] In die „Statement on African Independent

---

8 **Kraemer, H. The Christian message in a non-Christian world, p. 6.**
9 Sundkler, op. cit., p. 19.
10 Oosthuizen, op. cit., p. 30.
11 Ibid.
12 Ibid., p. 31.

Church Movements" word gestel dat die voorvaderkultusse wat deel vorm van die wêreldbeskouings, deur die Westerse wêreld verwerp is, maar dat dit weer as wesenlike deel van die religie in sommige van die bewegings opgeneem is.[13] Margull beweer dat, al sou die bewegings ook randverskynsels wees, dan is hulle nog die uitdrukking van kragte wat wyd om hulle weksaam is, al is dié kragte nie op die hele volk toegespits nie.[14] Ondanks die sigbare vorms van die Christendom, kan daar dus 'n algemene basis van 'n sluimerende heidendom wees. Ook Barrett verwys in sy groepering van oorsake na die heidendom wat weer herleef.[15] Dammann meen dat die neiging om terug te keer tot die toestand waar die leier ook die religieuse middelpunt van die stam is, 'n belangrike rede vir die ontstaan van die bewegings is.[16]

2.3 Dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling, rasse-segregasie, geen gelykstelling) 'n belangrike rede vir die ontstaan en besondere aard van bewegings soos die Z.C.C. is, is veral sterk deur Sundkler betoog. Hy verwys na die Calvinistiese tradisie in Suid-Afrika wat geen gelykstelling wou aanvaar nie en na die liberale tradisie wat gelyke geleenthede wou gee. Nie een van hierdie beleide sou konflik meegebring het as die teenoorgestelde beleid nie daarop ingewerk het nie. Dit hêt egter gebeur.[17]

---

13 Hayward, V.E.W. Statement on African independent church movements. (In Hayward, African independent church movements, p. 75.)
14 Margull, op. cit., p. 10.
15 Barrett, op. cit., p. 94.
16 Dammann, E. Das Christusverständnis in nach-christlichen Kirchen und Sekten Afrikas. (In Benz, E. red. Messianische Kirchen, Sekten und Bewegungen im heutigen Afrika, p. 20.)
17 Sundkler, op. cit., p. 17.

Uit die feit dat in die Republiek van Suid-Afrika die onafhanklike bewegings die meeste floreer, kom Sundkler dan juis tot die gevolgtrekking dat dit die beleid van apartheid is wat die grondoorsaak van die bewegings is.[18] Die bestaan van die bewegings is vir hom verder ook die gevolg van die posisie in verband met grondbesit.[19] Baie van die onafhanklike bewegings vloei, volgens hom, voort uit die werkloosheid wat as gevolg van werkreservering ontstaan het. Daarom, meen hy, bestaan daar juis aan die Witwatersrand soveel van hierdie onafhanklike bewegings.[20] Wat die sosiale verhoudinge betref, beweer hy dat segregasie en die kleurskeidslyn „have indeed raised up a plate glass wall between White and Black also in South Africa."[21] Dit is duidelik dat hy ook die invloed van skeiding op sosiale vlak as 'n sterk bydraende faktor vir die onafhanklike religieuse bewegings onder die Bantoes beskou.

In die byvoeging in 1961 by sy oorspronklike boek, gee Sundkler 'n verdere verduideliking oor die wyse waarop afsonderlike ontwikkeling die bestaan van die onafhanklike religieuse bewegings onder die Bantoes begunstig.[22] Bantoes voel dat hulle daarmee die beleid van afsonderlike ontwikkeling steun. Ander sê dat dit die geleentheid bied vir die Bantoe om tot selfstandigheid te kom terwyl hy andersins vertraag word deur die leiding van die Blankes. Daar is meer geleentheid om op die patroon van afsonderlike ontwikkeling ook in hulle eie geledere tot leiers uit te styg. Hiermee het Sundkler 'n ander kant van die invloed van die skeiding tussen Blanke en Bantoe na vore gebring as in 1948 by die eerste verskyning van sy boek.

---
18 Sundkler, op. cit., p. 32.
19 Ibid., p. 33.
20 Ibid., p. 34.
21 Ibid., p. 35.
22 Ibid., p. 304.

Dis dus nie net uit negatiewe reaksie teen die beleid dat die onafhanklike bewegings ontstaan het nie, maar die bestaan van afsonderlike ontwikkeling word aangegryp as 'n geleentheid waarbinne die eie religieuse beweging gestalte kan aanneem.

Barrett verwys na die redes wat gewoonlik genoem word vir die bestaan van onafhanklike religieuse Bantoebewegings en sê dan dat die fundamentele oorsake dikwels in die bestaan van een of ander sosiale ongeregtigheid gesoek word. So word deur verskeie skrywers apartheid as die grondliggende oorsaak aangedui. Waar apartheid egter nie bestaan nie, word dit dan gesoek in faktore soos die inpalming van grond van die Bantoe deur die Blanke, stryd om heerskappy tussen Bantoe en Blanke, ens.[23] Barrett verwerp egter hierdie faktore as grondoorsake vir die ontstaan van die bewegings.[24]

Verskeie skrywers het Sundkler nagevolg in sy bewering dat apartheid as so 'n belangrike oorsaak vir die ontstaan van dié bewegings beskou moet word. Soms word dit behandel as een van die politieke faktore.

2.4 <u>Kultuurbotsing en kulturele ontwrigting</u> ontvang steeds meer klem as faktor wat die onafhanklike bewegings laat ontstaan het. Oosthuizen stem saam met die bewering wat in 'n verslag van die Internasionale Ekumeniese Studiekonferensie van Salonika (1959) gemaak word, nl. dat die vinnige sosiale veranderinge mense terugwerp op die tradisionele wêreldbeskouing terwyl die kerke dikwels in gebreke gebly het om hierdie tradisionele wêreldbeskouing te verstaan. Die intensiteit van die druk lei

23 Barrett, op. cit., p. 94.
24 Ibid., p. 96.

tot frustrasie en uiteindelik tot die vind van eie oplossings.[25] Daar is 'n nuwe hunkering na die veiligheid van die ou kultuur en sosiale bindinge.[26] Die Christendom het ook juis dikwels 'n breuk met die stam of die familie veroorsaak of gevra.[27] Die ontworteling uit die tradisionele kultuur word die duidelikste uitgespreek in die begeerte van die Amerikaanse Raad vir Sending onder die Indiane dat die heidene Engels in hulle taal moes wees, beskaafd in hulle gewoontes en Christelik wat die godsdiens betref.[28] Veral die Angelsaksiese sending het dikwels doelbewus die Westerse kultuur probeer oorplant ten koste van die inheemse.[29]

Beyerhaus sê dat die messiaans-nativistiese bewegings die gevolg is van kultuurbotsing. Daar is 'n verlange om weer die dinge te besit waarin hulle tuis en veilig voel.[30] Baie heidene het die Blanke se kultuur met Jesus vereenselwig en het dan vir hulleself die besluit geneem dat hulle 'n eie swart messias moes hê om vir hulle die welvaart en veiligheid in hulle eie tradisie te verseker.[31] Ook Katesa Schlosser wys op die sterk drang om in die eie lewensmilieu te kan voortbestaan.[32]

---

25 Oosthuizen, op. cit., p. 30.
26 Ibid., p. 31.
27 Ibid.
28 Beyerhaus, P. Die Selbständigkeit der jungen Kirchen als missionarisches Problem, p. 53.
29 Du Plessis, H. Geskiedenis van die sendingwetenskap, p. 65-66.
30 Beyerhaus, P.Begegnung mit messianischen Bewegungen. Zeitschrift für Theologie und Kirche, vol. 64, 1967,p.514.
31 Dammann, op. cit., p. 19.
32 Schlosser, Katesa. Profane Ursachen des Anschlusses an Separatistenkirchen in Süd- und Südwestafrika. (In Benz,E. red. Messianische Kirchen, Sekten und Bewegungen im heutigen Afrika, p. 36.)

Met die aanraking en die latere intensiewe beïnvloeding van tradisionele Afrika deur die Westerse kultuur en tegniek het daar ook vereensaming gekom. Uit hierdie vereensaming is daar dikwels 'n teruggrype na die ou godsdiens.[33]

2.5 Eiselen en Oosthuizen noem die Blanke se voorbeeld as faktor wat meewerk tot die verskynsel van onafhanklike religieuse Bantoebewegings. Volgens Eiselen is die kwantiteit van Bantoe-christene deur die kontak met die Blanke verhoog, maar die kwaliteit is verlaag. Hy sien as rede hiervoor ook die ongerymdheid tussen belydenis en lewe van die Blanke.[34] Oosthuizen sê dat sulke ongerymdhede in Europa tot ateïsme gelei het, maar in Afrika lei dit tot onafhanklike bewegings.[35] Sundkler vereng hierdie bewering van Eiselen om dit hoofsaaklik toe te pas op die skeiding van Blanke en Bantoe.[36]

2.6 Die verlange na 'n suiwer Bantoekerk is reeds deur Eiselen as 'n rede genoem vir die ontstaan van onafhanklike bewegings.[37] Hierin kan vir die Bantoe weer die eenheid en religieuse geïntegreerdheid van die lewe tot uitdrukking kom en is daar weer die gevoel van 'n saambindende broederskap.[38] Daar is 'n hunkering na die eie van die Bantoelewe met sy organisasie en sy feestelike hoogtepunte.[39]

---

33 Du Plessis, H. Die primitiewe religies en die Christendom in Afrika. Koers, vol. 33, 1965/66, p. 203.
34 Eiselen, W.M. Christianity and the religious life of the Bantu. (In Schapera, I. red. Western civilization and the natives of South Africa, p. 73.)
35 Oosthuizen, op. cit., p. 31.
36 Sundkler, op. cit., p. 36-37.
37 Eiselen, op. cit., p. 75.
38 Martin, op. cit., p. 168-169.
39 Schlosser, Profane Ursachen, p. 42.

2.7 Schlosser meen dat daar 'n noue relasie tussen die <u>persoonlikhede van die stigters</u> van die bewegings en die ontstaan van die bewegings is.[40] Eiselen sê dat hulle ook heel dikwels swartskape was in die kerke waar hulle eers was.[41] Die stigter van so 'n beweging is dikwels 'n charismatiese profeet.[42]

2.8 <u>Ekonomiese en politieke redes</u> word dikwels aangegee vir die groot omvang van bewegings soos die Z.C.C. Hier is natuurlik ook noue verband met wat reeds onder 2.3 behandel is. Shepperson en Price noem die bewegings sielkundige veiligheidskleppe.[43] Marie-Louise Martin sê soos Schlosser dat die bewegings tot 'n mate die gevolg daarvan is dat politieke uitlewing nie moontlik is nie. Daarom kom dit op religieuse gebied.[44] Barrett verwys ook na Andersson, Mair, Shepperson en Balandier wat almal meen dat daar 'n nou verband tussen die onafhanklike bewegings en die gebrek aan politieke uitlewing is.[45] Die politieke en ekonomiese oorsake word dikwels met mekaar in verband gebring.[46]

2.9 Dit word algemeen erken dat die <u>verdeeldheid onder die kerke</u> van Westerse oorsprong baie bygedra het tot die maklike wyse waarop onafhanklike bewegings onder die Bantoes gestig is. Volgens Oosthuizen is dit ook een van die belangrikste oorsake van die onafhanklike bewegings.[47]

---

40 Schlosser, Eingeborenen-kirchen, p. 2. Vgl. Profane Ursachen, p. 38.
41 Eiselen, op. cit., p. 75.
42 Dammann, op. cit., p. 19.
43 Oosthuizen, op. cit., p. 32.
44 Martin, op. cit., p. 166. Vgl. Schlosser, Eingeborenen-kirchen, p. 4 en ook Dammann, op. cit., p. 18.
45 Barrett, op. cit., p. 93.
46 Ibid., p. 93-94.
47 Oosthuizen, op. cit., p. 10.

2.10 Luzbetak wys op die leemte wat deur onvoldoende kategetiese onderrig gelaat word.[48] Hiermee hang die hele saak van oppervlakkige Woordbediening baie nou saam. Ook aan die Ou Testament veral, moet daar aandag bestee word.[49] Hiermee verwant is ook die probleem van deeglike opleiding van inheemse bedienaars van die Woord.[50]

2.11 Gebrekkige kommunikasie moet ook as oorsaak genoem word en veral in aansluiting by die voorafgaande. Luzbetak sê dat hoe duidelik die sendeling **ook al die Bybel** oordra, dit nog altyd so is dat die ontvanger dit interpreteer binne die raamwerk van sy tradisionele besit.[51]

2.12 'n Baie belangrike rede vir die ontstaan en bestaan van dié bewegings word deur Beyerhaus genoem. Dit is die feit dat dié bewegings ook antwoord is op die verkondiging van die Evangelie.[52] Uit 'n sekere oogpunt gesien, is dit dié allesomvattende oorsaak vir die bewegings se bestaan.

2.13 Die sug by die Bantoe om die volheid van die koninkryk in die hede verwerklik te sien, is 'n faktor wat ook deur verskeie skrywers genoem word vir die ontstaan van die bewegings.

---

48 Luzbetak, L.J. Christo-Paganism. Practical anthropology, vol. 13, 1966, p. 128.
49 Oosthuizen, op. cit., p. 174.
50 Ibid.
51 Luzbetak, op. cit., p. 120.
52 Beyerhaus, P. Vom verstehen messianischer Bewegungen. (In Beyerhaus, P. red. Begegnung mit messianischen Bewegungen in Afrika, p. 9.)

Beyerhaus en Oosthuizen spreek hier van 'n gerealiseerde eskatologie.[53] Die drang om geluk nou te beleef, hang saam met die begeerte na meer lewenskrag. Häselbarth, Martin en Sundkler spreek van „revelation here and now". Dis egter mêêr as dit, nl. 'n begeerte tot manifestasie van die heil, verwerkliking.[54]

2.14 Ander faktore: Met die noem van bogenoemde faktore is nie naastenby alles wat in die literatuur gegee word, uitgeput nie. Die motief van suiwering van vreemde elemente, bloot historiese oorsake, die verlange na 'n utopiese toestand, opkomende nasionalisme, kommunisme, die onvermoë van die nuwe om al die elemente van die oue te vervang, ongerigte seleksie, oneweredige ontvangs van die Evangelie, die gebreke van die sending en baie ander oorsake kan nog uit die literatuur genoem word.

Meestal word die oorsake vir die hele verskynsel van onafhanklike bewegings gesoek en moet daar beoordeel word, wanneer 'n besondere beweging soos die Z.C.C. behandel word, of dit ook van toepassing is op diê beweging. Dit is duidelik dat by die groot variasie van oorsake wat gegee word, dit dikwels maar dieselfde saak is wat net van verskillende kante benader word.

---

53 Beyerhaus, Zeitschrift für Theologie und Kirche ... p. 512.
Oosthuizen, op. cit., p. 96. Vgl. Martin, op. cit., p. 132.

54 Häselbarth, op. cit., p. 16.
Sundkler, op. cit., p. 279.
Martin, op. cit., p. 135.
Vgl. ook Oosthuizen, op. cit., p. 91.

HOOFSTUK 5

# OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE Z.C.C.

## INDELING VAN DIE OORSAKE

## ONMIDDELLIKE ONTSTAANSFAKTORE

Tussen die oorsake vir die ontstaan van die Z.C.C. en die huidige aard of bestaanswyse met sy kenmerkende trekke, is daar die nouste verband. Die oorsake was nie net die dryfkragte agter die totstandkoming van die Z.C.C. nie, maar bepaal ook die wyse van sy bestaan.

In die volgende hoofstukke, d.i. 5 tot 9, sal nou hierdie oorsake behandel word. Dit is nie net redegewend vir die ontstaan nie, maar ook vir die huidige voorkoms van die Z.C.C.

### 1 Indeling van die oorsake

Uit die oorsig oor die oorsake is dit reeds duidelik dat daar 'n groot verskil is tussen die ontstaan van hierdie onafhanklike bewegings en die afskeidings van Westerse kerke af deur Blankes. By lg. het dit altyd om leerstellige redes gegaan, maar in die geval van die Bantoe-separatiste is daar nie sprake van sulke oorsake nie.[1]

---

1 Barrett, op. cit., p. 92.

Barrett wil 'n poging aanwend om 'n basiese faktor vir die bewegings te vind deur die faktore in te deel.[2] In hierdie en soortgelyke indelings word twee tipes faktore genoem, nl. die onmiddellike aanleidende oorsake en die faktore wat oor 'n lang termyn en as dieper agtergrond aanwesig is.[3] Barrett maak dan 'n indeling in die twee hoofgroepe, nl. die onmiddellike ontstaansfaktore en die agtergrondoorsake. Laasgenoemde wat hy uit die bestaande literatuur neem, deel hy in onder agt hoofde, nl. historiese, politieke, ekonomiese, sosiologiese, etniese, nie-religieuse, religieuse en teologiese oorsake.[4]

Deur gebruik te maak van statistiese metodes kom Barrett tot die gevolgtrekking dat die akkumulasie van oorsake tot die ontstaan van die bewegings aanleiding gee, maar dat 'n enkele algemene verklaring ten grondslag van al die oorsake lê.[5]

Vir Sundkler is die grondoorsaak in die Republiek van Suid-Afrika bv. die beleid van rasseskeiding.[6] Vir Barrett is dit dat die liefde van die sending en die begrip vir die Afrikamens te kort geskiet het en dat die Bantoe dit as 'n tekortkoming gesien het by die lig van die Skrif wat hulle in hulle eie taal ontvang het.[7]

Vir twee uiterstes moet by 'n indeling gewaak word, nl. dat dit juis so móét wees dat daar slegs een worteloorsaak moet wees en aan die anderkant dat daar geen verband is tussen die baie oorsake wat genoem kan word nie. By 'n indeling moet ver-

2 Barrett, op. cit., p. 92.
3 Ibid.
4 Ibid., p. 93-96.
5 Ibid., p. 98.
6 Sundkler, op. cit., p. 32.
7 Barrett, op. cit., p. 156.

der in gedagte gehou word dat dit tot die dieper agtergrond herlei moet word en dat die indeling tog omvattend moet wees.

Op grond van hierdie vereistes skyn dit asof die volgende 'n beter indeling kan wees:

1.1 Onmiddellike ontstaansfaktore.

1.2 Voortbestaan van die oue in die bewegings.

1.3 Die oorsake afkomstig van die Christendom en Westerse beskawing.

1.4 Nie-religieuse oorsake uit die moderne tyd.

1.5 Die pogings tot 'n sinvolle sintese tussen die oue en die nuwe.

Ook by dié indeling is 'n waterdigte skeiding nie moontlik nie. Onmiddellike ontstaansfaktore is dikwels so nou met die hele voorafgaande toestand verweef dat dit daarvan byna nie geskei kan word nie. Verder is dit duidelik dat uit die Westerse beskawing en die Christendom oorsake van religieuse aard én van nie-religieuse aard kom. Hier is dit ook moeilik om te onderskei. Omdat die tradisionele lewe van die Bantoe ook so is dat sy hele lewe in al die fasette godsdienstig geïntegreerd is, is dit moeilik om van nie-religieuse faktore te spreek. Op sigself mag die oorsake dan nie religieus van aard en oorsprong wees nie, maar dit tref die Bantoe altyd in sy religieuse bestaan.

Al hierdie oorsake spreek van ontwrigting en verwardheid waaruit daar na 'n nuwe sinvolle lewe gesoek word. Beyerhaus sê dat die messiaans-nativistiese bewegings die „Aufschrei einer im Kulturzusammenprall zusammengebrochenen Lebensgemeinschaft" is.[8] Oosthuizen sê: „Many Africans are locked out of their

8 Beyerhaus, Zeitschrift für Theologie und Kirche, p. 514.

'old' houses and find themselves in the barren desert of individualism."[9]

## 2 Die onmiddellike ontstaansfaktore

Hierdie onmiddellike ontstaansfaktore is gewoonlik aanwesig as die laaste strooitjie wat die kameel se rug laat breek. Dit laat die latente toestand uitbreek in 'n nuwe beweging. Dit bring die breuk wat reeds lankal gedreig het.

Wat Engenas Lekganyane betref, was 'n onmiddellike oorsaak ook aanwesig. In 'n geding om die leierskap in die gemeente van die Apostoliese Geloofsending waaraan hy behoort het, het hy weggeskeur met 'n aantal volgelinge en sy eie beweging, die Z.C.C., gestig.[10] Die rede was dat hy 'n sterk leierspersoonlikheid gehad het, maar ongelukkig sonder die vermoë om 'n goeie volgeling te kan wees.

Hierdie onmiddellike ontstaansfaktor moet egter nie geïsoleerd gesien word nie. Dit is van groot belang dat dit hier by die begin van die Z.C.C. om leierskap gegaan het, en wel leierskap wat in een persoon gekonsentreer was. So was alles in die ou tradisionele agtergrond ondergeskik aan die hoof in die stam.

Margull spreek van kragte wat wyd om 'n beweging self voortbestaan.[11] Daar is dus op die agtergrond 'n sluimerende mag wat teen die koms van die nuwe dinge wat die kerk en Westerse

---

9 Oosthuizen, op. cit., p. 13.
10 Häselbarth, op. cit., p. 11.
11 Margull, op. cit., p. 10. Vgl. Sundkler, op. cit., p. 240.

kultuur bring, ingestel is. Wanneer hierdie onmiddellike ontstaansfaktor nou te voorskyn tree, dan ontplof die hele toestand feitlik.

Hierdie onmiddellike ontstaansfaktor moet ook nie los gesien word van die beeld wat die Christendom juis in daardie tyd vertoon het nie. Engenas Lekganyane het van sy huis af weggegaan en met 'n verskeurde Christendom in aanraking gekom. Om dit erger te maak, het hy self kennis gedra daarvan hoedat die Apostoliese Geloofsending saam met vyf ander groepe splinters is van die Christian Catholic Apostolic Church in Zion wat uit die V.S.A. hierheen gekom het.

Vir Engenas Lekganyane was dit dus nie so vreemd dat hy ook maar met sy eie beweging kon begin nie. Daar moet onthou word dat hy toe waarskynlik self nog uit die Woord van God geen kennis gehad het oor die roeping tot eenheid in die kerk nie. Hy het die voorbeeld ontvang van leiers wat self nie deur teologiese opleiding gegrond is nie, soos Le Roux, maar wat deur die „Gees" leiers geword het.

* * *

## HOOFSTUK 6

## OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE Z.C.C.

## DIE VOORTBESTAAN VAN DIE OUE IN DIE NUWE BEWEGING

Met die oue word hier bedoel die hele vorige bestaan toe daar nog geen aanraking met die Christendom was nie. Nie alleen die religieuse lewe nie, maar die lewe in sy volle omvang is van belang. Dit sal ook blyk hoedat hierdie heidense bestaan 'n geheel is waarvan die religieuse lewe nie afgeskei kan word nie.

Dat daar uit die ou heidendom nog baie is wat voortbestaan onder die Bantoes wat gekersten is, word deur alle ondersoekers erken. Hierdie elemente word soms bewustelik deur die Bantoe teruggebring, veral omdat hulle ook dikwels 'n aanvoeling het dat dit vir hulle waardevol is. Soms word dit teruggevind in die religieuse bewegings as 'n onbewuste herlewing van iets wat nooit werklik dood was nie. Soms word die oue met 'n Christelike vorm oorklee, maar is in wese tog die oue.

So kan t.o.v. die godsbegrip, die geïntegreerdheid van die godsdienstige lewe met die volle bestaan, magiese gebruike, reinigingsgebruike en -rites, kraggewingsgebruike, rangorde in die kerkregering en ander dinge die voortbestaan van die oue in die nuwe ook in die Z.C.C. gesien word.

Hierdie dinge wat dan uit die oue in die nuwe beweging voortbestaan, was aanleidende oorsake vir die ontstaan van die bewegings en bepaal as steeds lewende en werkende faktore die huidige aard van die Z.C.C.

## 1 Die Godsbegrip

Dit spreek vanself dat die opvatting van God wat daar in die Z.C.C. bestaan, van kardinale belang moet wees. As die opvatting van God nie ooreenkom met die openbaring wat God van Homself gegee het nie, maar ooreenstem met wat uit die heidendom geërf is, kan daar van 'n kerk of van Christendom geensins sprake wees nie. Bavinck sê dat voor die kernvraag „wat hebt gij met God gedaan" alle ander detail verval.[1]

### 1.1 Die opvatting oor God, die Vader

Agter en bo die voorvadergeeste bestaan daar vir die Bantoe 'n Hoogste Wese. Aan hom ken hulle baie mag toe en gebruik verskillende name vir hom wat van plek tot plek verskil.[2] Hierdie bewering wat Tanner t.o.v. die Sukuma-volk maak, geld ewe-eens vir die Sotho- en ander Bantoevolke. Dit is dus nie vreemd dat 'n mens tot die oortuiging kom dat ook in die Z.C.C. hierdie Hoogste Wese eintlik nog 'n voortlewende realiteit is nie. En dit is duidelik dat die rol van God, die Vader, as so 'n hoogste wese gesien word.

Al is die godsdiens wat beoefen word iets wat meer met die voorvadergeeste te make het, word daar altyd besef dat vaag op die agtergrond daar die Hoogste Wese is. Met hom word daar egter normaalweg nie kontak gemaak nie. So skryf Tanner dat daar eintlik 'n monoteïstiese godsbegrip by die Sukuma bestaan en dat dit ook duidelik is uit die gemak waarmee die Christelike

---

1 Bavinck, J.H. Inleiding in de zendingswetenschap, p. 254.
2 Tanner, op. cit., p. 5.

verkondiging van God sonder meer aanvaar word.[3] Dit is duidelik dat hierdie stelling ook t.o.v. die Bantoevolke van die Republiek van Suid-Afrika opgaan.

Van hulle skryf Eiselen dat terwyl voorvadervereering tipies van die Bantoegodsdiens is, dit nie die volle som van die Bantoe se godsdienstige lewe is nie: „Like other primitive peoples they believe in a high god - a sky god perhaps (their theology is very vague on this point) - but they do not worship him."[4]

Die gebruik van die woord Molimo in die Bybel het hierdie vereenselwiging van God, die Vader, met die Hoogste Wese van die tradisionele godsdiens van die Bantoe vergemaklik. So word God die Vader dan ook 'n veraf wese en is Hy nie die Persoonlike God met Wie daar deur Jesus Christus van dag tot dag gemeenskap beoefen word nie. Die werklike gemeenskapsbeoefening is dan beperk tot die geeste.

„Die nativistiese bewegings hou hulle self, net soos die tradisionele godsdiens, nie met die eienskappe van die Hoogste Wese besig nie. Veel meer gaan dit om hoe die voorvadergeeste gestemd is."[5] „Daarom is dit altyd gevaarlik, teologies gesien, om die inheemse begrip vir God te gebruik sonder verdere verduideliking."[6]

---

3 Tanner, op. cit., p. 5.
4 Eiselen, op. cit., p. 67.
5 Oosthuizen, G.C. 'n Antropologies-teologiese ondersoek van die nativistiese bewegings. (In S.A. Akademie vir wetenskap en kuns. Referate, 1966, p. 385.)
6 Ibid.

Ten opsigte van die Basoeto sê Odendaal dat die eienskappe van die heidense opperwese eenvoudig na die God van die Skrif oorgedra is.[7] Volgens Odendaal was die Hoogste Wese 'n onwerklike, onaktiewe en onpersoonlike wese vir die Sotho-volke.[8]

Hierin kom dan ook tot uiting wat Bavinck as 'n algemene karaktertrek van die heidense religies noem, nl. dat by die heidene 'n tendens geopenbaar word dat hulle God wegdu na die onbekende verte. Sy Naam bly wel bewaar; in oomblikke van uiterste nood word Hy ook aangeroep, maar die mens staan nie meer tot Hom in 'n waaragtige betrekking nie.[9] Taylor sê dat die toevlug tot Hom alleen geneem word as die geeste gefaal het.[10] Vir sommige lede van die Tswana-volk is die Modimo verder weg as wat in die verlede die geval was.[11]

Du Plessis beweer: „Dit is nie duidelik of Hy gesien moet word as 'n persoon of as 'n mistieke krag nie. Hy het persoonlike trekke maar is nie 'n persoonlike God nie en soms is Hy meer krag as 'n persoon. Hy word soms gesien as die kosmiese orde wat in Hom saamgevat word."[12] Mokitimi sê dat Molimo as 'n onpersoonlike krag deur die Sotho-volke opgevat is.[13] Hy is ook die gewer van krag.[14]

---

7 Odendaal, A.A. Die Godsbegrip. (In Die heidendom in die sendingkerk en die weerlegging daarvan. Kerk en wêreld, no. 2, 1959, p. 50.) Vgl. Erasmus, op. cit., p. 103.
8 Ibid., p. 50-51. Vgl. Erasmus, op. cit., p. 108.
9 Bavinck, op. cit., p. 256.
10 Taylor, J.V. The primal vision, p. 88.
11 Erasmus, op. cit., p. 105-106.
12 Du Plessis, H. Die primitiewe religies ... Koers, vol. 33, p. 189.
13 Odendaal, op cit., p. 51. Vgl. Erasmus, op. cit., p. 110, p. 94 en Smith, E.W. African ideas of God, p. 22.
14 Du Plessis, Koers, p. 190.

Hierdie opvatting word duidelik in die Z.C.C. weerspieël. Die baruti sien Hom as die Een wat aan Edward Lekganyane op sy gebed die krag gee om mense te genees. Ook wanneer die baruti self bid oor die water sodat dit kragtig moet word om diegene te genees wat dit drink, bid hulle tot Hom. Van 'n persoonlike God is daar egter byna geen bewuste uitdrukking nie. God is vir hulle meestal veraf, al is Hy die Hoë in Wie die mag uiteindelik saamgetrek is. So sê Taylor dat die Afrikabeskouing nie van mense wat uit die paradys gedryf is, vertel nie, maar van God wat uit die wêreld verdwyn het. Dit is die mens, nie God nie, wat steeds roep: Waar is U?[15]

Dr. J.A. van Wyk skryf dat dit lyk of die god volgens hierdie gedagtes, hom in die natuur terugtrek.[16] Daarom moet die mens ook met die natuur een word en moet hy by die sosiale en natuurorde inskakel.[17] Gelfand sê daarom dat dit vir die Suidelike Bantoe baie belangrik is dat hy met die natuurorde sal konformeer, daarmee in vrede sal lewe.[18] Dit is 'n feit dat in die Z.C.C. die gedagte bestaan dat met Modimo net geskakel kan word deur die hele hiërargiese orde van plaaslike hoofde, hoofde van groter sentra en uiteindelik die hoofleier. So was dit in die ou tradisionele godsdiens.[19]

## 1.2 Die opvatting oor die Heilige Gees

Oosthuizen noem die mees ingewikkelde teologiese probleem van Afrika die verwarring wat daar t.o.v. die voorvaderlike

---

15 Taylor, op. cit., p. 84.
16 Van Wyk, J.A. God, mens en wêreld... Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, vol. 9, p.38.
17 Ibid., p. 39. Vgl. Erasmus, op. cit., p. 107 en veral p. 112 oor die vereenselwiging met die kosmos.
18 Gelfand, M. African background, p. 118.
19 Erasmus, op. cit., p. 99.

geeste en die Heilige Gees bestaan.[20] Die wanbegrip van die Persoon en werk van die Heilige Gees in Afrika is nie tot die nativistiese bewegings beperk nie, want baie van die Pentakostalistiese bewegings openbaar dieselfde wanbegrip. Hierdie beweging in Afrika is baie deur Neger-Baptiste en Pentakostalistiese sektes van die V.S.A. beïnvloed. Die wanbegrip van die Heilige Gees wat die groot probleem vir die kerk in Afrika is, is nie alleen aan die sterk aanvoeling in Afrika van die bonatuurlike wêreld te wyte nie, maar veral ook aan die feit dat die Bantoe wesenlik suprarasioneel en suprahistories ingestel is.[21]

Turner se gevolgtrekking kom ooreen met bogenoemde uitspraak van Oosthuizen: „In summary, we conclude that this African pentecostal church reveals an extensive place for the Holy Spirit in its life, but that this virtue may also be its greatest defect and may prove to be its most serious danger, for it is linked to an inadequate understanding of Jesus Christ."[22] Wat Turner bevind van die Aladura bewegings, beklemtoon ook die erns van die dwaling t.o.v. die Heilige Gees.

Die teruggrype op die voorvaderlike geeste hang saam met die verwerping van die „wit Christus". Die profeet van die Sioniste in sy reaksie teen die geestelike oorheersing deur die Weste, keer na die verlede terug. In sy belydenis is daar dan geen plek meer vir 'n „bleek wit Christus" nie. Sy plek is deur iemand ander ingeneem. Die weiering om die „Wit

---

20 Oosthuizen, Post-Christianity, p. 120.

21 Ibid. Vgl. Oosthuizen, G.C. The misunderstanding of the Holy Sirit in the independent movements in Africa. (In Christusprediking in de wereld, p. 172.)

22 Turner, op. cit., dl.2, p. 343.

Christus" te aanvaar, laat dan die Bantoe na die voorvaders terugkeer, na die „blood and soil" van die stam.[23] So kom dan ook die verwerping van Christus, bewus of onbewus, die terugkeer na die voorvaderlike geeste en is daar dikwels maar 'n gewaande oortuiging dat daar 'n verbintenis met die Heilige Gees is. Die verwarring tussen die geeste en die Heilige Gees kan alleen vermy word as daar besef word dat die Heilige Gees altyd van die teenwoordigheid van die lewende Christus getuig.[24] „Wir sollen daher nicht der alten Versuchung verfallen, die Pneumatologie von der Christologie zu isolieren."[25]

Juis deur die feit dat God tot 'n onaktiewe randbegrip weggestoot word, kom daar vir die heiden ruimte vry vir die verering van die voorvadergeeste.[26] So was dit ook by die meeste Bantoevolke. Verering van die geeste het 'n prominente plek ingeneem. Met die geeste is die persoonlike kontak gevoel wat daar nie met die Hoogste Wese gevoel is nie. Die geeste het ook meer direk met hierdie lewe te make.

Turner sê dat die eerste oortuiging van die onafhanklike bewegings die pneumatologiese beskouing van die God van die Skrifte is. Die teenwoordigheid van God is dan duidelik in die Heilige Gees wat in die krag wat Hy gee, sy aanwesigheid toon. Hy openbaar die wil van God, lei in gevare en vervul met krag tot gebed, profesie en genesing.[27] Die Gees word nog in verband gebring met God, maar nie met Christus nie.[28]

---

23 Sundkler, op. cit., p. 289.
24 Häselbarth, op. cit., p. 22. Vgl. Joh. 16:13-14.
25 Häselbarth, op. cit., p. 22.
26 Bavinck, Inleiding ... p. 260.
27 Turner, op. cit., dl. 2, p. xvii.
28 Ibid., p. 341.

Die oue is dus hier 'n rede vir die bestaans<u>wyse</u> van die nuwe, die Z.C.C., omdat dit as erfenis oorgeneem is. Ontstamming het nog nie die gemeenskapsbewussyn van die Bantoe vernietig nie. En in hierdie bewussyn is die verering van die voorvaderlike geeste belangrik.[29] „The dead, the living and the unborn are a continuum and **represent not** so much a personal immortality but a survival in an ancestor group, just as he or she has lived in a group life."[30]

Met die voorvadergeeste is daar dus die allernouste band. Hulle word wel nie aanbid nie en word soms met minagting behandel, maar tog is dit deel van die godsdiens van die Bantoe dat hulle genader word. Hulle word gevrees en geëer.[31] Daar is 'n wedersydse afhanklikheid tussen die lewendes en die voorvadergeeste.[32]

Dusia en Pauw wys daarop dat die voorvaderlike geeste steeds 'n belangrike plek in die godsdiens van die Neger en die Bantoe bly behou.[33] In die Tswanavolk is die voorvaderverering egter nie so sterk nie.[34] Tog speel dit ook 'n belangrike rol by hulle.

Lediga beskryf die rol wat die voorvadergeeste in die lewe van die swart volke van Afrika speel: „We worship the spirits of our ancestors ... we feel and see their existence. African religions have laws, formulae, cultures, ways of life, but the

---

29 Oosthuizen, G.C. Post-Christianity ... p. 120.
30 Tanner, op. cit., p. 13.
31 Du Plessis, H. <u>Koers</u>, p. 188-189.
32 Ibid., p. 188.
33 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 121.
34 Pauw, B.A. African Christians and their ancestors. (<u>In</u> Hayward, op. cit.)

essential thing is that your life should always be identified by the will of the spirit, at work and at play, at worship, at a wedding perhaps, at meal times, in the harvesting and preparation of your food. Everything you do, is governed completely by the will of the spirits, which behave according to the laws of the community."[35]

Welbourn bevestig wat Lediga sê as hy beweer dat die gebeurtenis wanneer 'n vrou gedurende die diens op die grond val, alleen maar die kulminasie is van die belewing **van die „Gees" wat die hele lewe deurtrek.**[36]

In die geval van Shembe word die swart Christus die personifikasie van die Heilige Gees.[37] By die Z.C.C. gebeur dit nie met Lekganyane nie. Die opmerking wat sommige lidmate van die Z.C.C. maak dat hulle deur Edward Lekganyane bid, moet waarskynlik in die lig daarvan gesien word dat sommige persone die skakel tussen die mense en die geeste vorm.[38] Van groot belang is juis dan ook dat die hoofman die skakel met die voorvadergeeste is. Dis waarskynlik hieraan toe te skrywe dat daar in die Z.C.C. soveel van die Lekganyanes in die vroeëre tyd verwag is. Hulle was eintlik die middelaars wat die krag meegedeel het. Hulle alleen het die verbinding met die geestewêreld bewerk. Daarom is die feeste ook van so 'n groot betekenis, want dan kan elke lidmaat by hierdie middelaar tussen die geeste en die mense uitkom.

---

35 Oosthuizen, Post-Christianity, p. 129.
36 Welbourn, F.B. & Ogot, B.A. A place to feel at home, p. 96.
37 Oosthuizen, Post-Christianity, p. 125.
38 Schlosser, Eingeborenenkirchen ... p. 203.

Die lewendes het geen direkte verbintenis met hulle voorvaders nie, maar die voorvader maak homself aan sy afstammeling bekend deur middel van die „diviner-magician" of deurdat hy besit neem van die afstammeling. Dan word so 'n persoon onbeheersd.[39] Van Rooy beweer dat daar soms die begeerte is dat die „Gees" besit moet neem van 'n persoon.[40] Aangesien hierdie bewerings van Tanner en Van Rooy ook t.o.v. die Z.C.C. waar is, word die „geestesverskynsels" wat veral in die vroeëre stadium van die Z.C.C. voorgekom het, meer verstaanbaar.

Verder word ook die geweldige aansien van die biskop verklaar. Afgesien van die sterk messiaanse eienskappe wat aan hom toegeken word, is hy ook die groot skakel met die wêreld van die geeste wat vir die stam (hier die Z.C.C.) as geheel die sake by die geestewêreld regmaak. Die kaptein wat die hoofafstammeling van die vernaamste clan in sy gebied is en wie se verbintenis met sy voorouers in die verlede die welsyn van die hele stam geraak het, was verantwoordelik om versoeningseremonies ter wille van groot getalle mense uit te voer.[41]

Vir die ontstaan van sektes is al dikwels aangevoer dat die Heilige Gees in die kerk van die Here òf nie aanwesig is nie òf onderdruk word. Baëta sê dat in die algemeen beweer kan word dat mense gewoonlik by spiritualistiese bewegings aansluit wanneer hulle iets voel ontbreek waar hulle is en glo dat die nuwe kerk of beweging dit aan hulle sal gee.[42]

---

39 Tanner, op. cit., p. 17. Vgl. Oosthuizen, in Christusprediking ... p. 187.

40 Van Rooy, op. cit., p. 37.

41 Tanner, op. cit., p. 22. Vgl. ook Erasmus, op. cit., p. 112-113 vir die besit van moya deur die leiers.

42 Baëta, C.G. Prophetism in Ghana, p.143.

Hierdie gedagte het waarskynlik geen geringe rol in die totstandkoming van die Z.C.C. gespeel nie. Dit is so dat juis van die kant van die Apostoliese Geloofsending ook in die verlede teenoor kerke hierdie bewering gemaak is. By die opname van Le Roux in die Apostoliese Geloofsending, sou die rol van die Heilige Gees ook seker 'n belangrike klemtoon ontvang het. Aangesien Le Roux so nou verbonde aan Engenas Lekganyane was, het die gedagte op hom waarskynlik ook 'n invloed gehad.

Engenas Lekganyane het hierdie gedagtes met hom saamgebring in die Z.C.C. Geleidelik het hierdie gedagtes ook met die tradisionele besit van die Pedi-volk verbonde geraak. Veral deur die geweldige toeloop tot die Z.C.C. en die gebrek aan onderrig, het die heidense besit van **voorvaderverering** oorhand begin kry.

So het dan die toestand ontstaan waar sekere verskynsels, bv. die spreek in tale, bly voortbestaan het, maar nie meer direk aan die Heilige Gees toegeskryf is nie en dat daar geen duidelike besef van die Persoon van die Heilige Gees was nie. Wanneer die verband tussen die Woord van God en die Heilige Gees verloor word, kom snaakse sg. geestesverskynsels na vore.[43]

In die tradisionele Bantoegodsdiens het ook sulke voorbeelde soos spreek in tale bestaan.[44] Ter wille van duidelikheid kan hier verwys word na wat Häselbarth sê, nl. dat wanneer 'n lidmaat van die Z.C.C. in vreemde tale praat, die ander sê: „O bolela ka maleme a barongwa" (hy praat in 'n engeltaal of boodskappertaal). Daar word dan geen onderskeiding gemaak oor wie eintlik spreek nie: 'n engel, die Heilige Gees as derde

43 Oosthuizen, Christusprediking ... p. 122.
44 Ibid., p. 188.

persoon in die Goddelike Drie-eenheid, 'n demoon of 'n voorvadergees.[45] Sundkler beweer dat in die geval van die Sioniste dit nie alleen 'n engel is wat 'n boodskap bring van die voorvadergeeste nie, maar die engel is dan vir hulle die Gees, die voorvaderlike gees.[46]

Die onsekerheid en vaagheid met betrekking tot Christus en God word nog erger t.o.v. die Heilige Gees. So beweer Oosthuizen dat in bewegings soos die Z.C.C. die Heilige Gees ook 'n onsekere posisie ontvang. Christus ontvang ewe-eens so 'n onsekere posisie. Ook wat die godheid in die algemeen betref, is daar onsekerheid maar m.b.t. die Heilige Gees is dit meer akuut.[47]

Die werk van die Heilige Gees is vir die Bantoe dikwels verbind met die ontvang van meer krag. Daarom kan dit ook volgens sommige gebeur dat die „Gees" hulle lei om tot twee of drie vroue te neem, want meer vroue is 'n teken van meer krag.[48] By die lidmate van die Z.C.C. is dit ook so dat God, die Vader, ver is. Hy is die Hoogste Wese. Maar die „Gees" is naby.

Die „Gees" gee ook somtyds drome wat aan die baruti leiding gee i.v.m. wat hulle moet doen.[49] Sundkler verwys ook daarna dat wanneer die voorbereiding vir die prediking verdwyn, dit wat wel gepreek word met groot oordrywing meegedeel word en dat dan die leiding van die Heilige Gees daarvoor aanvaar word.[50]

---

45 Häselbarth, op. cit., p. 22. Vgl. Sundkler, op. cit., p.249.
46 Sundkler, op. cit., p. 250. Vgl. Oosthuizen, Christusprediking ... p. 180.
47 Oosthuizen, Post-Christianity .... p. 122.
48 Ibid. Vgl. Turner, op. cit., dl.2, p. 340.
49 Vgl. Oosthuizen, Christusprediking ... p. 179.
50 Sundkler, op. cit., p. 191.

By die Doop word geglo dat die „Gees" 'n besondere rol speel, dat Hy die dopeling vervul. Hier word dan ook dikwels taamlik ongewone ekstase gevind. Water en die „Gees" is nou verbonde in die religieuse denke van die Bantoe. Vandaar ook dat by die Doop prominent aan die Heilige Gees gedink word en ook by die genesingswater die genesing direk aan die „Gees" verbind word. Tog is reeds gesien dat die Hoogste Wese gevra word om die water te bekragtig met die „Gees".

Ekstase is normaalweg die teken van vervulling met die Heilige Gees, maar kan ook teken wees van die intrede van 'n gees of selfs van 'n bose gees.[51]

Die „spreek in tale" kom nog by die Z.C.C. voor. Dit kan ook gesien word as teken dat die gees in 'n persoon inkom.[52] Aanvanklik het dit 'n groter rol gespeel as in die later jare. Wanneer iemand in vreemde tale begin praat het, het die uitleggers nader gekom en verneem wat gesê is. Gedurende die laaste jare is daar minder voorbeelde waar dit voorkom. Dit is opmerklik dat dit ook saamhang met die groter plek wat weer aan die Woord toegeken word! Dit skyn dus ook of die vermaning van Paulus in 1 Kor. 14 dat die profesie hoër geag moet word, ingang vind by die Z.C.C.[53]

In die verlede het die Z.C.C. hulle met trots daarop beroep dat hulle 'n kerk is waar die Heilige Gees is. As bewyse daarvoor het hulle aangevoer dat daar genesings plaasvind, dat die lede drome ontvang, dat in tale gespreek word, dat profesieë uitgespreek word, dat daar ekstatiese gebed en danse is en dat

---

51 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 139.
52 Id. Christusprediking ... p. 187.
53 1 Kor. 14:1,3-5.

getuienisse gelewer word.[54] Hierby is die geeste egter nie beproef om vas te stel of hulle uit God is nie,[55] maar dit is eenvoudig met die Heilige Gees vereenselwig.

Ook die oplê van hande is baie belangrik omdat daardeur die oordra van die „Gees" moontlik word.[56] Sprekend is dit weer dat die een wat eintlik die handoplegging waarneem, die biskop is. Wat Ogot i.v.m. verskynsels in Midde-Afrika sê, is ook waar van die Z.C.C. Hy vermeld dat vervulling met die Gees, spreek in tale, genesing deur die Gees sonder dokters en medisyne, die aanvaarde norm vir die Pinkster-tipe bewegings geword het.[57]

Turner sê dat die praktiese en terapeutiese beskouing van verlossing as redding van die kwaad en siekte wat nou aanwesig is, eerder as verlossing van die sondeskuld, 'n baie belangrike kenmerk van die onafhanklike bewegings is.[58]

Behalwe die geloof in die Heilige Gees wat met geloof in die voorvaderlike geeste vermeng is, is daar ook nog die geloof in bose geeste wat siekte en ongeluk kan bring. Hulle word weer uitgedryf deur diegene wat die krag van die Heilige Gees het. Die vernaamste take van die Heilige Gees is juis om die lewe te bewaar, om die mens te behoed vir gevare in hierdie lewe. So sien die Bantoe, ook die lidmate van die Z.C.C., dit.

Baie interessant is hier die sinkretistiese gedagtes wat by sommige baruti van die Z.C.C. bestaan, nl. dat die geeste

54 Häselbarth, op. cit., p. 21.
55 1 Joh. 4:1.
56 Oosthuizen, S.A. Akademie ... p. 388.
57 Welbourn & Ogot, op. cit., p. 16.
58 Turner, op. cit., dl. 2, p. xvii.

van die bose mense deur God na die aarde teruggestuur word waar hulle dan ronddwaal. Dit is deel van die „primal vision" van die Bantoe.[59] As daar ook nie reg gehandel word m.b.t. die dode nie, kan daar geeste wees wat die lewe versteur.[60]

Vir die verskynsel dat lidmate van die Z.C.C. somtyds bang is om 'n begrafnis by te woon, is daar nog geen bevredigende verklaring nie. Häselbarth beweer dat dit as gevolg van die feit is dat die verwerwing en behoud van lewenskrag so 'n allesoorheersende faktor is en die dood as vernietiger van die kragte gesien word.[61]

Hayward sê dat daar onder Christelike invloed al waarsêers is in Afrika wat die geeste wat hulle aangryp, in engele en demone onderskei.[62]

Lanternari skryf ook oor die verwarring onder die Sioniste m.b.t. die Heilige Gees en die voorvaderlike geeste. Hy sê dat 'n moderne interpretasie van heidense tradisies gevind word in die „Christian angels of the Holy Ghost", wat deur die Bantoe as geeste van die afgestorwenes beskou word. In baie heidense kultusse word geglo dat die gees van 'n gestorwe persoon in die lewendes vaar en die gees dan deur hulle handel. In die leer van die Sioniste sê hulle dan dat dit die Heilige Gees is wat in die gelowiges werk. So word die tradisie in gemoderniseerde vorm voortgesit.[63]

---

59 Taylor, op. cit., p. 81.
60 Ibid., p. 164.
Du Plessis, Koers, p. 188.
61 Häselbarth, op. cit., p. 20.
62 Hayward, op. cit., p. 23.
63 Lanternari, V. The religions of the oppressed, p.39-40.

Turner skryf in „African Independent Church" dat deur 'n aksentverskuiwing in die openbaring die Heilige Gees nou Christus in die skadu stel by sommige in Afrika.[64] Dat die prominensie wat aan die „Gees" gegee word ook die Woord op die agtergrond kan laat raak, vermeld Andersson.[65] 'n Ligpunt is seker dat daar duidelike aanduidings is dat die omgekeerde nou besig is om te gebeur in die Z.C.C. Meer plek word vir die Woord ingeruim en minder vir die „Gees".

Van die Heilige Gees as Parakleet wat na die hemelvaart van Christus kom sodat sy kinders ook nie as wese sal agterbly nie, het **in die Z.C.C.** weinig begrip oorgebly al is dit so dat Hy in besonder nog as beskermer gesien word.

Sundkler, Oosthuizen, Andersson, Baëta e.a. is dit eens dat daar in die Westerse Protestantse kerke te min van die emosionele kant van die godsdiens tereg kom en dat daar só 'n groot leemte gelaat word wat dan weer gevul moet word deur die sg. geeste by die nativistiese godsdienste. Die Roomse Kerk met sy meer mistieke inslag en verering van die heiliges vind hierin baie groter aansluiting by die Bantoe. Waarskynlik as gevolg van 'n dorre en geeslose beoefening van die godsdiens wat dikwels in Protestantse kerke gevind word, het hierdie „geestelike" lewe wat altyd in die godsdienstige lewe van die Bantoe aanwesig was, bly voortbestaan.[66] Hier moet ook in aanmerking geneem word wat Luzbetak sê, nl. dat die nuwe nie voorsien in al die fasette van die oue nie.[67]

---

64 Turner, op. cit., p. 342.
65 Ibid.
66 Häselbarth, op. cit., p. 21.
67 Luzbetak, op. cit., p. 120.

Samevattend met betrekking tot die opvatting oor die Heilige Gees in die Z.C.C. kan na Sundkler verwys word wat sê dat die fundamentele begrip onder die Sioniste die „Moya" is, die „Gees", wat deur hulle as die Heilige Gees van die Bybel verstaan word. Binne die moderne Protestantisme, veral in Amerika, het die meeste afskeidings hulle wortel en verskil in die opvatting oor die Heilige Gees. Dit kan verwag word dat dieselfde of soortgelyke probleme in die bewegings wat hulle wortels so in Amerika het, ook in Suid-Afrika sal kom. Dit geld die Pinkster-tipe bewegings of die van die Apostoliese Geloofsending of Sionistiese tipes.[68] Die Z.C.C. het sy wortels in die Apostoliese Geloofsending. Hier was reeds nie die regte opvatting oor die Heilige Gees nie. Van hier was dit nie moeilik om oor te gaan na die geestewêreld van die vroeëre heidense lewe nie, veral ook omdat hierdie geestewêreld en geesteverering nog 'n lewende werklikheid onder die Bantoe was. Die funksies van die geeste is op die Heilige Gees oorgedra. Sowel Häselbarth as Oosthuizen (lg. t.o.v. die Zoeloes) sê dat oor die Heilige Gees meer in die sin van voorvaderlike geeste gespreek word as van die Heilige Gees van die Skrif, die Gees wat altyd by die kinders van God is.[69]

Die rol wat die geeste nog in die Z.C.C. speel en die verwarring met die Heilige Gees, maak die stelling van Oosthuizen dat besetenheid deur geeste weer die hele etniese natuurlike en bonatuurlike wêreld vir die besetene oopmaak, baie belangrik. Hierdeur kry Christelike begrippe dan 'n „nuwe" betekenis. Hy sê voorts dat die kerk die tradisionele geestelike en magiese

---

68 Sundkler, op. cit., p. 242-243.
69 Häselbarth, op. cit., p. 21.
Oosthuizen, G.C. The theology of a South African messiah, p. 91-92.

wêreld van die Bantoe die hoof moet bied, veral waar elke gebeurtenis deur die handeling van ŉ gees verklaar word.[70]

Hierdie funksies van die vóórvadergeeste word dus maklik na die Heilige Gees oorgedra. Wat hulle nog dikwels die Heilige Gees noem, is dan nie meer die Heilige Gees van die Skrif nie.

Al is dit so dat daar groot verwarring in die Z.C.C. ten opsigte van die Heilige Gees is, sal dit tog nie gesê kan word dat die Heilige Gees nie daar werksaam is nie. Die baie lede van die Z.C.C. wat ernstig besig is met Skrifstudie is genoeg weerspreking van enige veralgemening wat te kenne sou wou gee dat slegs heidense „geeste" in die beweging ŉ rol speel.

### 1.3 Die opvatting oor Jesus Christus

Edward Lekganyane het alle aansprake dat hy messias sou wees, afgewys.[71] Deur baie van sy volgelinge word hy egter as messias beskou.[72] Hierdie bewering wat deur verskillende skrywers gestaaf word, moet nader bespreek word.

---

70 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 142.
71 Häselbarth, op. cit., p. 16.
Martin, op. cit., p. 131.
72 Häselbarth, op. cit., p. 16.
Schlosser, Eingeborenenkirchen ... p. 193.
Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 37.
Martin, op. cit., p. 131.

Dit blyk uit navraag by die baruti dat hulle Edward nie bewustelik as messias gesien het nie en dat hulle ook nie deur hom bid nie.[73] Dit is waarskynlik so dat die verering van Edward Lekganyane tot gevolg gehad het dat baie lidmate die grense van die menslike oorskry het, soos ook blyk uit die uitroepe van jong Bantoemeisies wat Schlosser aanhaal.[74] Hierdie gevalle sal egter nie as die uitdruklike, die bewuste belydenis van die Z.C.C. beskou moet word nie, maar as emosionele oordrywing, miskien gestu deur ŉ steeds aanwesige heidense agtergrond.

Van Wyk wat een van die laaste dienste bygewoon het waar Edward gepreek het, deel mee dat hy toe uit die Evangelie van Johannes gepreek het oor die wynstok en die ranke en dat hy met erns probeer het om Christusprediking te gee. Martin skryf dat Edward in 1963 uit Jesaja gepreek het en ŉ goeie Bybelse uitleg gegee het.[75]

Tog is dit, volgens die definisie van Barrett, korrek dat die beweging messiaans genoem word. Hy word deur baie aanhangers genoem „mopholôsi".[76] Baie van sy volgelinge het ook ŉ foto van hom waarop hy deur ŉ onderskrif „koning en messias" genoem word. Prakties het Jesus in die beweging so op die agtergrond verdwyn dat die biskop eintlik sy plek in die gemoedere inneem, ondanks die feit dat hy nie sodanige aansprake maak nie. Dat Christus in Ef. 2:20 die hoeksteen van die kerk genoem word, geld nie in die Z.C.C. nie, al is dit so dat dit een van hulle tekste is wat as grondslag van die beweging aangegee word.

---

73 Schlosser, Eingeborenenkirchen ... p. 203.
74 Ibid.
75 Martin op. cit., p. 132.
76 Häselbarth, op. cit., p. 16.

Hoewel daar in die laaste tyd positief probeer word om Christus te verkondig, is dit tog nog so dat die lidmate weinig van Christus weet, weing van Hom sing en dat op kleiner plekke ook in die prediking feitlik niks van Hom gesê word nie. Selfs die Doop word nie met Christus in verband gebring nie, maar word ŉ magiese reddingsmiddel.

Die Naam van Jesus Christus word gerespekteer, maar staan nie in die middelpunt nie. Sy Naam neem ongeveer die plek in van ŉ profeet van die Ou Testament soos die Moslems se siening van Christus is.[77] Hierdie bewering van Häselbarth gee die posisie seker goed weer.

Dit is egter nie uitgesluit dat met die Z.C.C. ook gebeur het wat Turner verhaal nie, nl. dat die Godheid van Christus bo alle twyfel erken word, dat daar dan identifikasie met God die Vader plaasvind en dat Hy dan ook soos die Hoogste Wese weggedu word.[78]

Die beweging wentel in so ŉ mate rondom die biskop dat dit duidelik messiaans is. Daar is beslis ŉ vorm van onbewuste identifikasie met Christus. Besondere kragte word aan die biskop toegeken. Messiaans is die Z.C.C. egter nie in die sin dat daar ŉ spoedige koms van die gestorwe biskop verwag word nie. In die sin egter dat die biskop ŉ hemel hier op aarde moet skep en dat hy die leed van hierdie tyd moet verlig, is dit ŉ messiaanse beweging. Daarom word ook besondere genesingswonders van die biskop verwag.

---

77 Häselbarth, op. cit., p. 16.
78 Turner, op. cit., dl. 2, p. 344.

Die ideologie van 'n swart messias teenoor 'n wit messias word nie direk uitgespreek nie, maar skyn tog ook 'n onbewuste agtergrond te vorm vir die feit dat die biskop so na vore kom en Christus so op die agtergrond gedruk word.[79]

Vervolgens beweer Häselbarth dat in die Z.C.C. veral die ergernis van die kruis omseil word. As Christus iets moes beteken het, moes dit mag wees wat Hy besit, vergelykbaar met die rykdom wat in die Z.C.C. gesien word en die respek wat aan die biskop betoon word. Dat Christus moes sterf, is moeilik te verstaan. Verlossing, in religieuse sin, kan 'n mens volgens hulle tog ook op 'n ander wyse bekom: deur reinigingsrites en deur gawes van die geeste. Verlossing is vir hulle genesing en reiniging, en niemand het nodig om ter wille daarvan te sterf nie. So word die krisis van die kruis omseil en die hoofvraag word dié na die verwerwing van meer lewenskrag.[80]

Reiniging word deur lewenswater verkry wat van Moria af huis toe geneem kan word. Openbaring geskied voortdurend in Moria, en so word die lewenskragte altyd weer aangevul.[81] Die unieke en eenmalige verlossingsdaad van Christus wat in die Woord en Sakrament aan lidmate verkondig word, word verplaas deur 'n saaklike **genade-meedeling** of oordrag.[82]

Wanneer Honig skryf dat verlossing deur Christus 'n geloof is waarmee religieuse ergernis verwek word, is dit dus ook waar wat betref die Z.C.C. Die Goddelike waardigheid en eer word

---

79 Häselbarth, op. cit., p. 16.
80 Ibid. Vgl. Tempels,P. Bantoe-filosofie, p. 20.
81 Häselbarth, op. cit., p. 16.
82 Ibid.

aangetas as verkondig word dat Christus moes ly en sterwe. Vir die Islam is die vleeswording 'n gruwel, 'n omlaagbrenging van God, 'n neerhaling in die stof. „Met een beroep op de goddelijke waardigheid en eer wordt Jesus Christus in de mensenwereld de afgewezen Priester."[83]

Wanneer oor die lyde en sterwe van Jesus gespreek word, word Hy as magtelose mens beskou wat gesterwe het en nie weer opgestaan het nie. Maar dat Hy God is wat vleesgeword het en Homself in die dood oorgegee het - dit word nie as deel van die religieuse gedagtewêreld van die lidmate van die Z.C.C. gesien nie. So word daar ook geen begrip getoon in verband met versoening nie. Turner sê dat in die Aladura bewegings 'n algehele gebrek aan begrip is van die plaasvervangende aard van die lyde van Christus.[84]

Dit is dan duidelik dat wat die kern van die geloof betref, nl. dat dit op Christus en op Hom alleen gerig moet wees, hier gedwaal word. Hier is die mens met sy eie verlossingspoging besig. Dit is hier duidelik dat die Z.C.C. soos heidense religies wat ook verlossing leer, 'n outosoteriese karakter dra.[85]

Veral met betrekking tot verlossing is dit duidelik dat die oue in die Z.C.C. bly voortbestaan. „Die primitiewe volke van Afrika ken nie die Christelike begrip van verlossing nie. Hulle het geen besef daarvan dat hulle van hulle sondes verlos moet word nie en dat daar vir die volk van God 'n saligheid weggelê is nie ... Hulle verkies die menslike lewe op aarde bo

---

83 Honig, A.G. Meru en Golgotha, p. 66.
84 Turner, op. cit., dl. 2, p. 352.
85 Honig, op. cit., p. 9-23. Vgl. Turner, op. cit., p. 352.

hulle skaduagtige bestaan."[86] Vir hierdie lewe word daar harmonie met die gemeenskap en die kosmiese orde gesoek.[87] „Sy hele lewe is daarop ingerig om sy eie lewenskrag te bewaar en te versterk."[88]

'n Verdere oorsaak van die verdwyning van Christus op die agtergrond in die religieuse lewe van die Z.C.C. se lidmate is die prominente plek wat aan wetsonderhouding toegeken word.[89] Nêrens kom duideliker as hier uit hoedat die mens sy eie verlosser wil wees nie. Genade in Christus ken hulle nie. Hierdie opvatting is die algemene sondige verskynsel van hoogmoed van die mens wat sy redding van sy eie kragte wil verwag en dit nie as 'n genadegawe van God deur Christus wil ontvang soos Paulus in Ef. 2:8 sê nie.

Om hierdie rede word die versoeningswerk van Christus ook nie aanvaar nie. Is dit reeds 'n struikelblok dat Christus wat die lewe moet gee, nou sterwe soos iemand wat magteloos is, nog groter word die struikelblok wanneer geglo moet word dat die mens self niks hoef te doen nie, maar dat juis hierdie sterwe volkome versoening gebring het.

Honig beweer dat die afweergevoelens teen die gedagte van versoening oral dieselfde trekke vertoon. Sonde is slegs misverstand of dat nie verstaan word wat die werklike toestand van

---

86 Du Plessis, Koers, p. 198.
87 Ibid.
Van Wyk, Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, p. 39.
Taylor, op. cit., p. 79.
88 Du Plessis, Koers, p. 198.
89 Schlosser, **Eingeborenenkirchen** ... p. 196.

sake in die kosmos is nie. „Wie of wat zou men daarom willen verzoenen?"[90] Die versoening moet ook teen die agtergrond van die gedagtes oor verlossing gesien word. Verlossing beteken alleen maar dat die oë vir die werklike synsverhoudinge geopen word. Hier is ons in die sfeer van die naturalisme met sy spekulasies oor synsverhoudinge.[91]

Verlossing beteken vir die Bantoe dikwels, en dan veral in die messiaanse beweginge soos die Z.C.C., verlossing uit die nood van hier en nou.[92] Sonde as 'n aantasting van die heiligheid van God waarop daar 'n oordeel sal kom as daar nie versoening plaasvind nie, funksioneer nie in hulle gedagtes nie. So word versoening oorbodig en verlossing die regstel van die maatskaplike en kosmiese orde sodat die lewe kan voortgaan. Verlossing en sjaloom is vir die Bantoe 'n lewe van harmonie met sy mense, die voorvaderlike geeste en via hulle verder met die Hoogste Wese. Dan is daar geluk en voorspoed, 'n vreedsame huwelikslewe, gesondheid ens. So verwag hulle ook die koninkryk hier.

'n Opmerklike ontwikkeling in die Z.C.C. is dat een van die eienskappe wat dit aan die begin gehad het, totaal verlore gegaan het. Die Z.C.C. het nl. sy wortels in die Apostolic Faith Mission waar die wederkoms van Christus spoedig verwag is. Van hierdie verwagting het daar so goed as niks oorgebly nie, terwyl daar tog van die „Geesteselemente" 'n duidelik merkbare erfenis was.

---

90 Honig, op. cit., p. 117.
91 Ibid.
92 Erasmus, op. cit., p. 110.

Hiervoor kan daar meer as een rede waas. Die Gees, so voel hulle, manifesteer Hom daagliks in hulle lewe. Christus en sy wederkoms is egter iets van die toekoms, en die toekoms raak vir die Bantoe maklik buite sig, maklik geheel op die agtergrond. ŉ Ander rede kàn wees dat die verbintenis in die religieuse lewe gemaak kon word, al is dit onbewus, tussen die werk van die Heilige Gees en die voorvadergeeste, terwyl daar tussen Christus en die biskop in die religieuse lewe nie ŉ verbintenis moontlik was nie, maar dat daar vir die een of die ander gekies moes word. Die biskop is gekies, want hy verteenwoordig krag wat die waarborg van die voortgang van die lewe is. Hierby is Christus dan nie uitgesproke geloën nie, maar Hy het verdwyn, want in hulle religieuse lewe het Hy geen funksie te vervul gehad nie. ŉ Lydende Messias was buitendien direk in stryd met wat van die verlosser verwag word, nl. dat hy die kragtige mededeler van krag moes wees wat die lewe laat voortgaan.

Van die Z.C.C. geld wat Margull sê dat „hier die Erwartung die erwarteten Gestalten regiert; sie ist so stark, dass die Heiland ausgetauscht werden können."[93]

Oosthuizen sê dat ook Shembe geleidelik vir Jesus uitgesluit het (uit sy liedere, maar ook uit die godsdiens - M.A.K.), deur te sê dat sy tyd gekom het en dat Hy na die Vader gegaan het, omdat die Heilige Gees in sy plek gekom het en omdat Shembe self sy plek ingeneem het.[94] Sommige baruti van die Z.C.C. sê ook so.

---

93 Margull, op. cit., p. 66.
94 Oosthuizen, ... S.A. Messiah, p. 36.

Op 'n vraag oor wat van Jesus geword het, het 'n moruti van die Z.C.C. geantwoord dat Hy gekom het om alles hier reg te maak en die mense te leer om nie sonde te doen nie, maar toe die mense vir Hom nie wou luister nie, het die Vader Hom teruggeneem. Baie is in hierdie enkele antwoord duidelik, hoewel dit ook nie verhef mag word tot 'n algemene belydenis nie, aangesien dit net van een gekom het: Ten eerste moes Jesus dinge vir 'hier en nou' kom regmaak. Ten tweede is Hy die magtelose wat nie geslaag het nie, en toe het die Vader Hom weer weggeneem. Met hierdie „weggeneem" word bedoel dat Hy gesterwe het soos 'n mens aan sy einde kom en toe na die Vader gegaan het. (Dit word ook deur 'n groep baruti van die Z.C.C. gesê.) Daarom het die moruti ook gesê dat Jesus nie opgestaan het nie. Die krag om die voortbestaan te verseker, moet dus nou op 'n ander plek gesoek word.

Interessant is ook dat Margull i.v.m. toordery en sonde sê dat as dit die oorsake van siekte en dood is en ook van alle euwels, dan is juis die opheffing van sonde en toordery die einde van die ou bedeling.[95] So breek die nuwe era aan en word Christus oorbodig.

In die Z.C.C. is dit ook juis een van die kenmerkende elemente dat toordery met alle moontlike middele bestry word. As die menslike poging dan slaag om die lewe langs hierdie weg te beveilig, is Christus ook vir hulle nie meer nodig nie.

Oosthuizen noem drie elemente wat die verwagting van die messiaanse bewegings kenmerk.[96]

---

95 Margull, op. cit., p. 87.
96 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 79.

Ten eerste is daar die basiese van alle bewegings, nl. om aan die nood te ontkom - materiële, sosiale, politieke of sedelike nood. Hierdie redding het niks met heiligmaking te make nie en is iets wat vir die hele gemeenskap, die hele stam, in die geval wat ons behandel, die hele Z.C.C. gesoek word.

Die tweede komponent in die messiaanse verwagting is 'n beter toekoms.

Die derde element is middelaarskap tussen mens en God.

By die Z.C.C. is dit veral die eerste saak wat sterk op die voorgrond tree, vandaar die groot belang van genesings. Wat dan die redding uit die nood van hierdie lewe betref, is dit maklik dat die biskop hierdie plek sal inneem, want „The true chief was the father, the king, 'the source of all zestful living; he is as God Himself'."[97]

In sommige bewegings het, volgens Oosthuizen, die koninkryk hom reeds gemanifesteer met die Messias in hulle midde.[98] Die verwagting van 'n Christus wat nog moet kom en die volheid van die ryk van God wat nog in die toekoms lê, verdwyn in 'n groot mate omdat die verwagtinge vasklem aan die verligting van die nood deur die leier in die hede. So kom hier weer die ou Judaïstiese gevaar dat die koninkryk van God met 'n aardse koninkryk van hier en nou alleen vereenselwig word.

---

97 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 83. Aangehaal uit Tempels, op. cit.

98 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 84.

Die Bantoe het 'n sug na meer krag - krag wat nie liggaamlik opgevat word nie, maar wat die sekerheid van die voortgang van die **lewe** in alles waarborg. Dit lei na 'n misverstand in verband met die Bybelse opvatting van die ewige lewe en van lyde en sterwe met Christus. Die idee van 'n ewige lewe en 'n „daar en dan eers" is onaanvaarbaar in die lig van die belang van die „hier en nou". Daarom het die Westerse kultuur met sy materiële voordele 'n groter indruk op die Bantoe gemaak as die Christendom. Die klem op lewenskrag beïnvloed die ware begrip van die dood van Christus aan die kruis baie diep.[99]

Margull sê ook dat die misverstand in verband met die ewige lewe daarin bestaan dat in die primitiewe heidense lewensbeskouinge en belydenisse die verkondigde nuwe lewe nie as die ewige lewe van die Evangelie gehoor of verstaan word nie.[100] Hoe kan dit verder moontlik wees dat 'n mens sy lewe juis behou wanneer hy dit verloor? Soos dit ten opsigte van Christus opmerklik is, vir die Bantoe, so ook ten opsigte van homself: hy kan nie bely dat wie sy lewe verloor, dit sal vind nie. In hierdie lewe moet alles op die behoud en vermeerdering van krag toegespits word en nie op selfverloëning nie. So word die lewe 'n nie-Christelike selfhandhawing en poging tot outosoteria.

Die koninkryk moet nóú kom! Dit moet deur 'n magtige leier kom! Dis die verlange van die hart, al is daar geen bewustheid van 'n koninkryk wat moet kom nie. Margull skryf: „Das Drängen, besser das Gedrängtsein nach neuer und mehr Lebenskraft schliesst die Möglichkeit des Mitsterbens mit Jesus Christus im Glauben zunächst aus."[101]

99 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 89.
100 Margull, op. cit., p. 34.
101 Ibid.

Marie-Louise Martin skryf aangaande die swart messiasse van Afrika dat die swart messias ten eerste 'n religieuse persoonlikheid is, 'n profeet en geneser, draer van die sleutels van 'n hemel wat sekuriteit, krag, hulp en vrede aanbied in 'n chaotiese wêreld van vinnige sosiale veranderinge. Hy bring 'n nuwe gemeenskap tot stand te midde van die gebroke ou stamorde en bied so aan sy volgelinge veiligheid en 'n nuwe aardse en geestelike tuiste.[102]

Sy skryf verder dat al is dit so dat die swart messias sekere dele van die lewe van Jesus na-leef, bv. deur genesing, hy tog die voorkoms vertoon van die sakrale koning of kaptein van Afrika en dat die element van 'n lydende Christus verlore gaan.[103]

Haar laaste gevolgtrekking oor messianisme in Suidelike Afrika is die volgende: „Yet deep down in the minds of the followers of these black christs we must perceive the quest for revelation here and now, a desire for deliverance from evil, and a deep longing for a new society, happiness and joy. There is also an initiative in Zionism and messianism which cannot be ignored. All this presents a serious challenge to the Church of Christ in Southern Africa to which the messianic ministry is entrusted.[104]

In die verlange om 'n koninkryk hier tot stand te bring, is die „wit Christus" die verpersoonliking van die verlossing uit die nood van die Blankes. Hulle Christus het vir hulle tot hierdie groot welvaart gebring. Nou moet daar 'n „swart

---

102 Martin, op. cit., p. 135.
103 Ibid.
104 Ibid.

Christus" wees wat dieselfde vir hulle bring - welvaart, sekerheid, veiligheid.[105]

Oosthuizen skryf dat in die eeu van verligting die etiese lewe geluk tot middelpunt het, en verder nut, deug en beloning, wat niks anders is as egoïsme nie. In die bewegings is dit ook tydelike welvaart, verbind met die ou tradisionele geordendheid, 'n soort Afrika-utopia, wat die hartsbegeerte van 'n chiliasties-messiaanse verwagting is. Wat dié toekoms betref, het Christus geen betekenis nie. As redder vir die Blankes is Hy vir die Bantoes oorbodig. Hy is getoets en te lig bevind, Hy is van 'n ander orde. Alle hoop word op hulle eie verlossers gevestig of hulle nou ook Shembe, Matswa, Kimbangu of Lekganyane is. So bid die lidmate van die Ngunzistiese beweging „In die naam van die Vader en van André Matswa en van Kimbangu".[106] Hiermee stel Oosthuizen ook die verdringing van Christus en die opkoms van messianisme, ook vir die Z.C.C., as 'n probleem van <u>ons tyd</u>.

Sierksma noem 'n aantal gemeenskaplike eienskappe van messiaanse bewegings.[107] Hulle is ook t.o.v. die Z.C.C. baie belangrik. Ten eerste is dit so dat so 'n beweging begin deur 'n bekende leier wat 'n ingrypende boodskap bring. Hierdie boodskap hoef egter nie altyd 'n uitgesproke verkondiging te wees nie, maar dit kan die spreke van redding in hierdie lewe wees wat deur sy hele voorkoms en optrede verkondig word.

---

105 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 92.
106 Ibid., p. 96.
107 Sierksma, F. ... Een nieuwe hemel en een nieuwe aarde, p.271.

Hulle aard verskil ook van die „Cargo Cults" wat tot 'n groot mate dieselfde trekke vertoon as wat by die Khosas merkbaar was. Deur hulle leiers word hulle voortdurend aangemoedig om te werk. Deurdat hulle selfonderhoudend is, is hierdie arbeid ingeskakel by die bedrywighede wat vir hulle die veilige „nou" sal verseker. Daar word dikwels met lof gespreek van die gehalte arbeid wat lede van die Z.C.C. lewer.[108]

Die sewende kenmerk wat genoem word, is dat die messiaanse bewegings sinkretisties is. Dit het t.o.v. die Z.C.C. voldoende geblyk uit wat reeds gesê is.

'n Laaste kenmerk van die messiaanse bewegings wat deur Sierksma genoem word, is dat dit dikwels anti-Westers is. By die Z.C.C. sal meer van 'n pro-tradisionele as van 'n anti-Westerse messianisme gespreek moet word.

Dammann onderskei tussen Sionistiese sektes en messiaanse sektes. Hy beweer dat e.g. die Christus van die Woord as messias aanvaar, maar lg. 'n Bantoe-messias. Lg. word dan met die leier van die betrokke groep vereenselwig.[109] Van sowel die Ethiopiese sektes as die Sionistiese en messiaanse bewegings sê hy dat hulle Christene genoem wil word en 'n sekere Christusbegrip het.[110] Die kenmerk van 'n sekere groep van die na-Christelike bewegings, nl. dat hulle wel formeel Christus sal bely, maar dat Hy in die praktyk deur die profete of ander figure verdring word, is ook waar van die Z.C.C.[111]

---

108 Häselbarth, op. cit., p. 22.
109 Dammann, op. cit., p. 5.
110 Ibid.
111 Ibid., p. 7.

Ten tweede stel Sierksma dit dat die messias altyd integrasie bring in 'n disintegrerende gemeenskap. In die Z.C.C. kan hierdie punt nie genoeg beklemtoon word nie. Deur die koms van die Christendom en die Westerse kultuur het daar grootskaalse disintegrasie gekom en het die eenheidslewe van die Bantoe verbrokkel en is die bindinge verloor wat hom gevolglik verward laat voel het. In hierdie toestand kom nou die messiaanse leier en die bindinge neem in hom as sentrale punt weer vorm aan.

'n Volgende kenmerk is dat die stigter die heil aankondig en sê hoedat dit bereik moet word. Die bestaande situasie moet <u>hic et nunc</u> gewysig word.

Sprekend van die Z.C.C. noem Sierksma ook organiserende individue wat onder die messiaanse figuur optree. 'n Hele hiërargiese orde bestaan onder die biskop van die Z.C.C.

Ook die missionêre karakter van die messiaanse beweginge is kenmerkend van die Z.C.C.

'n Sesde kenmerk wat Sierksma noem, is egter nie van toepassing op die Z.C.C. nie, nl. dat hulle die gewone lewe dikwels opskort. Hier is die neiging juis om in die arbeid te volhard. (Dit hang saam met die verdwyning van die verwagting van die wederkoms van 'n messias. Dit is immers ook so dat daar by die Z.C.C. geen verwagting van die wederkoms van een van hulle gestorwe leiers is nie. In hierdie opsig is daar dus 'n opmerklike verskil met baie ander messiaanse bewegings.)

By die Z.C.C. is daar niks merkbaar van die hoë verwagting van 'n eskatologiese verlossing wat 'n volheid van heil sal meebring soos by die Khosas tydens hulle selfmoord in 1856 nie.

Wat die plek van Christus in die lewe van die Z.C.C. betref, moet daar beslis gesê word dat die Christus van die Skrif by hulle weinig plek het. Soos Häselbarth sê, het Hy nog min of meer die plek van 'n Ou Testamentiese profeet, of Hy is soos God die Vader weggedu deur die verbintenis aan die Hoogste Wese, soos Turner sê. Maar wat Christus vir die wêreld beteken, is sonder bewuste pogings, maar deur die „Gedrängtsein" na lewenskrag en redding „hier en nou", oorgeplaas op die biskop. Hulle hoop (en hulle geloof in 'n groot mate!) is op hulle biskop en hulle nuwe gemeenskap gevestig en nie op Christus nie.

## 2 Magie

Oosthuizen sê oor die verband tussen magiese praktyke en ontwikkeling van 'n messiaanse figuur die volgende: „In die magiese nativisme word die profeet of messias magiese persoonlikhede. Namate die magiese krag van 'n profeet vermeerder as gevolg van die eis van omstandighede, na dié mate ontwikkel hy tot 'n messiaanse figuur totdat die persoon self glo dat hy 'n messias is. Deur hom word die magiese struktuur van die oue gebruik om die bonatuurlike magte te manipuleer om dan weer die goue eeu van die verlede daar te stel."[112] So het veral Edward Lekganyane in sy vroeëre stadium as biskop ook getrag om met magiese gebruike die oue in die nuwe te laat lewe. Dit blyk veral uit die genesings, die reinigingseremonies, die seremonies van kragoordraging, die gebruike by die Doop, die danse en ekstatiese verskynsels. In al hierdie dinge voel die lidmate van die Z.C.C. hulle weer tuis, want dit gee aan hulle die ou lewensmilieu.

112 Oosthuizen, S.A. Akademie ... p. 381.

Du Plessis sê dat die verkondiging van God as die transendente Here wat oor alles regeer, orals in Afrika ingang gevind het.[113] „Selfs baie heidene heg vandag ook geloof aan die een transendente God en al die sinkretistiese bewegings en Sionistiese sektes gaan uit van die gedagte dat daar net een ware God is."[114]

Die gedagte dat daar een God is, het ingang gevind „veral omdat daar by die heidene altyd 'n vae besef was dat God bestaan, hoewel Hy 'n deus remotus et otiosus geword het. Maar nou het as gevolg van die Christelike verkondiging die waarheid waaromtrent hulle altyd 'n vermoede gehad het, tot hulle deurgedring as 'n lewende werklikheid. Hierdie vae besef van die bestaan van God, is die gevolg van die werking van die algemene openbaring van God, en daarin lê ook opgesluit reste van 'n vroeëre monoteïstiese geloof. God het Hom nie aan die heidene onbetuig gelaat nie en Hy was reeds onder hulle werksaam voordat daar sprake was van 'n Christelike verkondiging onder hulle."[115]

Tog het dit dikwels in die praktyk daarop uitgeloop dat die geloof in dié God nie die bepalende en lewende faktor in die godsdienstige lewe van die Bantoe gebly of selfs geword het nie. Dit blyk ook duidelik uit die bestaan van die Z.C.C.

Hierdie nuwe werklikheid van die een ware God het nie die lewende kern van die godsdienstige lewe geword nie. Nou is die Christelike godsdiens en die lewe van mekaar geskei. Tevore was die hele lewe vir die Bantoe godsdienstig geïntegreerd.

---

113 Du Plessis, Koers, p. 199.
114 Ibid.
115 Ibid.

Nou het daar 'n sekularisme gekom, deur die Westerse beskawing bevorder, wat die Christelike godsdiens na die verafgeleë God verplaas het, en dit het hierdie lewe onaangeraak gelaat.[116] „Daarmee is die godsdiens en die lewe egter nie vir die Bantoe self geskei geraak nie, maar dit het daarop neergekom dat sy godsdiens vir die gewone lewe sy geloof in voorvaderlike geeste, gode en magie gebly het."[117] (Onderstreping - M.A.K.) Die Chistendom het nie die daaglikse bestaan deurtrek en opgeëis nie, maar is verplaas, saam met die God wat verkondig is, na die plek wat die Hoogste Wese eers gehad het.

So het die rol van magie, genesingswonders, reinigingsrites, ekstase, ens. die praktiese godsdiens vir elke dag gebly. Dit is die lewende wat ook in die Z.C.C. die groot klem ontvang het.

Wat Du Plessis van die Bantoe in die algemeen sê, is ook in besonder van toepassing op die Z.C.C. en is sprekend in hulle feeste en eredienste en hele bestaan: „Sy wêreld is een van geestelike kragte, en nou dat God hoofsaaklik as die transendente God gesien is en die godsdiens van die lewe geskei word, vorm die ou heidense opvattinge oor God as die verwyderde God nog die agtergrond (onderstreping - M.A.K.) van die lewe van baie Christene, en baie gaan derhalwe vir hulle daaglikse probleme en moeilikhede na hulle voorvaderlike geeste of/en hulle neem hulle toevlug tot magiese praktyke. Baie Christene het twee godsdienste. Waar die God van die Bybel nie help nie, moet die geeste en die magie die nodige hulp bied. Baie Christene is hopeloos verward omdat die Christelike geloof nooit ten

---

116 Du Plessis, Koers, p. 201.
117 Ibid., p. 201-202.

volle in hulle denkwyse en benadering van die lewe geïntegreer is nie. Selfs die lojaalste kerklike leiers in Afrika is bekommerd oor hierdie verskynsel. Dr. Busia, bv., een van die belangrikste nie-teoloë in die kerk van Afrika, beskrywe die kerke as vreemde instellings in Ghana. C.G. Baëta, wat voorsitter van die Internasionale Sendingraad was en 'n invloedryke kerkleier in Afrika is, toon aan dat die taak van die sending is om te help om 'n ware Afrika-Christendom op te bou, en dr. Busia sê dat kunsmatigheid en oppervlakkigheid in die kerk in Afrika alleen oorwin kan word ,if it comes to grips with traditional practices, and with the world view that these beliefs and practices imply.'"[118]

Ook die volgende bewering van Du Plessis is van toepassing op die Z.C.C.: „By die Sionistiese en profeties-messiaanse sektes waarvan daar honderde in Afrika is, is daar wel die geloof in die transendente God, die enige ware God, maar verder is die godsdiens van die meeste van hierdie sektes heeltemaal heidens met 'n vernis van enkele Christelike vorms daardeur heen gevleg."[119]

Die toestand in die Z.C.C. is egter baie meer akuut, en wås dit veral voor die verandering in die jongste tyd, as wat Du Plessis vervolgens sê: „Die primitiewe religiositeit bly nog steeds die agtergrond in hierdie bewegings."[120] In die Z.C.C. het hierdie primitiewe religiositeit immers in die tweede fase van sy bestaan nie die agtergrond gevorm nie, maar wel die voorgrond, en dit word ondanks die verandering, die begeerte om

---

118 . Du Plessis, <u>Koers</u>,p. 202.
119 Ibid.
120 Ibid.

nader aan die Woord te kom, vandag nog op die voorposte as die voorgrond, die belangrikste, die lewende, gesien.

Wat magie betref, sê ook Häselbarth dat dit op die voorgrond staan. Hier is ons in die geestelike hart van die Z.C.C.[121] Die beskrywing wat hy van die genesings gee, verplaas 'n mens na die heidense atmosfeer: Daar is 'n atmosfeer van afwagting en verwagting, daar is die ekstatiese dans, die druk en masseer van die liggame, die gekniel van die krankes om te bid, die opgewonde sekerheid van almal wat voel dat hier goddelike krag teenwoordig is. Dan verstaan 'n mens dat sulke handelinge meer beteken as die sobere ongewyde verblyf in 'n hospitaal. Hier word godsdiens as werklike krag opgevat. Hier is 'n direkte verband tussen die geestewêreld en die materie en word 'n werklike stryd met die demoniese magte aangeknoop.[122] Dit gaan egter hier nie om die wil van God nie, maar God word in sy vryheid aangetas en daar is noue verwantskap met magiese besweringe uit die ou heidendom toe besetenes snags om siek mense gedans het.[123]

In 'n poging om Christelik te wees en om aan die onheil van toordery te ontkom, wys die Z.C.C. dit streng af. In die plek daarvan tree egter soveel magiese bygeloof dat die verenkelte ou toorpraktyk nou net veralgemeen word. Die verskeie middele wat gebruik word, vertoon 'n sterk ooreenkoms met die heidense middele sodat die gevolgtrekking gemaak kan word dat ook hierdie middele poog om die kontak met die voorvaders te bewerkstellig. Magie lê nie soseer in die dinge self nie as in die kontak daarvan met Lekganyane en so met die Hoogste We-

121 Häselbarth, op. cit., p. 18. Vgl. Erasmus, op. cit., p.252.
122 Häselbarth, op. cit., p. 19.
123 Ibid.

se of met die geeste. Ou dinge het nuwe name gekry. Die verlange na veiligheid het 'n herlewing van vrees en wantroue tot gevolg waartoe die Z.C.C. sy deel bydra. Op die pad van sinkretisme het Lekganyane die Z.C.C. op die ou heidense bodem gevestig, i.p.v. om op grond van die Skrif 'n werklike inheemse kerk tot stand te laat kom.[124]

Sundkler sê dat medisyne, magie en godsdiens nou verweef is in die Zoeloe-heidendom.[125] So is dit ook by die ander Bantoestamme en dit word iets wat in bewegings soos die Z.C.C. herleef. Die heidense erfenis toon hom by Sioniste ook daarin dat die Protestantse rituslose erediens vervang word met een wat baie groter klem op ritusse lê.[126] By die Z.C.C. is daar egter nie veel hiervan nie. By die gebed, waar almal op dieselfde wyse neerval en die gebed van elkeen in sy eie woorde, maar in dieselfde toon en tyd afhandel, het ons egter iets hiervan. Die Sioniste het op die sg. Ethiopiese sektes 'n bepaalde invloed veral in die sin dat ook lg. sekere dinge vir taboe hou en meer waarde aan drome heg.[127]

Die name wat deur die Z.C.C. se leiers gekies is vir hulle plekke en selfs vir die beweging op sigself, veral die naam Sion, het magiese waarde. Dit skyn byna of hulle die seën van God en die ontvangs van sy gawes na hulle toe wil dwing deur sodanige keuse. Oosthuizen sê dat daar 'n nou verband is tussen die magiese persoon en sy heilige plek wat ook die sentrum

---

124 Häselbarth, op. cit., p. 20.
125 Sundkler, op. cit., p. 23.
126 Ibid., p. 181.
127 Ibid., p. 182.

word van sy magies-religieuse praktyke.[128] Die artikel in „The Bantu World" toon die magiese betekenis van die Zion City Moria duidelik aan. In hierdie belang wat aan woorde geheg word, word die heidense praktyk waar die voorvaders die naam van 'n kind bepaal, weerspieël.[129] Hier kom dieselfde saak nou in 'n Christelike vorm na vore. Met die gedurige uitroepe van <u>Kgotse Sione</u> is daar ook 'n duidelike neiging om deur die uitroep daarvan die vrede vir die groep te verseker.

Van die Bybel word ook soms 'n soort magiese krag verwag. Daarom word dit soms op 'n tafel geplaas sonder dat daaruit gelees word. Turner maak melding van 'n soortgelyke magiese gebruik van die Bybel, maar wys daarop dat daar nie ruwe vorms voorkom nie.[130]

Water het groot magiese krag vir die Bantoe. Daarom moet daar ook by elke erediens oor die water gebid word sodat dit krag kan kry om te genees. Die Doop moet by voorkeur in 'n dieperige stroom met lopende water bedien word sodat die sonde des te beter weggewas kan word.[131]

Omdat die toekoms nie as die openbaring van die koms van Christus wat oorwin het nie, maar as die geordende inskakeling in die groep en die kosmos en so die versekering van lewenskrag kom,[132] is daar groot aanleiding tot magiese gebruike om hierdie krag vir die toekomstige voortbestaan te verseker. Tempels sê dat elke Bantoe hierdie vitale krag meer as enigiets anders

---

128 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 185.
129 Tanner, op. cit., p. 18.
130 Turner, op. cit., p. 84.
131 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 185.
132 Erasmus, op. cit., p. 97 en 207.
Martin, op. cit., p. 158.

begeer.[133] Hy glo ook nie dat daar enigiets van belang in die lewe van die Bantoe bestaan wat nie met sy kragtefilosofie en dus met magiese beïnvloeding in verband gebring word nie.[134] Die geluk en krag kom egter juis deur 'n ordelike, vredevolle saamwees met die groep en die kosmos.

## 3 Kerkbegrip

Nêrens word die krag van die oue so sterk in die nuwe geopenbaar as juis in die hoof van die beweging nie. Volgens die konstitusie van die Z.C.C. wat in die tyd van Engenas Lekganyane bestaan het, moes daar jaarliks op die jaarvergadering 'n hoof gekies word.[135] Daar is geen blyke dat dit ooit gedoen is nie. Die tradisie het onmiddellik op die patroon van die ou stamstelsel die leier verhef tot permanente hoof van die beweging. Die begeerte na 'n natuurlike of suiwer Afrikabasis vir die kerk het juis die ware aard van kerkwees aangetas. Dit het 'n nuwe stamgroep geword, want in die heidense lewe van vroeër het die stam met sy hoofman of sakrale koningskap 'n groot rol gespeel.[136]

Die persoon van die leier, die hoofman of die sakrale koning was vir die Bantoe die „sum and substance" van die hele gemeenskap. Hy is soms in Afrika die „mwene-muzi" genoem, die werklikheid van die dorpie self. Hy is die uitdrukking van die solidariteit van die stam. Hy is die lewende vader van die stam en moet kinderlike eer ontvang want hy is verantwoordelik vir die welsyn van die hele stam.[137] Hy is die middelaar tus-

---

133 Tempels, op. cit., p. 158.
134 Ibid., p. 52.
135 Z.C.C. Constitution, p. 4.
136 Martin, op. cit., p. 165.
137 Taylor, op. cit., p. 135.

sen die lewendes en die dooies omdat hy die hoogste plek onder die lewendes beklee; hy is verder middelaar tussen die mens en die kosmos; hy is ook die skakel met God wanneer God nie heeltemal in die vergetelheid weggedring is nie; hy is die een wat tot heiligheid verhef word en hy word as menslike middelaar 'n hemelse wag en gids.[138]

Op hierdie wyse het Lekganyane nie net hoof van die beweging geword nie, maar hoofman, en die beweging het sy stam geword.[139] Dat daar so feitlik 'n nuwe stameenheid ontstaan, is ook duidelik uit die grondbesit en die tug in die beweging.[140] Daar is wat die Z.C.C. betref twee groepe getuienis oor die besit in die beweging. Sommige sê dat die groep alles besit, ander dat dit die eiendom van die leier is. Waarskynlik is hierin vir hulle geen botsing nie, want die hoof is die verpersoonliking van die stam. Volgens Bantoe-reg is die kaptein trustee van die eiendom van die stam van die lewendes en oorledenes. Ook wat die tug betref, lê die meeste gesag in die hande van die biskop al is dit so dat rade en komitees behulpsaam moet wees daarmee volgens die konstitusie.

Die Lekganyane's word so die konings of stamhoofde van hulle Zion City Moria.[141] Vir die lidmate is die biskop die verpersoonliking van 'n genadestaat en so word die populariteit van die beweging bevorder. So word sukses in sy grootsheid gesien en dit word weer as seën beskou.[142]

---

138 Taylor, op. cit., p. 136-144.
139 Martin, op. cit., p. 165.
140 Ibid.
141 Ibid.
142 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 208.

Hierdeur word die kerk in sy wese aangetas, want die werklike Hoof van die kerk is Christus. So is dit ook vanuit die feit dat die biskop 'n hoof, 'n middelaarshoof is, duidelik hoedat Christus deur hom verdring word. As hy dan ook die middelaarsrol vervul, wat dan van Christus? Martin sê dit baie pakkend: „Who is the real king who represents the Church as the head of the body? Who is the giver of life? Who is the real mediator? Is it the leader, the 'king of the new Jerusalem' or Jesus Christ? If it is the leader, then Jesus Christ is no longer the real head, the church therefore is no longer his body. The ligaments that connect the members is no longer the Holy Spirit, but an impersonal power."[143]

Martin maak melding van die hiërargiese posisie van die leiers in baie bewegings. Omdat die kerk in terme van die ou stamstelsel verstaan word, word die leierskap in die beweging verwar met die leierskap wat volgens die ou patroon bestaan het.[144] Die vermindering van die magte van die hoofmanne met die koms van die Blanke het bygedra tot hierdie toestand. Waar daar nie geleentheid vir politieke aktiwiteite is nie, waar die kapteins hulle ou religieuse prestige verloor het en funksionarisse van 'n Blanke regering geword het, daar word die verlange na Bantoe-leierskap wat onafhanklik van Blanke-inmenging is, maklik verplaas na die religieuse sfeer.[145]

Sundkler maak melding van die afskeiding van een Bantoegroep van 'n ander om 'n nuwe beweging te vorm. Dit is die gevolg van die sterk drang na leierskap onder die Bantoes en om-

143 Martin, op. cit., p. 165-166.
144 Ibid., p. 166.
145 Ibid.

dat die moontlikheid vir hierdie leierskap nie op 'n ander terrein as die religieuse kan uitkom nie.[146] Van die Zoeloes beweer Sundkler dat die tradisionele leierskapspatroon die leierskap in die religieuse bewegings beïnvloed en op merkbare wyse gewysig het.[147]

Die voorkeur vir 'n kerkregeringstelsel wat aan die biskoplike verwant is, word uit die sug tot leierskap verklaar.[148] Dit maak dat die leier 'n baie veiliger en minder aantasbare posisie het. Opvolging van die vader deur die seun word soms deur Bybeltekste soos Num. 20:28 gedek waar verhaal word hoedat Moses Aäron se klere vir Eleaser aangetrek het. Ook Gal. 4:1 wat melding maak van die tyd wanneer die erfgenaam nog 'n kind is, word uit verband geruk om erflikheid in die hoofskap te steun.[149] Dit skyn asof daar by die Bantoe die gedagte bestaan dat van die vader op die seun sekere hoedanighede oorgaan wat dit moontlik maak dat hy die leiersposisie sal oorneem.[150] Die seun staan via sý voorgangers in verband en kontak met die geeste en die hoë god.

Dat die „kerk" dan ook maklik van minder belang word as die leier word uit die geskiedenis van die Z.C.C. duidelik. Na die dood van Barnabas, die seun van Engenas, was daar 'n opvolgingskrisis en 'n skeuring het gekom oor wie die leier moes wees, nl. Joseph of Edward. Hierby het die vaderlike keuse van 'n opvolger-seun ook nog 'n balangrike rol gespeel. Sommige

---

146 Sundkler, op. cit., p. 100.
147 Ibid.
148 Ibid., p. 117-118.
149 Ibid., p. 118.
150 Ibid.

het dit egter vertolk dat dit Edward moes wees en ander dat dit Joseph moes wees. Die groot waarde wat aan die vaderlike keuse geheg is, moet in die verband gesien word van wat Sundkler noem die oorgaan van eienskappe en vermoë tot leiding van die vader tot die seun.

Nog twee aspekte van die bewegings wat van ekklesiologiese betekenis is, moet hier bespreek word, nl. die rangorde in die bewegings en die sterk gemeenskapsgevoel. Ook hier is die voortsetting van die oue in die nuwe 'n duidelike feit.

Die Bantoe kan die mens nie beskou as staande op sigself nie. Trouens hy staan in betrekking tot die ander mense wat lewe en alle lewende en nie-lewende dinge.[151] Dat die leier 'n middelaarsposisie tussen die mense en die geeste inneem en ook tussen die mense en die kosmos, is reeds aangedui. Nou moet ook in dié lig gestel word hoedat die leier nie sonder ander wat in 'n hiërargiese ketting is, kan staan nie. Elke Bantoe besef dat hy in verhouding staan tot kragte wat bokant hom of anderkant hom staan. Hy weet dat hy 'n beïnvloede en beïnvloedende krag is.[152] Gelfand beskryf die verhouding tussen

151 Tempels, op. cit., p. 60-61. Vgl. Erasmus, op. cit., p. 207 en Bavinck, J.H. Religieus besef en Christelijk geloof, p. 181. Bavinck sê dat die heiden wat gelowig word in die Koninkryk van God die sinvolle geskakeldheid ontdek waaroor die heidendom eeue gedroom het.

152 Tempels, op. cit., p. 61.

die leier van die clan en die volgelinge en maak dan melding hoedat die gesag van die leier in samehang met die wat onder hom is, uitgeoefen word.[153] Wat van die Zoeloes geld, geld seker ook van die ander Bantoevolke, nl. dat die welsyn van die volk van die harmonie tussen koning, stamhoofde en volk afhanklik is.[154]

Oor die Lekganyanes word dikwels wilde bewerings gemaak met betrekking tot hulle sogenaamde diktatoriale optrede. Persone wat nader kennis het, lê egter klem op die feit dat selfs die sterk figuur van Edward Lekganyane nie sonder sy raad diktatoriaal opgetree het nie.[155] Dat die rangorde van die Z.C.C. in die tradisionele stelsel geplant is, is duidelik. In die raam van biskop - hoofpredikante - predikante tree die hele stelsel na vore. Die biskop is die hoof en word gevoel as die een wat die band met die kosmos en die geestewêreld moet reghou. Onder hom is daar die hoofpredikante wat in regte verhouding tot hom moet staan, en die ander baruti is weer onder hulle. Elkeen van hierdie drie groepe het dan weer die ranggroepe wat net om hulle vergader is en wat slegs deur die hoof van die groep weer in verband met die groter of kleiner geheel staan. By die feeste en konferensies word die rangorde duidelik deur onderskeidende kleredrag.[156]

Hier is nie sprake van ampsdifferensiasie volgens die patroon van die Skrif nie, en die terminologiese ooreenkoms met bv. die Anglikaanse kerk is niks meer as leeggemaakte vorme wat dan met die tradisionele inhoud gevul word nie.

---

153 Gelfand, op. cit., p. 6.
154 Sundkler, op. cit., p. 101.
155 Van Wyk wys hoedat selfs reformasie deur die leier begeer, a.g. hiervan nie maklik deurgevoer kan word nie.
156 Sundkler, op. cit., p. 138.

Oosthuizen het deurgedring tot die kern van 'n baie moeilike vraagstuk, nl. hoe die mooi gemeenskapsgevoel, die samehorigheid wat daar dikwels bestaan in die religieuse bewegings beskou moet word.[157] Die eerste gedagte kan hier dikwels wees dat hier tog iets van die ware gemeenskap is wat daar in die liggaam van Christus moet wees, dat die Heilige Gees tog hier die liefde tot God ook in die liefde van die mense onderling sigbaar laat word.[158] Die Christene wat begeer om 'n saamgebonde geheel te wees en waarlik 'n gevoel van gemeenskap met medebroeders en -susters te ervaar, is dikwels jaloers op die gevoel wat in die sektes tot uiting kom.

Staan ons nou hier voor so 'n gemeenskap wat die uitvloeisel daarvan is dat almal as lede van Christus aan mekaar verbonde is? Het hulle ook deel aan mekaar omdat hulle almal deel het aan sy skatte en gawes?

Daar is reeds op gewys dat die Bantoe vandag feitlik twee godsdienste het - een veraf en een vir hierdie lewe. Die Christendom is weggestoot en vir die daaglikse lewe is daar teruggeval op die oue waarin die hele lewe godsdienstig deurstraal is. Wat die gemeenskapsgevoel betref, moet hierdie saak ook aandag geniet. Die Christendom het nie daarin geslaag om die werklike belêwenis van die kerk as liggaam van Christus te laat ontstaan nie; miskien moet ook gesê word dat hulle nog nie daarin geslaag het nie omdat hulle nog nie die geleentheid gehad het voordat die religieuse bewegings ontstaan het nie, want die Z.C.C. het nie sy groot getalle volgelinge uit die lidmate van die kerke getrek nie, maar uit die nominaal gekerstende kultuur-

---

157 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 206-214.
158 1 Joh. 4:7-8.

kontak-Christene. 'n Feit is egter dat die belewing van die Christelike gemeenskap nie verwesenlik is nie. In hierdie leë ruimte het nou die ou tradisionele gemeenskapsgevoel gekom. Die behoefte aan betekenisvolle inskakeling het verder die gemeenskapsgevoel versterk.

Hierin is veel wat mooi is, waarin ons ook in die lig van God se bewaring van die heidene sy algemene genade werksaam moet sien, maar dis nie die lewe uit die gemeenskap met Christus nie.

Volgens Oosthuizen sien die Bantoe in sy voor- of na-Christelike stadium homself as deel van 'n kultiese gemeenskap wat sy hele lewe omsluit: „life is massive, concrete, it has no 'gaps' and no individualism; this is true of all animism."[159] Sy saligheid kry die Bantoe dan van hierdie hele sisteem. Daar is nie sprake van 'n Bybelse wedergeboorte nie, maar van 'n poging om homself in die geheel in te bed en langs hierdie weg die ekonomiese, sosiale en geestelike gawes te geniet. Dit is inderdaad 'n „social gospel". Vir die Bantoe is 'n godsdiens wat nie materiële voordele kan bring vir die gemeenskap nie, van geen waarde nie. Die Bantoe-Christen voel hy word nie werklik gehelp deur godsdiens as dit nie in sy sosiale en ekonomiese ellende hom te hulp kom nie. Hy word ook nie gehelp as sy medemens nie gehelp word nie. Die probleem is hier dat die sosiale en ekonomiese die klem ontvang. Die sukses van 'n godsdiens word deur die opbou van menslike verhoudinge bepaal.[160]

---

159 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 207.
160 Ibid., p. 207.

Hier is dus nie 'n Christelike gemeenskapsgevoel nie, maar 'n gemeenskap waaruit Christus juis verdring is en waar die mens self vir die welsyn van die gemeenskap voorsien. Harmoniese inskakeling en samehang is vanweë die sonde nie moontlik nie, want deur sonde is daar wel nie chaos nie, maar tog ontwrigting. Die ontwrigting bestaan tussen mens en mens, mens en natuur, mens en God. Samehang word eers weer moontlik as alles verenig is onder een Hoof.[161]

Dat Oosthuizen die regte insig ten opsigte van die gemeenskapsgevoel het, is ongetwyfeld waar. In die lig hiervan moet die hulpvaardigheid, die oordra van krag tot genesing, die orde in die Z.C.C. gesien word. Tog moet ons hier ook bedag wees daarop om nie geheel te veralgemeen nie. Dat daar ook 'n Skriftuurlike, al is dit dan ook baie onvolmaakte, gemeenskapsgevoel bestaan by baie, kan nie verswyg word nie.

Lidmaatskap van die bewegings vergroot omdat dit alleen langs die weg van lidmaatskap is dat deel aan die voordele wat in daardie gemeenskap bestaan, verkry kan word - deel aan die belewing van 'n gemeenskapsgevoel. Dit is 'n groot stimulant vir die religieuse bewegings soos die Z.C.C. Die geestelike gesteldheid van die Bantoe, die verlange na gemeenskapsbelewing, word ook weerspieël in die groot byeenkomste tydens die feeste.[162]

W.H. Crane sê dat die titel „Seun van die Mens" by die Afrika-mens met sy sterk korporatiewe besef van die mensheid 'n simpatieke oor vind.[163] Wat egter deur die Bantoe-Christen

161 Ef. 1:10.
162 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 209-210.
163 Crane, W.H. Indigenization in the African church. International review of missions, vol. 53, 1964, p. 414.

besef moet word, is dat daar iets met die menslike verhoudings gebeur wanneer Christus daar inkom. Wanneer Christus in hierdie menslike verhoudings kom, dan wyk die vrees vir 'n versteurde harmonie wat die lewe kan vernietig. Dan is daar nie gemeenskapsgevoel en gemeenskapsbalans uit vrees vir 'n versteurde verhouding met die geeste of verlies van lewenskrag nie,[164] maar omdat die Hoof Christus is, is die liggaam 'n onderlinge verbondenheid. Die ranke leef uit die wynstok.

Rawson beweer dat die sosiale bande in tradisionele Afrika versterk is deur die element van hulle godsdiens.[165] So leef dit nou voort in die nuwe bewegings.

Daar is 'n diepgewortelde verlange na ware broederskap in die bewegings. Martin noem dit bewegings wat in hierdie opsig op trek is om 'n ware vaderland, 'n ware geestelike tuiste en eenheid te vind. Sy is bewus van die gebreke van hierdie begeerte.[166]

Welbourn en Ogot in „A place to feel at home" en Sundkler in „Bantu Prophets in South Africa" sê dat die onafhanklike bewegings pogings is om in die naam van Christus 'n eenheid te skep tussen die heilige en sekulêre. Hierdie eienskap is juis fundamenteel vir die stamgemeenskap en is aan die anderkant dikwels verlore in die Westerse kerke.[167] In hierdie gemeenskapsgevoel is iets wat uit Christelike oogpunt baie waardevol en begeerlik is.

---

164 Crane, op. cit., p. 415.
165 Rawson, D.P. Africa's social and political demands on the church. Practical anthropology, vol. 16, 1969, p. 77.
166 Martin, op. cit., p. 169.
167 Welbourn & Ogot., op. cit., p. 6.

Wanneer die organisasie in die beweging en die beweging as geheel nou in oënskou geneem word, is dit duidelik dat hier nie 'n beantwoording is aan die vereistes wat gestel word vir 'n kerk nie. Hier is 'n saamverbonde groep wat ook sekere kenmerke vertoon wat ooreenstem met wat in die kerk van Christus verlang word. By nader ontleding blyk egter dat die saambinding nie die saambinding in Christus is nie. Häselbarth maak melding van die besondere sterk gevoel van groepsverbondenheid wat daar by hulle bestaan.[168] Tog is dit nie so dat hulle as lede van die liggaam van Christus hierdie saamverbondenheid beleef nie, want die simbool van die eenheid wat hulle aldus belewe is nie Christus nie, maar hulle biskop en hulle sentrale plek van samekoms. Verder word die eenheidsband deur uitwendige dinge en die gemeenskaplike gevoel van sekuriteit wat hulle in die beweging ontvang, versterk.

By die aanlê van die nadere toets van die kenmerke van die ware kerk blyk nog duideliker dat hier nie van 'n kerk sprake is nie. Die bediening van die Woord skiet ver tekort aan suiwerheid, die sakramente het magiese middele geword. Van 'n kerklike dissipline in die sin dat die kerk ook sleuteldraer is, kom weinig tereg.

Die organisasie van die beweging weerspieël ook geensins een van die bekende kerkregeringstelsels van die Christendom nie. Van presbiteriale kerkregering is daar in elke geval nie sprake nie. Die naaste ooreenkoms wat vertoon word, is met die Anglikaanse en die Roomse stelsels.

---

168 Häselbarth, op. cit., p. 22. Vgl. Welbourn & Ogot, op. cit., p. 6.

Häselbarth konkludeer dat die belangrikste vraag is of die Z.C.C. met al die merktekens van 'n „nuwe stam" 'n kerk genoem kan word. Die maatstawwe moet nie in gawes soos versorging, gemeenskapsgevoel, hoër sedelike lewe, organisasie, sendingywer gesoek word nie, maar bestaan alleen in die ware deelname van Christus. As Christus deur Woord en Sakramente in die Z.C.C. heers, dan is ook dié beweging deel van die ekumeniese kerk van die Here.[169]

* * *

169 Häselbarth, op. cit., p. 169.

# HOOFSTUK 7

## DIE OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE Z.C.C.

## OORSAKE UIT DIE CHRISTENDOM

Die faktore wat religieus van aard is en wat uit die Christendom kom en aanleiding gegee het tot die ontstaan en bepaalde aard van die Z.C.C. en soortgelyke bewegings, kan byna almal onder drie hoofde saamgevat word:

1 Die verdeeldheid in die Christendom;

2 Die gevolge van die Christelike kultuur;

3 Oppervlakkigheid in die bediening.

### 1 Die verdeeldheid in die Christendom

Oor die invloed van hierdie verdeeldheid is al dikwels gespreek en word ook baie geskryf in werke wat handel oor die ontstaan van onafhanklike bewegings. Voortdurend gaan daar ook stemme op vir die beëindiging van hierdie verdeeldheid. Daar word ook dikwels gepleit vir die samewerking op sendinggebied deur die Afrikaanse kerke. So 'n moeilike saak kan nie maar sommer deur oorhaastige saamgroepering afgemaak word nie. Behalwe die eenheid van die kerk van Christus is daar ook ander eienskappe wat net so belangrik is. Die eis van die waarheid kan nie ter wille van die eenheid verwerp word nie.

By die Z.C.C. is die invloed van die verdeeldheid duidelik aanwysbaar. Hieroor is reeds gehandel by die onmiddellike ontstaansfaktore. Engenas Lekganyane het soos ander Bantoeseparatiste verder hierdie verdeeldheid op 'n ander terrein oorgeplaas. By hom het dit nie meer oor leerverskille gegaan nie, al voer hy ook aan dat hy meer in ooreenstemming met die leer van die apostels wou kom, maar dit het oor leierskap gegaan. Die getuienis dat hy 'n leiersfiguur was en leier wou wees, is baie sterk. So het daar by die Bantoe 'n tipiese Bantoeverskynsel bygekom wat die versplintering in die kerk van die Here nog veel verder sou voer. Behalwe die Z.C.C. sal daar seker baie tientalle Bantoebewegings genoem kan word wat gedeeltelik as gevolg van die sug na leierskap tot stand gekom het.

Om die invloed van die verdeelde Christendom reg te verstaan, moet daar miskien 'n oomblik na die teenoorgestelde van die verskeurdheid gekyk word. As die Bantoe met die een kerk van Christus gekonfronteer sou gewees het, sou elke breuk moeiliker gewees het. Vir die Bantoe wat geen begrip van die eise van die Skrif vir die eenheid van die kerk gehad het nie, het dit na die voortsetting van 'n normale verskynsel gelyk om van die reeds versplinterde kerk weg te breek.

Coetzee sê dat die verskille onder die Christene: Roomse, Lutherse, Calvinistiese, Metodistiese e.d.m. verwarrend was, want vir die begrip van die Bantoe moet mense van dieselfde volk dieselfde geloof hê.[1] Met betrekking tot die oue het dit dus vir die Bantoe verwarrend gelyk, maar normaal met betrekking

---

1 Coetzee, J.H. Kerk en Christendom teenoor die moderne heidendom in Afrika. Koers, vol. 33 1965/66, p. 213. Vgl. Martin, op. cit., p. 165.

tot die nuwe - die Christendom.

Die kerk wat as verdeelde kerk in Suid-Afrika ontplooi het, het by die Bantoe die gedagte laat ontstaan dat elkeen maar die Bybel op sy eie manier kan verklaar. Daar is dikwels nie die behoefte gevoel om aan belydenis of kerklike verlede getoets te word nie. Volgens die patroon van die kultuur met sy verenigingslewe het elkeen maar tot „stigting" oorgegaan. Daarby kon elkeen dan nog vir hom die besondere titel van biskop, profeet, ens. toeëien.[2] Dikwels is dan ook 'n beroep op die Heilige Gees gedoen vir die nuwe. Hierin is die nawerking van die Apostoliese Geloofsending en ander Pentakostalistiese of Spiritualistiese sektes duidelik sigbaar. Op die kredensiebrief van die predikante van die Z.C.C. kom die volgende bewoording voor: „This is to certify that the bearer hereof ................ having been called by the Holy Ghost as a Christian Worker in the Zion Christian Church, has been ordained by us ............."[3]

Terwyl die Bantoe nou ook as gevolg van die verdeeldheid onder die Christene nie met die regte kerkbegrip gekonfronteer is nie, was dit maklik om as die volgende stap die ou bekende, die heidense stamorganisasie, oor te neem.[4] Hierdie gevaar het des te groter geword omdat die Protestantse kerke dikwels nie tydig aan die bekeerlinge uit die heidendom die regte basis vir die kerk van die Here uit die Woord van God verkondig en geleer het nie.[5]

---

2 Martin, op. cit., p. 165.
3 Zion Christian Church. Ministerial credential ... Ongepubliseerd.
4 Martin, op. cit., p. 165.
5 Ibid., p. 166.
Welbourn & Ogot, op. cit., p. 137.

Hoewel die Roomse kerk nie vry van hierdie skeuringe in die Bantoe-wêreld was nie, het dit by hulle tog nie die omvang as by die Protestantse kerke nie.

Dit was in die lig van die bestaande toestand geen wonder dat Edward Lekganyane en Joseph Lekganyane ook weer hulle beweging net so maklik kon laat skeur bloot ter wille van leierskap nie. Met die dood van Edward het dieselfde saak hom weer geopenbaar, want daar was weer pogings om die werklike opvolger te verdring deur vreemdes wat leiers wou word. Die vraag kan op hierdie stadium maar net gestel word of die oorname van sy plek deur Barnabas Lekganyane, wanneer hy mondig word, sonder moeilikheid sal verloop, want daar word nou reeds so lank deur ꞌn ander in sy plek gesag uitgeoefen.

Daar is by die Z.C.C. geen ekumeniese strewe in die sin dat hulle samewerking met ander bewegings of kerke soek nie. Hulle is jaloers op hulle nuutgevonde eenheid en onafhanklikheid. Dit wil hulle geensins in gevaar stel nie. In ꞌn sekere sin is hulle egter ook ekumenies besield. Volgens „Drum" het Edward Lekganyane gesê dat die hele wêreld voor hom sal buig.[6] Eenheid in die kerk van Christus, beteken dus dat almal na hulle sal kom. Baruti van die Z.C.C. sê dat Plankes by hulle kan aansluit as hulle wil.

Wat die verdeeldheid van die Christelike kerk en die verdere gevolge daarvan betref, staan die kerk altyd met bewoënheid oor sy eie sonde, maar is meestal nie in staat om die breuk te genees nie. Soms is die sonde ook so groot dat selfs die wil om eenheid te bewerk, ontbreek.

---

6 Drum, op. cit., p. 13.

## 2 Die gevolge van die Christelike kultuur

Toe die Christendom na Suid-Afrika gekom het, was dit onafskeidelik met die Westerse kultuur verbonde. Die sendelinge het bewus of onbewus die kultuur waarmee hulle gekom het saam met die godsdiens oorgedra. Behalwe die sendelinge het al die Blankes deur blote kultuurkontak daartoe bygedra om die Christendom onder die Bantoes te laat posvat.

Welbourn sê dat teologiese sake deur die historiese kerke beklemtoon is, maar die kulturele sake wat ten grondslag van baie teologiese vraagstukke lê, is dikwels oor die hoof gesien. So het die sendelinge wat na Afrika gekom het, al te veel die neiging geopenbaar om net die Evangelie te vertaal en te bly staan by die verkondiging daarvan sonder besef van die kulturele situasie waarin dit gebring word.[7] In Oos-Afrika het sowel die Roomse as die Protestantse sending die Bantoes van hulle eie kultuur geskei.[8] Die Blankes het die stam verbreek en niks in die plek daarvan gestel nie.[9]

Kultuurkontak stimuleer altyd vergelyking en vra kennis van die eie en beïnvloed ook die kennis van die eie. Die invloed van die Westerse kultuur op die kultuur van Afrika het lg. weer van homself bewus gemaak. Na die skok van die verowering het daar 'n selfbewussyn ontwikkel wat die herlewing en wedergeboorte van die ou kultuur moontlik gemaak het.[10]

---

7 Welbourn & Ogot, op. cit., p. 135.
8 Ibid., p. 139.
9 Ibid., p. 133.
10 Jahn, J.H. Muntu, p. 237.

In sy boek „East African Rebels" sê Welbourn dat die sendelinge na Afrika nie net die „suiwer melk van die Evangelie" gebring het nie. Hulle het gekom met 'n samegestelde kultuur wat as Christelik-Westers bestempel kan word. Die geloof wat hulle gebring het, was onskeibaar van die tegnieke en waardes van 'n beskawing wat hulle self help vorm het.[11] Van die kant van die persoon van Europese afkoms is dit maklik om te sien hoedat daar verskillende lyne van godsdiens, handel, ontwikkeling was, maar vir die Bantoe van Afrika was dit alles een.[12]

Sowel die hedendaagse as die vroeëre sendelinge dra ook die kultuur waarmee hulle kom, oor. In vroeëre tye was dit soms beleid dat die kultuur oorgedra moet word. Vandag is dit nie beleid nie, maar dit geskied dikwels.[13] Rufus Anderson het die doel van die Amerikaanse Raad vir die Sending onder die Indiane dat nie net die Christelike godsdiens nie, maar ook die Engelse taal en die Westerse beskawing oorgebring moes word, reeds as 'n nuwe juk, soortgelyk aan die wat die Jode op die eerste Christene wou lê, beskou.[14] In die omstandighede van vandag klink dit byna verbluffend as die uitspraak van Livingstone weer herhaal word, nl. dat die Afrika-volke eerder beskawing as individuele bekering nodig het.[15]

Saam met die Evangelie het so ook die Westerse skoolopvoeding, mediese behandeling, landbou- en boerdery-metodes, ja 'n hele kultuur gekom. So kan dit ook verstaan word dat die <u>antwoord</u> op die sendingaktiwiteite nie as 'n suiwer godsdienstige

---

11 Welbourn, F.B. East African rebels, p. 170.
12 Ibid., p. 171.
13 Ibid., p. 172.
14 Beyerhaus, P. Die Selbständigkeit ... p. 53.
15 Welbourn, East African ... p. 172.

antwoord op 'n suiwer godsdienstige boodskap beskou kan word nie. Die Bantoe antwoord vanuit sy hele kultuursituasie aan mense wat ten nouste met die Westerse kultuur saamgebind is, al was hulle bedoeling ook nie om die kultuur oor te dra nie. Baie in hierdie Westerse kultuur is nie noodwendig Christelik nie.[16]

Terselfdertyd is die waardevolle in die inheemse kultuur soms saam met die waardelose geminag en geïgnoreer. So is bv. die suksesvolle behandeling van pasiënte deur die tradisionele Bantoemetodes uitgeskakel omdat dit altyd as bygeloof en as onwetenskaplik beskou is.[17]

Met die koms van die nuwe het die ou kultuur ernstig gely. Tog kon die nuwe nie 'n integrerende plek in die lewe van die Bantoe inneem nie. Dit is in hierdie lig dat die volgende opmerking van Welbourn verstaan moet word: „It must indeed be asked whether, when all the complex circumstances have been listed and discussed, the final answer to the question, Why separatism? is not given by Sundkler when he speaks of the independent churches as attempts to form a 'church-tribe' - some place where, among the debris of the old tribal life still unassimilated to the west, Africans can <u>feel at home</u>."[18]

Daar moet egter nie net eensydig oor die koms van die Christendom saam met die Westerse kultuur gedink word nie. Daar was nie net die negatiewe afbraak van die waardevolle in die inheemse nie, maar dit kan ook so gesien word dat God die weë juis so gelei het dat die Bantoe baie van die Weste kon ontvang. „Die handel moes die Bybel volg of vergesel, en die

---

16 Welbourn, East African ... p. 177.
17 Ibid., p. 178. Vgl. Hayward, African independent church movements, p. 16.
18 Welbourn, East African ... p. 201.

vlag desnoods albei om hulle te beskerm. Die resultaat was al te veel dat die vlag van die kerk misbruik is om ander ladings te dek. Nogtans kan dit nie ontken word nie dat die politieke invloede en wedywer van Europese volke met gevolglike kolonisasie die weg vir die kerk en die Christendom oopen gelykgemaak het."[19] Andersson beskryf 'n hele aantal goeie dinge wat as kultuurskatte deur die Christendom na Afrika gebring is.[20]

Tog het die klem van manne soos Buxton en Ellis op die Christendom as beskawingsmiddel en die onskeidbaarheid van die Westerse beskawing en die Christendom[21] groot skade berokken.

Daar was in die geskiedenis altyd diegene wat as sendelinge in Afrika die kultuur van die Bantoe probeer begryp en waardeer het. Hulle was ongelukkig die uitsonderinge. Meestal was daar nie tyd om die inheemse kultuur in sy diepte te bestudeer nie. Die negatiewe houding van die kant van die sending teenoor die inheemse kultuur is al meer en meer geïnterpreteer as 'n direkte aanval op die stam, sy tradisies, families, vroue en ook op die hart van die sosiale struktuur, nl. die huis. Toe dit uit die Skrif blyk dat daar in die Bybelse tyd egter baie was wat ooreenkom met die Bantoekultuur, het daar ontevredenheid gekom en het dit 'n rede geword vir die teruggrype na die oue wat dan voortbestaan in die nuwe bewegings.[22]

---

19 Coetzee, Koers, p. 168.
20 Andersson, E. Churches at the grass-roots, p. 82-97.
21 Van den Berg, J. Een open pad voor handel en Christendom, (In Christusprediking ... p. 74.)
22 Barrett, op. cit., p. 154.

Barrett haal Neill aan: „At the heart of this whole movement, directly or indirectly, will be found the sin of the white man against the black. It is because of the failure of the white man to make a home for the black man that the latter has been fain to have a Church of his own."[23]

Barrett kom dan tot die volgende gevolgtrekking: „The root cause common to the entire movement of independency, therefore, may be seen in this one aspect of culture clash: a failure in sensitivity, the failure of missions at one small point to demonstrate consistently the fulness of the biblical concept of love as sensitive understanding towards others as equals, the failure to study or understand African society, religion and psychology in any depth, together with a dawning African perception from the vernacular scriptures of the catastrophic nature of his failure and of the urgent necessity to remedy it in order that Christianity might survive on African soil."[24]

Of Barrett in hierdie siening van 'n worteloorsaak gelyk het, sal nog moet blyk. In elk geval is dit duidelik uit die teruggrype na die ou kultuur dat hier deur die houding van die Christendom 'n sterk aanleidende oorsaak vir die bewegings soos die Z.C.C. was. Al was dit nie so dat òf die Bantoe òf die Blanke altyd van hierdie oorsaak bewus was nie, blyk dit tog later uit die herlewing van verskillende dinge uit die tradisie dat dit die diepgevoelde behoefte is om dit te behou. Dikwels dryf die gevoel van ongelukkigheid en van ontuis voel in die

---

23 . Barrett, op. cit., p. 154.
24 . Ibid., p. 156.

nuwe die Bantoe weer terug na bewegings soos die Z.C.C. Hier word die geluk, die gevoel van tuis wees, dan in die herlewing van die ou kultuur gevind.

In Afrika is die kultuur altyd eerste „Kuntu". Dit wil sê dit gaan om die „hoe" en nie om die „wat" nie. Die Westerse kulture lê meer klem op die „wat" en nie soveel op die „hoe" nie.[25] Nadat daar vir 'n tyd so die Westerse kultuur as „wat" oorgedra is, het daar weer die begeerte, wat ook in die bewegings openbaar word, ontwaak om die „hoe" terug te bring.

Wanneer so teruggegryp word na die oue word die Skrif ook nie altyd reg verstaan nie. So meen die Z.C.C. dat veelwywery in die Bybel steun vind.

Barrett meen daar was 'n drievoudige mislukking in die begrip wat die Blanke van die Bantoe moes gehad het.[26] Ten eerste was daar die liefde wat gefaal het deurdat dit nie die Bantoetradisie begryp het nie. Dit het soms gelei tot minagting van die Bantoetradisie en so kontak moeilik gemaak. Ten tweede het juis hierdie gebrek aan kontak weer daartoe gelei dat die goeie nie van die slegte onderskei kon word in die Bantoekultuur nie. Die derde mislukking is dat die ooreenkoms van die kultuur van die Bantoe met die Bybel nie raakgesien is nie.

Oor die invloed van die kultuur moet egter ook vanuit 'n ander hoek gespreek word om te verstaan dat die Z.C.C. deur kultuurinvloed as meewerkende faktor ontstaan en gegroei het.

---

25 Jahn, op. cit., p. 237.
26 Barrett, op. cit., p. 156-158.

In Suidelike Afrika, veral in die Republiek van Suid-Afrika, het daar groot kultuuraanraking gekom. Die Christelik-Westerse kultuur het die Bantoekultuur orals ontmoet. Die sendingwerk kon hiermee nie tred hou met die diepgaande verkondiging van die Woord nie. Duisende het nou nominale Christene geword. Hierdie duisende vind hulle tuiste maklik in die Z.C.C., maar in die kerk word hoër eise gestel. In die Z.C.C. word hulle sonder die dieper onderrig in die Woord ontvang, en hulle word as Christene gereken.

Daar moet ook oor die algemene openbaring en die algemene genade iets gesê word. Te dikwels is vergeet dat God in die verlede nie die volke verwerp het nie, maar dat hy hulle deur sy algemene genade in bewaring gehou het.[27] God wou die wêreld red en het daarvoor eers die openbaring in die enger kanaal van Israel laat vloei, maar net om dit weer op sy tyd, nadat Christus gekom het, te laat deurbreek tot die wêreld. Is die werk van God met die Bantoe reeds voordat die Christendom gekom het, nie dikwels ook verbygekyk nie?

Die kerk moet ook kan luister. Hier word nie bedoel 'n wyse van luister soos deur Sittler in 1961 bepleit nie. Veral deur sy rede te Nu Delhi is gespreek van die kosmiese betekenis van Christus in die sin dat Christus reeds vóór die Christendom só onder die heidene die versoening wat Hy uitgewerk het, gerealiseer het dat daar dialoog plaasvind tussen sendeling en heiden. Christus spreek dan nie net deur die sendeling tot die heiden nie, maar ook deur die heiden tot die sendeling.[28]

---

27 Hand. 17:24 v.v.
28 Honig, A.G. De kosmische betekenis van Christus in de oecumenische discussies van het laatste decennium ... p.8-20.

As die kerk op die regte wyse ook na die hart en lewe van die Bantoe geluister het, sou baie waardevolle dinge wat God se algemene genade toon, opgemerk kon word in die ou kultuur.

Die vraag is verder of daar nie ook vir die Bantoe iets in 'n belydenis oor die verhouding tussen die Christelike geloof en die kosmos tot stand moet kom nie?[29]

Miskien is dit nou ook reeds tyd om te waak dat daar nie by wyse van reaksie teen die verwaarlosing van die dade van God in die algemene genade en openbaring, nou weer 'n oorbeklemtoning daarvan kom nie. Die leemte kan selfs reaksionêr vergoed word deur 'n houding soos dié van Sittler. Voorheen was daar die houding van hoogmoedigheid van die Weste teenoor die ou heidense kulture. Nou is daar reeds tekens dat die waardering van die ou heidense kulture te hoog geskat word. So kan daar ook te veel klem gelê word op die kosmiese betekenis van Christus en word uiteindelik weer die verkondiging van die Woord, die openbaring van God in sy Woord, onderbeklemtoon.[30] Die fout by baie in die nuwe Sendingteologie is om wat toegeskryf moet word aan die algemene genade en openbaring aan die besondere genade en openbaring toe te skryf, sodat tekens van Christus by die heidene gesien word.

Wanneer die kultuur en die wanbegrip en die foute van die sending as bydraende oorsake vir die ontstaan en groei van bewegings soos die Z.C.C. bespreek word, is dit ook noodsaaklik dat die aandag op paternalisme gevestig sal word. Oosthuizen sien

29 Oosthuizen, G.C. Die problematiek rondom die algemene openbaring met verwysing na die sendingwetenskap. **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, vol. 3 no. 3, p. 420.

30 Du Plessis, Lux Mundi 1, p. 79.

dit as een van die faktore wat tot die ontstaan van sulke bewegings bygedra het.[31] Dit is seker 'n onbetwisbare feit dat die opkomende nasionalisme en die dwang waaronder die kerk verkeer het toe die sendelinge dikwels moes vertrek omdat hulle uitheems was, eers die oë van die kerk geopen het daarvoor dat die kerk nie as 'n vreemde instelling kan en moet voortbestaan onder die volkere nie. Daar was wel ook tevore 'n oog daarvoor, maar die dringende noodsaaklikheid dat die kerk waarlik inheems moes word, het toe eers geblyk. Toe het dit eers met mening die voorneme geword om die magte en pligte aan die lidmate uit daardie volk oor te dra en om daar ware leiers uit hulleself te vind.

Hollis het oor paternalisme in Indië geskryf en veral op die gebrekkige kommunikasie gewys wat ook die gevolg was daarvan dat dit nie die inheemse mense was wat die Evangelie oorgedra het nie.[32] Hierdie swak kommunikasie het natuurlik ook in die Republiek van Suid-Afrika bestaan met die gevolglike oppervlakkige en soms verkeerde grondslag wat weer 'n vrugbare bodem geword het vir die groei van onafhanklike bewegings. Oordrag aan bekwame inheemse leiers kon dit grootliks uitgeskakel het.

Dammann sê dat oordrag wel moet plaasvind, maar met onderskeiding. Sekere aspekte van die werk van die georganiseerde kerk moet nie te gou oorgedra word nie, bv. lektuurverskaffing.[33]

---

31 Oosthuizen, G.C. Die konfrontasie met die onafhanklike kerklike bewegings ... (In Suid-Afrikaanse werkgemeenskap vir sendingwetenskap. Sendingwetenskap vandag. Lux Mundi, p.210)
32 Hollis, M. Paternalism and the church, p. 3 en 36.
33 Dammann, E. Das Christentum in Afrika.

Die bewerings van Coetzee wat reeds aangehaal is, is duidelike blyke dat kultuurverandering nie altyd verkeerd is nie. Kietzman het in 'n artikel in „Practical Anthropology" oor die noodsaaklikheid van kultuurverandering gehandel en ook aangetoon dat die Heilige Gees en die Woord die kultuur verander.[34]

Die omgekeerde van hierdie regte akkulturasie vind egter plaas en die kerk was nie betyds op sy hoede daarvoor nie. Dis nou die heidense kultuur wat weer herleef in die onafhanklike religieuse bewegings.

As sodanig moes dit eintlik onder die vorige hoofstuk behandel gewees het, waar oor die oue in die nuwe gespreek is. Hier word net weer daarna verwys omdat dit waar is wat Van der Merwe sê, nl. dat die kerk nie van hierdie verkeerde akkulturasie bewus was nie.[35]

Häselbarth sê dat die Z.C.C. se nuwe belangstelling in die Woord ook verklaar moet word uit hulle soeke na leiding in die kulturele ontwrigting.[36]

## 3 Oppervlakkige bediening van die Woord

Daar is reeds in die vorige afdeling na baie gebreke van die kerk, sending en sendelinge verwys. Hier sal net oor die tekortkominge in die bediening van die Woord gehandel word.

---

34 Kietzman, D.W. Conversion and culture change. Practical Anthropology, vol. 5, 1958, p. 203.

35 Van der Merwe, W.J. Die jongere kerke in Afrika en hul kultuursituasie. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, p. 131-141.

36 Häselbarth, op. cit., p. 17.

Daar moet baie ernstig rekenskap van gegee word of die ontstaan en groei van 'n beweging soos die Z.C.C. nie as een van sy grondoorsake die oppervlakkigheid in die bediening van die Woord het nie. Hierna is reeds verwys toe gehandel is oor die kultuurkontak wat 'n mate van kerstening meegebring het en die sending wat nie tegelykertyd kon tred hou met die dieper verkondiging van die Woord nie.

Die verkondiging van die Woord by die eerste ontmoeting met die heidene en die opvolgende leer het dikwels nie diep genoeg gegaan nie. So is die gelowiges nie deeglik genoeg in die Skrif geanker nie. Die Roomse kerk gee dikwels geen dieper onderrig nie, maar vertrou dat die Heilige Gees die gedooptes sal lei. Dit is ook soms praktyk by hulle om die kinders te doop en dan te vertrou dat die ouers later sal kom. Hierdie oppervlakkigheid het ook sy uitwerking op die Protestantse kerke. Soms is die oppervlakkigheid ook die gevolg van konkurrensie in dieselfde gebied. Daar is 'n gejaag na kwantiteit, en nie na kwaliteit nie, in die sendingwerk.

Luzbetak sê dat daar niks is wat so maklik sinkretisme in die hand werk as ongesonde kategese nie.[37]

Daar moet egter nie alleen op die foute van die sending en sendelinge gewys word nie. In die Republiek van Suid-Afrika is daar vir die oppervlakkigheid in die bediening ook die swaarwegende oorsaak dat die oes groot en die arbeiders min is. Daarom kon nie dieselfde tempo gehandhaaf word as waarteen die nominale kerstening deur blote kontak kon voortgaan nie. Baie van die bewegings groei op onvoldoende kennis van die Skrif. Hulle wil graag die bates van die Westerse

37 Luzbetak, op. cit., p. 128.

Christendom aanvaar, maar dikwels sonder ware bekering en met die minste inspanning.

'n Groot rol is ook gespeel deur die opvatting by baie Blankes dat die Bantoes maar altyd as 'n tweedeklas-Christen aanvaar sal moet word. Hierdie gesindheid het na twee kante nadelig gewerk. Ten eerste het dit die oorbrengers van die Evangelie nie tot grondige kerugma en didaskalia gedryf nie en ten tweede het dit sommige Bantoes self 'n renons gegee in die minderwaardige status van Christene waarin hulle moes voortgaan.

Die geweldige probleem van kommunikasie het natuurlik ook sy deel bygedra tot oppervlakkigheid in die oorbrenging van die Woord en seker dikwels ook tot wanbegrip gelei.

Die oppervlakkigheid as rede vir die ontstaan en aard van die Z.C.C. en ander soortgelyke bewegings moet egter nie net as foute van die Blanke gesien word nie. Nee, dit is seker so dat juis die oppervlakkigheid die aanloklikheid in die Z.C.C. geword het. Dit het miskien ook hiermee te make dat daar soveel ongeletterdes in die Z.C.C. is. Terselfdertyd moet erken word dat die kerk nog nie wetenskaplik genoeg werk met juis die ongeletterde om hom in die Christendom in te lei nie.

* * *

HOOFSTUK 8

## OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE Z.C.C.

## NIE-RELIGIEUSE OORSAKE

Voordat hierdie oorsake behandel word, moet eers weer gestel word dat ook hier nie sprake is van oorsake wat absoluut geen verband met die religieuse lewe het nie. Dit gaan hier om oorsake wat vanuit hulle oorsprong nie as religieuse faktore gesien kan word nie. Vir die Bantoe het dit egter direk verband met sy godsdienstige lewe. Vanweë die feit dat die hele lewe en die hele kosmos vir die Bantoe in sy tradisionele bestaan met veral die geeste te make het, is die verbintenis tussen elke aspek van die lewe en die godsdiens besonder nou.

Sekularisme het ook sy invloed gehad op die Z.C.C. Dit word deur Dammann beskryf as 'n geestelike beweging wat die terrein van die wêreldlike lewe skei van die geestelike. Hierdie ontwikkeling het in die Weste begin, maar het veral sedert die Tweede Wêreld-oorlog ook Afrika aangegryp.[1] Oor die hele kerklike wêreld is gevrees vir die sekularisme sedert 1928 toe by die Internasionale Sendingkonferensie van Jerusalem daaroor begin spreek is.[2] Die positiewe betekenis van sekularisasie is egter ook geleidelik uitgewys.[3]

---

1 Dammann, Das Christentum ... p. 157.
2 Ibid.
3 Ibid. Vgl. Honig, De kosmische betekenis ... p. 32 en 38.

Dammann wys die ontstaan van sekularisme op drie vlakke aan. Daar is 'n sekularisme wat inheems van oorsprong is en wat die lewe van die Bantoes meer deur 'n gees van humanisme laat bepaal. Hierdie beweging is nie sterk nie. Dit berei egter die weg vir die sekularisme wat in die tweede plek kom deur die Westerse tegniek en ontwikkeling en wat derdens ook deur die sending aangehelp is. Die sending het dit veral bevorder deurdat hulpmiddele soos skole los van die godsdiens gebring is. Godsdiensonderrig is van die lewe geskei.[4]

Die tragiek is dat die regte sekularisasie in die praktyk ook in Afrika gelei het tot absolute sekularisme. So het Christene die verantwoordelikheid teenoor God in hulle wêreldlike handelinge opgehef. Die wetmatigheid wat God in die skepping gelê het, is deur die ontwikkeling op alle gebiede verabsoluteer. So word die sekularisme dan 'n anti-goddelike krag. Sekularisme het eers meegebring dat mense op twee vlakke leef. Hulle het nog die religieuse op 'n van die lewe geskeide en ingeperkte vlak gehandhaaf, maar die verdere lewe was sonder God.[5] Dit het vir die Bantoe ook soms verder gevoer na sekularisme wat hom laat besef het dat hy vooruitgang sonder godsdiens kan geniet.

Maar die mens moet dan òf die tegniek òf die hele ontwikkeling tot sy god verhef, òf ander religieuse binding soek. Vir die Bantoe het dit dikwels daarop uitgeloop dat die sekularisme hom onveilig en bedreig laat voel het. So is hy teruggewerp op die ou godsdiens. Die feit dat baie aanhangers van die Z.C.C. uit stedelike gebiede kom, wys ook die invloed van die sekularisme.

---

4 Dammann, Das Christentum ... p. 157-158.
5 Ibid., p. 159.

Dit is wel goed dat wat die Bantoe betref die synde en die menslike aktiwiteite gedesakraliseer word.[6] Du Plessis meen dat hier iets bereik word wat die sending selfs in al die eeue nog nie kon bereik nie.[7] So moet ons ook sien dat God deur alles werk.

Met die sakralisering van die hele lewe is daar ŉ dwingende mag in die natuurorde wat die ganse menslike lewe aan bande lê. Dit word ŉ toestand van ontokrasie - die synde, wat deurtrek is van die goddelike, regeer. So word die hele lewe van geboorte tot dood vasgelê in ŉ tradisionele patroon waarvan nie afgewyk kan word nie. In hierdie ontokratiese patroon is die sosiale en die natuurorde ten nouste met mekaar verweef. Verder beweeg alles in ŉ sikliese gang wat met chaos begin en, mits die mens in samewerking met die goddelike kragte dit nie verhoed nie, weer in chaos eindig.[8]

Deur sekularisasie en tegnokrasie word nou so ŉ toestand bereik veral onder die stedelike Bantoe waar die synde onttroon word.[9] So is die Bantoe dan uitgelig uit die ou toestand waar alles nie net religieus geïntegreerd was nie, maar ook die goddelike in die hele kosmos teenwoordig was. Sekularisasie en tegnokrasie laat hom nou sonder ŉ god te staan kom. Maar volgens die Skrif moet die synde nie net onttroon word nie, maar die intronisasie van God moet geskied.[10] Daar kan ook nie met desakralisering van die ou heidense lewe volstaan word nie,

---

6 Du Plessis, Lux Mundi 1, p. 66.
7 Ibid., p. 66-67.
8 Ibid., p. 67.
9 Ibid.
10 Ibid.

maar die lewe moet aan die Here geheilig word. As die huis skoongemaak is, maar leeg bly, kom trek daar sewe ander duiwels in, slegter as die eerste.[11]

Wanneer die goeie uit die Westerse kultuur aanvaar word, mag dit nie daartoe lei dat hierdie kultuur van God geskei is nie.[12] Daar mag nie deur die koms van die ontwikkeling 'n proses ontstaan waarin die heidense sakralisering van alles oorwin word, maar dan net in 'n totaal ander uiterste verval word waar die Here van sy skepping en van die arbeid van sy skepsel heeltemal geskei is nie.

Tog het dit reeds ook onder die Bantoe juis begin toeneem dat hy van sy ou lewenspatroon, waarin alles heilig is, losgemaak is, en nou te staan gekom het voor die geweldige invloed van die Weste en 'n verbysterende tegniese ontwikkeling, maar hy het die weg nie gevind om hierdie dinge as gawes van die Here te aanvaar deur 'n ware geloof in God nie. So het die Bantoe in die stedelike gebiede dan ook sonder God en sonder 'n god geword, met net hierdie nuwe kultuur en beskawing wat op hom aandring.

Maar hiermee het die Bantoe dadelik die gevoel dat sy siel vermoor word. Eers was alles ten nouste met die godsdiens verbonde en nou is daar geen godsdienstige ankers nie. Daar word nou na 'n antwoord gesoek, 'n godsdienstige antwoord, op hierdie situasie waarin hulle beland het.[13] „Ongelukkig wil die meeste van hulle dit in die ‚separatistiese' sektes vind wat, ten spyte

---

11 Mat. 12:45. Vgl. Dammann, Das Christentum ... p. 159.
12 Du Plessis, Lux Mundi 1, p. 67-68.
13 Ibid., p. 71. Vgl. Welbourn & Ogot, p. 6.

van die Christelike elemente daarin, wesenlik heidens bly."[14]

So kan ook langs hierdie weg die sintese in die Z.C.C. duideliker verstaan word, bv. enersyds die aanskaffing van 'n woonwa van R14,000 en die skenking van R4,000 deur die Z.C.C. waarvan die rente gebruik moet word vir beurse aan behoeftige studente om aan die Universiteit van die Noorde te studeer, maar andersyds die binding aan die religieuse patroon van die Z.C.C. wat tot 'n groot mate op die tradisionele godsdiens teruggaan. Met die genoemde skenking word juis ook 'n sterk appèl gemaak op die meer geleerde en ontwikkelde Bantoe om met die Z.C.C. verbind te wees, hoewel lidmaatskap van die Z.C.C. nie 'n vereiste vir die toekenning van die beurs is nie.[16]

Pfeffer sê dat sekularisasie in die sin dat die tradisionele verhoudinge en religieuse gebruike losgelaat word en dat skepties oor die waarheidsgehalte van die godsdienstige leer gespreek word en dat daar nie-religieuse begronding van die sedelike lewe kom, na ongeloof voer.[17] Maar die mens kan in ongeloof nie lewe nie. Die Westerling kom dan tot 'n nuwe geloof, nl. nihilisme, maar die Bantoe word teruggewerp op sy tradisionele patroon.

Wanneer Guariglia die vraag beantwoord of die „invallende" beskawing 'n antwoord van die „Heilserwartungsbewegungen" kry in die sin dat lg. as reaksie tot stand kom teen die inval, kom hy tot die gevolgtrekking dat dit maar gedeeltelik die geval is.[18]

---

14 Du Plessis, Lux Mundi 1, p. 71.
15 Schlosser, Profane Ursachen ... p. 41.
16 Ibid.
17 Pfeffer, op. cit., p. 201.
18 Guariglia, G. Prophetismus und Heilserwartungs-Bewegungen als völkerkundliches und religionsgeschichtliches Problem, p. 262.

By die meeste van die bewegings speel 'n neiging tot integrasie 'n rol.[19] Daar is akkulturasie wat daarop neerkom dat in die Z.C.C. bv. die resultaat gesien moet word van Westerse beskawing wat met die tradisionele verbind word. Die pad wat egter geloop word, is dikwels eers deur die posisie van sekularisme om uiteindelik by hierdie nuwe integrasie of sintese te kom.

'n Ander nie-religieuse faktor wat i.v.m. die ontstaan van onafhanklike religieuse bewegings onder die Bantoe genoem word, is apartheid (afsonderlike ontwikkeling, rasseskeiding, niegelykheid). Veral omdat daar juis in die Republiek van Suid-Afrika so baie van die bewegings is, is dit nodig om nader in te gaan op die rol wat afsonderlike ontwikkeling in die ontstaan van diê bewegings hier gespeel het.

Sundkler het apartheid as die worteloorsaak van die bewegings in Suid-Afrika gesien.[20] Dit is maklik om die verbinding te maak wat hy gemaak het, nl. dat die bewegings in Suid-Afrika so veelvuldig is, en daarom moet dit in verband staan met 'n beleid wat eie aan diê land is.

Hierdie opvatting van Sundkler het baie navolging gevind. Geiss vereenselwig hom daarmee en sê dat die groot ekonomiese en militêre mag van die Blankes in die Republiek nog verhinder het dat daar 'n gewelddadige uitbarsting van die Nie-blanke meerderheid kom, maar dat as voorloper en plaasvervanger vir politieke onafhanklikheid 'n groep van religieuse bewegings gekom het.[21]

---

19 Guariglia, op. cit., p. 264.
20 Sundkler, op. cit., p. 32.
21 Geiss, I. Die christliche Mission in Afrika und ihre sozialen Auswirkungen, p. 12.

Deur verskeie persone word die religieuse Bantoe-bewegings as plaasvervangers vir politieke onafhanklikheid en uitlewing van politieke ideale beskou.[22]

Dat apartheid nie 'n grondoorsaak is nie, word alreeds bewys deur die feit dat die bewegings ook buite Suid-Afrika en oor die hele wêreld bestaan. Oosthuizen toon aan dat Sundkler hierdie enkele faktor te veel beklemtoon.[23] Sundkler het nie die proses van akkulturasie as oorsaak in sy volle gewig gesien nie. Eiselen, Oosthuizen, Guariglia[24] en ander toon egter aan dat dit van die grootste belang is. Juis in die Republiek van Suid-Afrika waar die kontak so geweldig groot van omvang was, is dit ook nodig dat die belang van hierdie kultuuraanraking na waarde geskat sal word. Barrett verwerp dan ook die bewering dat apartheid hier diê grondliggende faktor is deur te wys daarop dat die afskeidings by die N.G. Kerk wat hierdie afsonderlike ontwikkeling steun, minimaal was en by ander kerke wat nie afsonderlike ontwikkeling steun nie, veel groter.[25]

Dit is egter waar dat afsonderlike ontwikkeling, of om dit meer algemeen te stel: die hele verhouding tussen Blank en Nieblank in die Republiek van Suid-Afrika, wel 'n rol gespeel het en nog speel in die ontstaan en groei van die religieuse bewegings.[26] Dit is ook bekend dat 'n groep mense wat vyandig teen die Blankes was, hulle by Edward Lekganyane aangesluit het, maar later toe hy opleiding van Blankes ontvang het, weer weggebreek en by Joseph gaan aansluit het.

---

22 Schlosser, Eingeborenenkirchen ... p. 1.
Martin, op. cit., p. 166.
23 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 34 en 77.
24 Eiselen, op. cit., p. 73.
Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 34.
Pfeffer, op. cit., p. 197.
25 Barrett, op. cit., p. 95 en 97.
26 Oosthuizen, Post-Christianity ... p. 31.

Behalwe die beskawingsontmoeting met sy gevolge en die beleid van rasseskeiding kan daar ook nog baie ander oorsake gevind word wat kon bygedra het tot die ontstaan en groei van die religieuse bewegings. Schlosser behandel 'n hele reeks faktore, wat sy profane oorsake noem, vir die aansluiting van mense by die messiaanse bewegings.[27] Reeds waar sy hierdie profane oorsake in 'n indeling probeer saamvat, is dit duidelik dat hulle geensins almal profaan is nie.[28] Selfs as nie-teologiese faktore sou alles wat sy daar noem, nie kon deurgaan nie.

Wanneer Schlosser op die verskillende faktore wat profaan is, ingaan, noem sy o.a. die weiering van geleerde Nie-blankes om onder Blankes voort te gaan, die werk van agitators, die blote gejaag na meer lidmate, die aantrekkingskrag van die leiers, die toelating van poligamie en selfs so iets soos bedrog met die inskryf van name in die registers.[29]

Die Z.C.C. moet seker ook gesien word as 'n beweging wat om heeltemal ander redes as net die religieuse ook aantreklik is. Die propagandareise, die orkes, die groot feeste spreek alles tot die kinderlike gemoed van baie Bantoes. Die rykdom van die leier, wat ook die rykdom van die beweging is, word iets waarin hulle eie armoede vergeet kan word.

* * *

---

27 Schlosser, Profane Ursachen ... p. 31-45.
28 Ibid., p. 31.
29 Ibid., p. 31-45.

HOOFSTUK 9

## OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE Z.C.C. POGINGS TOT 'n SINVOLLE SINTESE

Wanneer na die redes vir die huidige bestaanswyse van die Z.C.C. gesoek word, moet ons in die skoene van die Bantoe gaan staan, vra wat hy beoog het en sien hoedat die beweging in die behoeftes, wat hy bewus of intuïtief aangevoel het, voorsien. Die Bantoe het voor die situasie te staan gekom waar hy terugkyk na die ou wêreld waaruit hy kom en wat in die lig van die nuwe nie meer deug nie, maar aan die anderkant staan hy voor 'n nuwe wêreld wat ook nie deug nie. Hy bevind hom tussen twee wêrelde. Sierksma spreek van die posisie van innerlike gespletenheid waarin die mense van die „primitiewe" kulture te staan gekom het.[1]

Tot in die vorige eeu kon die Bantoe betreklik ongesteurd deur Westerse invloede voortgaan, al was daar reeds vir eeue kontak. In die vorige eeu het die sending baie sterk begin deurwerk en het daar vinniger aanraking met die Christendom en die Westerse kultuur gekom. Maar veral in hierdie eeu, en teen 'n versnelde tempo in die afgelope paar dekades, het die Westerse kultuur en tegniek só vinnig op die vasteland van Afrika deurgedring dat die Bantoe verbluf en ontwrig te staan gekom het voor die krag waarmee dit hom beïnvloed en losgeruk het van sy ankers.

1 Sierksma, op. cit., p. 110.

So het daar geen ander keuse oorgebly as om uit die verlede wat nie deug nie, en die hede, wat ook nie deug nie, 'n oplossing te probeer vind nie. Veral toe die vinnige ontwikkeling van kultuur en tegniek sekularisme tot gevolg gehad het, het die Bantoe totaal ontwrig gevoel. Die krag van die nuwe was egter so dat hy nie daaraan kon ontkom nie, en nou het hy hiervandaan die hand na die verlede teruggesteek om weer religieus geankerd te voel. Hierdie oplossing word grootliks intuïtief, maar ook bewustelik saamgestel uit die oue en die nuwe.[2] Hulle het aangevoel dat sowel die een as die ander hulle ondergang kon beteken. Om in die oue te bly, sal vir hulle die lewensmoontlikheid in hierdie eeu ontneem. Om geheel in die nuwe op te gaan , sal vernietiging beteken van alles wat in die ou godsdiens en kultuur as waardevol beskou is. 'n Sinvolle sintese was noodsaaklik om die Bantoe te laat tuis voel in die wêreld van vandag.

Uit die oogpunt van die Bantoe is hierdie nuwe keuse vir hom dus 'n sinvolle sintese. Intuïtief voel hy aan dat die bedreiging van lewenskrag deur in die aangesig van die nuwe wêreld in die oue te bly, of deur totaal in die nuwe op te gaan, nou deur hierdie sintese afgeweer word. Van die kant van die Woord van God gesien, word dit egter weer niks anders as outosoteria nie, 'n poging tot selfredding. Wat as sinvolle sintese van die Bantoe se kant gesien is, is dan niks anders as sinkretisme nie waarin die kern van die Christendom, die geloof dat die koninkryk in Christus kom, uitgeskakel word.

Baie van die ou dinge wat in die bewegings voortbestaan, moet dus ook vanuit hierdie oogpunt gesien word, nl. dat dit saam met die nuwe 'n veilige toekoms verseker.

---

2 Pfeffer, K.H. Welt im Umbruch, p.228.

Die sending het met die standpunt van òf ... òf gekom. Daar moes volledig uit die ou heidendom na die Christendom oorgestap word. Soms is selfs die waardevolle van die tradisie ook verwerp omdat „beskawing" saam met die Christendom 'n gelyke rol gespeel het. Dan was die antwoord van die Bantoe, wat bewegings soos die Z.C.C. betref, nie die een of die ander nie, maar èn ... èn.

Christus het gesê dat die mens van brood alleen nie kan lewe nie, maar dit blyk telkens dat die mens van doopwater alleen ook nie kan lewe nie.[3] Godsdiens moet met die lewe verband hou. Religie is die min of meer omvattende orde wat die lewe grondves, rig en integreer. Met behulp van religie versterk die primitiewe mens sy lewe en verset hy hom teen die magte wat die lewe bedreig.[4] Sierksma verduidelik met voorbeelde hoedat dit dikwels nie bekering was wat massabewegings na die Christendom laat ontstaan het nie, maar die tegniese meerderwaardigheid van die Blanke.[5] Die vlotheid waarmee die Christendom dikwels oorgeneem word, kan 'n mens laat dink dat die ou godsdiens maar soos 'n ou jas uitgetrek kan word. Hier kom 'n mens egter te staan voor die ernstige probleem van vorm en inhoud by die proses van akkulturasie.[6] Die prinsipe van seleksie wat by akkulturasie so 'n groot rol speel, is ook van toepassing op godsdienstige verskynsels.[7]

Van die Indiaanse Shakers sê Barnett: „The truth is that the Shakers have struggled to weave a new fabric out of the

---

3 Sierksma, op. cit., p. 92.
4 Ibid., p. 94.
5 Ibid., p. 95.
6 Ibid., p. 96.
7 Ibid., p. 97-98.

strands drawn from two religious systems, and in attempting to maintain its distinctiveness they have renounced quite as much as they have embraced."[8] Hulle het selfs die Doop, die Nagmaal die leer van die Drie-eenheid en die hel verwerp, maar wil tog Christene genoem word.[9]

Behalwe seleksie vind ꞌn mens ook steeds ꞌn ander prinsipe werksaam by akkulturasie, nl. herinterpretasie. Ook dit is van toepassing in die religieuse lewe. Met herinterpretasie probeer die mens om die oneffenhede en teenstrydighede van die twee botsende kulture uit te skakel. Daar word sintese geskep te midde van baie antiteses.[10]

Sierksma kom tot twee baie belangrike gevolgtrekkings, nl. dat daar ꞌn duidelike paralellisme is tussen algemeen-kulturele en religieuse aspekte van die akkulturatiewe situasie, histories en prinsipieel,[11] en ten tweede dat die verdedigingsmiddele van seleksie en herinterpretasie, wat op tegniese, ekonomiese, sosiale en politieke terrein nooit toereikend is om disintegrasie en konflik te voorkom nie, op suiwer religieuse gebied altyd toereikend is.[12] Hier is dan ꞌn belangrike rede waarom juis op religieuse gebied die bewegings onder die Bantoe so floreer.

Ontwrigting en geestelike gespletenheid kan die redes wees vir die soeke na ꞌn nuwe sintese, maar in die Afrika van bloeiende nasionalisme is dit ook so dat agter die seleksie en her-

---

8 Sierksma, op. cit., p. 98.
9 Ibid.
10 Ibid., p. 99.
11 Ibid., p. 107.
12 Ibid., p. 109.

interpretasie dikwels die nasionale trots werksaam is.[13] Dit staan in nou verband met wat Jahn sê, nl. dat kultuurkontak ook weer die Afrika-kultuur gestimuleer en laat herleef het.[14] Uit die sintese wat die Bantoe dan skep, kom weer optimisme en vertroue vir die toekoms, want die Afrika-intelligensie sien 'n taak daarin om uit sy eie verlede aan die toekoms te gee en om ook van die wêreld te ontvang.[15]

Waar seleksie in die proses van akkulturasie werksaam is, is dit so dat daar nie net selektief uit die eie tradisie geneem word nie, maar ook uit die nuwe godsdiens en kultuur waarmee die Bantoe gekonfronteer word.[16]

By die Z.C.C. is dit duidelik dat daar 'n sterk poging tot sintese is. Seleksie en herinterpretasie is duidelik aanwysbaar. Vorm of inhoud is dikwels die heidense wat ten diepste in konflik met die Christelike te staan, maar hier tot 'n nuwe geheel saamgebring word.

Christof Hanekom gee in sy doktorale proefskrif in 'n praktiese voorbeeld van 'n gebed 'n roerende voorbeeld van hoedat die nuwe sintese ook in 'n kerk kan voortbestaan. Hier is dit die sintese wat tussen die voorvadergeeste (badimo) en die God van die Skrifte gevind word: „Ek het gekom badimo.... Die nuwe godsdiens van die witman het na ons gekom. Maak julle dit vir ons oop om daarin te gaan. As julle geleef het, sou julle ook

---

13 Pfeffer, op. cit., p. 229.
14 Jahn, op. cit., p. 237.
15 Ibid., p. 238.
16 Welbourn, East African rebels, p. 181.

na die witman se kerk gegaan het. Pas vir ons op in die witman se kerk. Ons eer julle nog soos ons julle altyd geëer het... Laat ek so maak dat die Naam van die Here Jesus vereer word... Daar sal bees geslag word... Gee vir ons reën."[17]

Sekere Christelike vorms is in die Z.C.C. oorgeneem maar is gelaai met 'n heidense inhoud. Die Doop word as 'n baie belangrike element in die beweging beskou, maar het grootliks die Skriftuurlike betekenis verloor. Die magiese krag van water - soos die tradisie geglo het - bly hier voortbestaan. Daarom word by die Z.C.C. ook eers oor die doopwater gebid soos by ander bewegings die geval is.[18] Die water moet ook volgens die heidense bygeloof by voorkeur lopende water wees anders is dit onrein. Verder vind by die Doop ook reinigingseremonies plaas soos bloedlating waardeur die onreinheid uit die liggaam uitgaan. Nou verwant hiermee is ook die genesingskrag wat aan water waaroor gebid is, toegeken word. Dat in die Christelike godsdiens water by die Doop gebruik word, word nou nie net aanleiding tot misbruik van die Doop nie, maar die water word ook op 'n ander terrein behou as geskikte element waarin die ou heidense gedagtes kan voortleef, nl. as genesende water.

Volgens inligting wat bekom kon word, het ook die Nagmaal 'n vorm geword wat tot 'n groot mate met heidense inhoud gevul is. Vroeër is reeds die vermoede uitgespreek dat die Nagmaal met kraggewing te make het. Hierbenewens is daar getuienis dat

---

17 Hanekom, C. Die huidige stand van die tradisionele godsdienspatroon by die Mamabolo, p. 204-205. Vgl. Van der Merwe, op. cit., p. 136.

18 Sundkler, op. cit., p. 206.

die Nagmaal in die nag, of die aand laat gevier word, deur voetwassing vooraf gegaan word, en dat dit ook in 'n spesiale plek gevier moet word.

Die Bybel word aanvaar, maar is dikwels van waarde as 'n magiese middel en nie weens sy geopenbaarde inhoud nie. Sowel Van Rooy as Schlosser toon dit aan.[19] Daarom word dit as noodsaaklik beskou dat die Bybel besit moet word, maar die inhoud is van weinig belang. Van Oos-Afrikaanse stamme meld Welbourn dieselfde. Die Christelike godsdiens en die Bybel is wyd-verspreid ontvang, maar albei was onderworpe aan reïnterpretasie in terme van die „Christelik-Afrikaanse" kultuur.[20]

Op die gebied van taboe is 'n wye terrein wat aangehaal kan word van hoe die Z.C.C. die sintese tussen die oue en die nuwe probeer bewerk. Die taboe het in die tradisionele godsdiens åltyd bestaan. Nou word dit met die Bybel gekombineer. Daarom is daar soveel verbiedinge. Varkvleis mag nie geëet word nie, sterk drank mag nie gebruik word nie, diere mag nie anders geslag word as wat in die Mosaïese voorskrifte geleer word nie. Daar bestaan ook baie ander „mag nie's" en „moenies" wat die geleentheid bied om tussen heidendom en Christendom 'n brug te bou.

Veelwywery is 'n ander gebied waar ook die ou heidense gewoonte met 'n beroep op die Bybel ingevoer word. Vir die Bantoe het dit betekenis i.v.m. lewenskrag as hy meer vrouens kan aanhou, en nou kan hy dit doen met 'n beroep op die Bybel, al verstaan hy die Bybel nie reg nie.

---

19 Van Rooy, op. cit., p. 45.
Schlosser, op. cit., p. 184.

20 Welbourn, East African rebels, p. 200.

Die sintese kom ook nog tot uitdrukking op baie ander gebiede wat hier net kortliks aangestip word. Daar is die poging om die heidense geeste-idee te kombineer met die Heilige Gees.[21] Daar is die terme wat uit die Skrif geneem word maar met 'n ander inhoud gelaai word, bv. die biskop wat prakties 'n Bantoe-opperhoof word. Daar moet selfs beweer word dat die Z.C.C. in sekere sin 'n uitdrukking is van sintese tussen Bantoe-afhanklikheid en Blanke-oorheersing want hierin kan die Bantoe homself weer verwesenlik. Iets van sy ou politieke onafhanklikheid kan nou weer in die religieuse beweging beleef word. Wat die wyse van die beoefening van godsdiens betref, moet ook vermeld word dat hulle 'n nuwe sintese tussen die dorder beoefening van die godsdiens deur die Blankes en hulle meer emosionele beoefening daarvan gevind het.

Kenmerkend van die Z.C.C. is hoedat hulle ook tussen die heidendom en die Christendom 'n nuwe sintese gevind het in die sin dat hulle beweging oor die stamverbande heen strek. Die Christendom kan nie beperk wees tot 'n stam nie, dit het hulle ook gegryp uit die nuwe, maar nou het hulle die algemene Bantoe-tradisie van inrigting en organisasie gaan behou en dit laat uitstrek oor die stamgrense heen. Hier is iets wat nie op so 'n skaal by ander soortgelyke bewegings voorkom nie.

Die ontvange Westerse tegniek word ook in 'n harmonieuse eenheid met die oue saamgetrek. Sigbaar kom dit duidelik tot uitdrukking in die geboue en die vervoermiddels wat deur die beweging as noodsaaklik beskou word, maar tog in diens staan van 'n godsdiens wat sterk aan die tradisie verbonde is.

---

21 Vgl. Turner, op. cit., dl. 2, p. 137.

Die Z.C.C. het hierdie sintese wat vir hulle sinvol is hoofsaaklik in 'n onbewuste proses voltrek.

* * *

Samevattende konklusie oor die Z.C.C.

Samevattend kan ten eerste van die Z.C.C. gesê word dat dit geen regte godsbegrip het nie. Sowel wat betref die opvatting van die Drie-enige God as van die Persone van die Vader, Seun en Heilige Gees is daar ernstige dwalinge. Ten tweede moet ook gesê word dat die kerkbegrip hier 'n totale proses van verwringing ondergaan het sodat die Z.C.C. nie as kerk gekwalifiseer kan word nie, maar eerder 'n nuwe stameenheid geword het.

Daar is weinig besef van sonde en dus ook weinig soeke na versoening wat genade meebring. Die element van verlossing funksioneer net in sover daar van die nood van hierdie lewe verlos moet word. Eskatologiese uitsig is daar nie. Die gedagtes oor Christus wat gekom het en wat weer sal kom, funksioneer nie. Daar is nie begrip dat Hy gekom het as die Een wat die gerig gedra het en versoening gedoen het, en wat weer sal kom as die Een wat gerig kom uitoefen nie. Dat die kerk deur die Gees en Woord gelei word na hierdie tweede koms, is vir hulle nie duidelik nie.

Tog vind die Bantoe in hierdie beweging 'n tuiste. Maar dis 'n tuiste wat hulle self geskep het uit die ou erfenis en die nuwe ontvangste, en waarin sekere faktore van buite hulle ook onbewus help stoot het. Hulle voel tuis omdat daar ook die oppervlakkige skyn van die Christelike kerk is. Aan die

oorwinnende koms van die Evangelie kon hulle nie ontkom deur dit geheel te verwerp nie. Maar hulle voel dan ook tuis omdat hulle dit vir hulleself gemaak het tot 'n tuiste deur 'n maklike samevoeging van heidense en Christelike elemente wat nie die toets van die Woord kan deurstaan nie. Dis geen geborgenheid in God en vrede met God nie, maar „a place to feel at home" wat hulle vir hulleself geskep het.

* * *

HOOFSTUK 10

# DIE TAAK VAN DIE KERK

Watter algemene lesse kan die kerk nou t.o.v. die sendingwerk uit hierdie aard van die Z.C.C. leer?

Veral drie standpunte sal ingeneem **kan word** wat bepalend sal wees vir die houding wat teenoor die Z.C.C. en soortgelyke bewegings ingeneem kan word. Wie met Sundkler saamstem dat die grondoorsaak vir die bestaan van die bewegings in Suid-Afrika die skeiding tussen rasse is, sal in sy Christelike arbeid met die bewegings hom dan ook teenoor afsonderlike ontwikkeling moet stel. Maar dit het reeds geblyk dat in die ontstaan en groei van die bewegings hierdie beleid maar ten dele bygedra het daartoe dat daar vandag so 'n groot aantal bewegings is.

In die tweede plek kan saam met Barrett die fout nog steeds as diè van die Christendom gesien word, maar dan net vanuit 'n ander hoek as wat Sundkler dit sien. Tog bly dit dan die grondfout wat deur die kerk van die Here gemaak is, nl. dat die liefde gefaal het in die groot kultuurbotsing. Hoewel hierin 'n baie meer omvattende oorsaak gesien moet word as in afsonderlike ontwikkeling of rasseskeiding, moet in die ingewikkelde samestelling van oorsake ook hierdie oorsaak nie sô beklemtoon en as basiese oorsaak gesien word nie. Hollis het gesê dat daar 'n tyd was toe gemeen is dat die weiering van die volke om die Evangelie aan te neem uitsluitend deur die gebreke van die Christen-

dom veroorsaak is of dit nou die sendelinge is of die Westerse Christendom. Daar is selfs gesê dat Christus trek maar die kerk stoot weg.[1] Hierin lê dan eintlik opgesluit dat die toekomstige arbeid van die kerk tot ʼn groot mate vanuit ʼn skuldkompleks gemotiveer sal word.

As daar vanuit ʼn sentrale punt oor toekomstige optrede met betrekking tot die Z.C.C. en ander bewegings besin moet word, sal daar eerder ʼn derde weg gevolg moet word. Hulle sal moet gesien word, soos Beyerhaus en Hollis sê, as sondige mense wat ʼn antwoord op die Evangelie gee. Hulle antwoord is die huidige vorm waarin hulle bestaan.

Wat in die Z.C.C. voorkom, is nie iets nuuts nie. Dit is ook nie iets van hierdie eeu nie, of wat vir die eerste keer kom in die oorbrenging van die Evangelie deur die Weste aan die gekleurde volke van die wêreld nie. Paulus het met wesenlik dieselfde saak te make gehad toe hy aan die Galasiërs geskryf het. Die diepste agtergrond tog is hier dat die Evangelie van Jesus Christus verruil word vir ʼn ander evangelie, terwyl daar tog geen ander is nie. Dis Christus wat gekom het en wat weer kom wat aan die wêreld verkondig word. En dis Christus as die enigste Middelaar en as Regter wat sal kom wat ook hier verwerp word.

Die Galasiërs sou hulleself seker ook nog na hulle dwaling Christene wou noem. Tog sê Paulus vir hulle dat hulle met ʼn verdraaide evangelie besig is.[2] En hy spreek die uiters strenge

---

1 Hollis, op. cit., p. 33.
2 Gal. 1:7.

woorde uit: „Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!"[3] Satan het reeds met die Galasiërs die weg gevolg dat hulle antwoord nie sou wees dat die saligheid deur Christus alleen is nie, maar deur Christus plus die wet, veral die besnydenis. In wese is dit dieselfde wat ook in die Z.C.C. gebeur. Net hier is dit veel verder in die sin dat die „wet" geheel en al red en Christus nog net met die mond erken word. So was dit vir die grootste deel in die geskiedenis van die Z.C.C. en is dit nog by die groot massas.

Terwyl die kerk nie as 'n kerk wat deur 'n skuldkompleks swak gemaak is met die Z.C.C. en ander sulke bewegings mag gaan werk nie, maar met krag moet werk in opdrag van die Koning van die kerk en met die versekering dat Hy al die dae van die wêreld tot aan die voleinding met ons sal wees,[4] moet daar egter ook die bewussyn van die kerk wees dat hy as strydende kerk ook nog sondige kerk is en daarom moet hy homself ondersoek en sy metodes verander as dit die toets van die Woord nie kan deurstaan nie.

In die vervulling van sy taak sal die kerk geroepe wees om af te breek en om op te bou. Daar sal moet afgebreek word aan die verkeerde metodes, die sonde van die kerk in die oorbrenging van die Evangelie, en daar sal moet afgebreek word die outosoteriese gesindheid wat daar in die Z.C.C. bestaan. Maar die kerk sal ook moet opbou, opbou deur kerugma en didaskalia.

---

3 Gal. 1:8.
4 Mat. 28:20.

Die literatuur het groot klem gelê op die feit dat daar in die kultuurbotsing, in die ontwrigting van die Bantoe, die nodige kennis en begrip vir sy verlede en ontwrigte posisie moet wees. Dit moet sterk beklemtoon word dat hierdie begrip daar móét wees. Veral moet die Bantoe gesien word as mens met wie God reeds besig was voordat die Evangelie aan hom deur die Blanke verkondig is. Die verkondiging van die Evangelie moet by die algemene openbaring en algemene genade van God aansluit.[5] Wanneer hiertoe 'n ernstige poging aangewend word, dan sal vanself die waardevolle in die kultuur van die Bantoe behou word. Dan sal die Blanke ook daarvoor behoed word om saam met die Evangelie sy beskawing en sy kultuur as die enigste wat reg is, oor te plant op die Bantoe.

Hierdie beklemtoning van die kennis en begrip moet egter ook krities besien word. Die waarde daarvan sal nie onderskat mag word nie. Maar tog kan die kerk nie daarop díé klem laat val nie. Nie begrip van die Bantoe, van die mens aan wie die Evangelie verkondig moet word, kom eerste nie, maar die suiwere en grondige verkondiging van Christus. Basies openbaar die heidene altyd dieselfde eienskappe. Paulus het wel 'n goeie kennis gehad van die volke met wie hy in aanraking gekom het. Dit blyk daaruit dat hy die Kretense goed kon tipeer en ook dat hy die Grieke vanuit hulle kultuursituasie kon benader. Maar die klem het tog daarop geval dat die Evangelie verkondig moet word tydig en ontydig, dat daar moes weerlê word, dat daar moes bestraf word.[7]

---

5 Bavinck, Inleiding ... p. 140.
6 Titus 1:2.
Hand. 17:22-29.
7 II Tim. 4:2.

Vir die kerk het dit besondere betekenis. Dis nie die werk van etnoloë wat deur die kerk in die eerste instansie gedoen moet word nie, maar die Evangelie moet verkondig word. Daarom is die opleiding van leraars so belangrik. Deur die inheemse leraars te gebruik, kan daar oor die hele wêreld beter kommunikasie kom. In die Republiek van Suid-Afrika is dit die groot behoefte dat daar genoeg arbeiders vir die oes sal wees. Groot getalle mense het deur oppervlakkige aanraking met die Evangelie, of liewer met die Christendom, die Christen-naam aangeneem, maar daar was nie altyd sprake van ware wedergeboorte en bekering nie. Dis 'n toestand wat vergelykbaar is met die tyd na Konstantyn die Grote.

Die een groot taak wat die kerk dus moet onderneem, is om onophoudelik, met krag, met volmag, as gesante van Christus die Evangelie te verkondig.

Dit spreek vanself dat nie net die kerugma daar moet wees nie, maar ook die didaskalia. Dit is korrek as juis ook t.o.v. die Bantoe beweer word dat die didaskalia nie altyd met die regte beplanning en volharding deurgevoer is nie. Dink bv. aan die verwaarloosde posisie wat die Ou Testament in die meeste gevalle moes beklee! Dink aan die minderwaardige liedere wat gesing is en dit terwyl juis by die Bantoe die krag van die lied nie oorskat kan word nie!

Die kerk moet bewus wees daarvan dat in die koninkryk van God die eer en die heerlikheid van die nasies moet inkom.[8]

---

8 Du Plessis, Lux Mundi 1, p. 78.
Openb. 21:24,26.

Die Christendom moet nie net die aard van van een wêreldbeskawing weerspieël nie.[9] Omdat God ook in die verlede met die Bantoe gewerk het, sal daar ook waardevolle dinge uit sy geskiedenis geneem kan word wat mag voortbestaan in die kerk.

Du Plessis sê in 'n raak siening oor die verwerping van die goeie dinge uit die lewe van die Bantoe die volgende: „Waar baie Bantoes alreeds ly aan 'n minderwaardigheidsgevoel as gevolg van die skimpe dat hulle eiendomlikhede asook hulleself minderwaardig is, en waar hulle self besef dat hulle kennis, bekwaamheid en ervaring sleg afsteek by dié van die Blankes, is dit vir 'n gesonde ontwikkeling en ontplooiing 'n dodelike gevaar as nog verder sout in die wonde gevryf word deur hulle en hulle kultuur te wil laat verdwyn in die wêreldbeskawing."[10]

Daar is reeds gewys daarop dat ook die Bantoe sekere kultuurgoedere wat sy eie was, moet laat vaar en dat hy ander moet oorneem om sy plek in die koninkryk van God te kan inneem. Volslae oorname is egter net so gevaarlik soos totale verwerping van die eie.

